



Die Brits-Israeli beweging onder wit Afrikaanssprekendes: Vorming van identiteit in die “Nuwe Suid-Afrika”

L Meyfarth

 **orcid.org 0000-0002-2309-3612**

Dissertation accepted in fulfilment of the requirements for the
degree *Master of Theology in Pastoral Studies* at the North-
West University

Supervisor: Prof M Nel

Graduation ceremony: May 2019

Student number: 26796988

VOORWOORD

Hierdie studie was interessant en het baie geopenbaar aangaande die aard van kultuur, asook die aard van die Afrikaner kultuur. Die bevindings wat gemaak was deur die loop van die studie het weereens die belangrikheid van korrekte interpretasie deur die eksegeese van die Bybelse tekste beklemtoon, asook die gevaar sou dit nie gedoen word nie.

Dankbetuigings

Graag bedank ek my studieleier, Prof. Marius Nel, vir al sy harde werk en insae
Dankie ook aan my man, Duncan Meyfarth, vir sy geduld en ondersteuning deur die loop van die studie.

OPSOMMING

Daar is 'n waarneembare toename in die Israel-Visie (Brits-Israeli) beweging in Suid-Afrika. Menige kerklidmate word gekonfronteer met die beweging se ideologieë en sommige verlaat hul gemeentes. Waarom is daar so 'n beduidende groei onder die groep? Dié studie ondersoek literatuur om die wortels en essensie van die beweging te beskryf met die doel om te vra na moontlike oorsake vir die gewildheid daarvan onder Afrikaanssprekendes. 'n Belangrike bevinding is dat daar onder wit Afrikaanssprekendes 'n soeke na identiteit is ná die totstandkoming van die Nuwe Suid-Afrika wat Afrikaanssprekendes se magsbasis suksesvol geërodeer het, en dat die Israel-Visie vir sommige daardie soeke vervul.

Sleutelwoorde

Abrahamitiese verbond; Afrikaners; Brits-Israeli; Eksklusiwiteit; Inklusiwiteit; Israel-Visie; Waardes; Wit teologie.

ABSTRACT

There is an observable increase in the numbers of the Israel-Vision (British-Israeli) movement in South Africa. Many church members are confronted with the ideologies of this movement and leave their churches as a result. Is there a reason for the increasing popularity of this group? This study did a literature study to understand the roots and essence of the movement in order to understand the reason it is so popular under Afrikaans speaking South Africans. An important finding was that white Afrikaans speaking South Africans are searching for identity after the establishment of the New South Africa which resulted in Afrikaans speaking South Africans to lose their place of authority, and that for some the Israel Vision has fulfilled this search.

Key terms

Abrahamic covenant; Afrikaners; British Israeli; Exclusivity; Inclusivity; Israel Vision; Values; White theology

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD EN DANKBETUIGINGS.....	II
---	-----------

OPSOMMING EN

SLEUTELWOORDE.....	III
---------------------------	------------

ABSTRACT AND KEYWORDS	IV
------------------------------------	-----------

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN MOTIVERING VIR STUDIE	1
---	----------

1.1 Agtergrond en rasonaal van die studie.....	1
---	----------

1.2 Sleutelkonsepte.....	1
---------------------------------	----------

1.3 Navorsingsprobleem, doelstelling en doelwitte	3
--	----------

1.3.1 Navorsingsprobleem.....	3
--------------------------------------	----------

1.3.2 Doelstelling.....	9
--------------------------------	----------

1.3.3 Doelwitte.....	9
-----------------------------	----------

1.4 Die sentrale teoretiese argument.....	9
--	----------

1.5 Navorsingsontwerp/metodologie.....	9
---	----------

1.6 Etiese oorwegings.....	10
-----------------------------------	-----------

HOOFSTUK 2 DIE OORSPRONG EN BELANGRIKSTE KENMERKE EN VAN DIE BRITS-ISRAELI BEWEGING.....	11
---	-----------

2.1 Oorsprong van die Brits-Israelibeweging.....	11
---	-----------

2.2 Die belangrikste kenmerke en ideologiese leerstellings van die beweging.....	14
---	-----------

2.2.1 Bybelse gronde vir die geloofstelsel van die Brits-Israeli ideologie.....	14
--	-----------

2.2.2 Die tien stamme van Israel is die voorvaders van Brittanje, asook Britse kolonies.....	35
---	-----------

2.2.3	Jode is nie die ware Israel nie.....	36
2.2.4	Eskatologiesedeterminisme.....	37
2.2.5	Bybelse beloftes vir die ware Israel en uitverkorenes van God.....	38
2.3	Groei en verspreiding van die Brits-Israeli beweging wêreldwyd en spesifiek in Suid-Afrika.....	38

HOOFSTUK 3 MOONTLIKE OORSAKE VIR DIE TOENAME IN DIE AANHANG VAN DIE BRITSE ISRAEL-BEWEGING ONDER WIT AFRIKAANSSPREKENDE SUID-AFRIKANERS NÁ 1994..... 40

3.1	Mense en geloofspraktyke.....	40
3.2	Afriaanssprekende Suid-Afrikaners en identiteit	42
3.3	Grondhervorming.....	44
3.4	Brits-Israeli ideologie in die Suid-Afrikaanse konteks.....	46
3.5	Israel-Visie.....	51
3.6	Gevolgtrekking.....	52

HOOFSTUK 4 TEOLOGIESE EN ETIESE EVALUERING VAN DIE TENDENS..... 54

4.1	Israel, die verbond met Abraham en die uitverkiesing van Israel.....	54
4.1.1	“Verbond” in die Bybel.....	54
4.1.1.1	Strukture en tematiese eenheid van die verskeie verbonde.....	55
4.1.2	Die verbond met Abraham en die uitverkiesing van Israel.....	57
4.1.3	Wie is 'n Israeliet?.....	59
4.2	Eksklusiwiteit en inklusiwiteit van God soos openbaar deur die Ou en Nuwe Testament.....	69
4.2.1	Ou Testament.....	69
4.2.2	Nuwe Testament.....	77

4.2.2.1	Jesus en vroue.....	78
4.2.2.2.	Jesus en kinders.....	78
4.2.2.3.	Jesus en heidene.....	79
4.2.2.4.	Jesus en sondaars.....	79
4.3	Inklusiwiteit teenoor eksklusiwiteit in die Christelike kerk.....	79
4.4	Gevolgtrekking.....	80
HOOFSTUK 5 SAMEVATTING EN SINTESE		81
5.1	Samevatting.....	81
5.2	Model.....	83
BRONNELYS.....		86

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN MOTIVERING VIR STUDIE

1.1 Agtergrond en rasionaal van die studie

Die Brits-Israeli beweging het in die negentiende eeu ontstaan. Daarvolgens het 'n teorie ontwikkel waar die Britse bevolking die nakomelinge van die tien stamme van Israel sou wees wat tydens hul ballingskap in Assirië sou "verdwyn" het. Die tien stamme sou dan in die Joodse Diaspora hulle uiteindelik in die Britse Eilande gevestig het waar hulle 'n volk op sigself gevorm het. Die stamme van Israel word beskou as die ware en enigste uitverkorenes van God (Durham, 2008:79).

Dit strek dan verder dat die tien "verlore stamme" van Israel, as die uitverkore volk, nou die Britse Eilande en alle lande wat deur hulle gekolonialiseer is, bewoon (Durham, 2008:79).

Volgens die offisiële Brits-Israeli Wêreldfederasie-webblad (The British-Israel-World Federation, n.d.) is daar takke van die beweging in Kanada, die VSA, Australië, Nieu-Zeeland, Nederland asook Suid-Afrika.¹

Nadat Suid-Afrika die Britse Gemenebes in 1962 verlaat het, het hierdie beweging ter plaatse ontaard in 'n verregse Afrikaanse beweging wat 'n wit meerwaardigheids- en apartheidsideologie bevorder (Greyling, 1992:51). Gedurende die laaste twee dekades was daar 'n toename in mense wat die ideologie van die beweging begin aanhang het. Die bestaan van die beweging en doelgerigte pogings om dit onder Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners te bevorder, noodsaak die kerk om 'n teologiese beoordeling van Brits-Israelisme op grond van die Bybel te doen. Die doel van dié studie is om die beweging se wortels asook die essensie van die ideologie wat daarin vervat is, te beskryf met die doel om dit teologies te beoordeel, terwyl daar ook gekyk word na moontlike redes vir die toename in gewildheid in kontemporêre tye.

1.2 Sleutelkonsepte

Abrahamitiese verbond: God het 'n ewigdurende verbond met Abraham gesluit in Genesis 12:1-3 en verder uitgebrei in Genesis 15. Hierdie verbond bevat die volgende aspekte:

Israel is die uitverkore volk van God;

Grondbesit word deel van die verbond voordeel;

¹ The British-Israel-World Federation. (n.d). Other British-Israel organizations. <http://www.britishisrael.co.uk/otherbiwfs.php>. Accessed on: 27 Sept. 2017.

Abraham sal geseën wees sodat ander geseënd sal wees (Niehaus, 2013:291).

Afrikaners: “Afrikaners” word hier gebruik in ‘n gekwalifiseerde sin. Die term het tot ‘n belangrike mate politiek inkorrekt geword en talle wit Afrikaanssprekendes beskou hulleself nie as “Afrikaners” nie en assosieer nie met die term nie vanweë die historiese bepaaldheid waar die term direk met die totstandkoming en instandhouding van apartheid gekoppel is. In dié sin het die term nie-benutbaar geword. Wanneer die term hier gebruik word, is dit eksklusief om te verwys na daardie groep behoudende, verregse Afrikaanssprekende witmense wat hulleself so beskryf in teenstelling met ander groepe in die land, en waarmee hierdie groep die ander groepe polariseer met hulle teorie van meerderwaardigheid. Dié groep verwys met trots na hulleself as “Afrikaners” in kontras met ander Afrikaanssprekendes wat nie hulle ideologie ondersteun nie.

Brits-Israeli beweging: Die Brits-Israeli beweging het in die negentiende eeu ontstaan as ‘n teorie wat die Britse bevolking as die uitsluitlike nakomelinge van die tien stamme van Israel beskou wat tydens hul ballingskap in Assirië sou “verdwyn” het. Die tien stamme sou dan in die Joodse Diaspora hulle uiteindelik in die Britse Eilande gevestig het waar hulle ‘n volk op sigself gevorm het, die Angel-Saksiese stamme. Dié stamme van Israel word beskou as die ware uitverkorenes van God (Durham, 2008:79).

Dit strek dan verder dat die tien “verlore stamme” van Israel, as die uitverkore volk, nou die Britse Eilande en alle lande wat deur hulle gekolonialiseer is, bewoon in die vorm van die witmense wat afstammeling van die Britte is (Durham, 2008:79).

Eksklusiwiteit: Slegs (wit) Israeliete wat die nageslag van Abraham is, is die volk van God.

Inklusiwiteit: Almal wat in Christus glo, word deel van die volk van God.

Israel-Visie: Israel-Visie is ‘n groep mense in Suid-Afrika wat glo dat (sommige van) die wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners die afstammeling van die verlore tien stamme van Israel is (Venter, 1988:514).

Waardes: Waardes kan gedefinieer word as “konsepsie van die wenslike wat gelyktydig in identiteit, moraliteit en kultuur as die kriterium vir die seleksie van oriëntasie bestaan” (Van der Merwe, 2008:365).

Wit teologie: Die term verwys na teologie waarvolgens (‘n deel van) die Europese ras as verhewe bo ander en as meerderwaardig beskou word, as die ware en enigste uitverkorenes en

geroepenes van God, 'n teologie wat geregverdig deur die gebruik/misbruik van verskeie sleutel tekste in die Bybel.

1.3. Navorsingsprobleemstelling, doelstelling en doelwitte

1.3.1 Navorsingsprobleemstelling

Die vraag word gestel: Waaruit bestaan die Brits-Israeli beweging en waarom is dit so gewild onder 'n spesifieke groep mense in Suid-Afrika, alhoewel dit nie eksklusief onder dié groep (wit "Afrikaners") voorkom nie? Hou dit enige verband daarmee dat dié groep met die aanbreek van 'n demokrasie in Suid-Afrika in 1994 hulle politieke (en tot 'n minder mate ekonomiese) magsbasis verloor het? Is die betrokkenheid van 'n integrale groep Afrikaanssprekendes, insluitend 'n prominente hoeveelheid jongmense, by die beweging moontlik 'n poging tot nuwe identiteitsvorming, genoodsaak deur die kulturele, politieke en sosiale verskuiwings wat die nuwe Suid-Afrika noodwendig veroorsaak het? En speel die belangrike kwessie van grond en grondverdeling wat deurgaans in ANC-politiek verweef was maar tans op die spits gedryf word, hierin 'n rol, gegewe die belangrike rol wat "n eie land" vir Abraham en sy nageslag gespeel het, in terme van die verbond wat die Here met Abraham gesluit het?

Tans is daar verskillende tipes vermengings van Joodse en Christelike godsdiens en kulture:

- Jode wat tot geloof in Christus gekom het en steeds hulle Joodse kultuur en gebruike behou; hulle vorm Christelike kerke met Joodse leierskap. Tans is daar omtrent 300 Messiaanse Joodse bedieninge in die VSA wat die visier op Jode rig om hulle met die evangelie van Jesus Christus te bereik, met 'n ledetal wat na beraming strek tussen 30 000 en 600 000 mense (Robinson, 2005:24). In Suid-Afrika bestaan daar ook talle Messiaanse gemeentes; vir 'n indeks, vergelyk byvoorbeeld Kehila News Israel (n.d.).²

² Kehila News Israel. (n.d). Directory of Messianic Organizations in Israel.
http://app.kehilanews.com/directory?gclid=CjwKCAiAmb7RBRATEiwA7kS8VFMJeOgmWT3tKywT4UyBr1ghOFZ8WmPJECZhY2hnTCQibg6f8PU0fRoCddkQAvD_BwE: Accessed on: 13 Dec. 2017.

- Christene wat Christenskap vermeng met Ou-Testamentiese Joodse voorskrifte en gebruike in 'n poging om die bepalings van die ou en nuwe verbond met mekaar te versoen om dissipels van Christus te wees. Daar word bereken dat meer as 70% van die navolgers van die Messiaanse Jode tradisioneel nie-Jode is (Kaell, 2015:43). Voorbeelde van sulke bedieninge in Suid-Afrika sluit in: *Jews for Jesus, Elim Ministry, Beth Tiklon Messianic Congregation South Africa, Messianic Congregation of South Africa, Beit Ariel, Hebrew Roots* en *Chosen People Ministries*.
- Dan bestaan daar ook 'n verdere onderskeidende segment van laasgenoemde groepering wat hulle weergawe van die Bybelse uitverkiesingsleer gebruik om hul meerwaardigheidsideologie te regverdig deur na hulleself as die ware en enigste afstammeling van die "verlore" tien stamme van Israel te verwys; hulle vorm dan die ware Israel, die enigste volk met wie God 'n verbond gesluit het en wat deur Hom uitverkies is. Die probleem is dat dié teologiese konstruksie op rassitiese gronde gebaseer is en slegs (sommige) witmense insluit. Voorbeelde is die Brits-Israeli beweging, "Christian Identity" of Israel-Visie.

Die fokus van die studie sal op die derde tak gerig wees en dit sal in verband gebring word met 'n spesifieke groep Suid-Afrikaners, hoofsaaklik neo-Calvinistiese Afrikaanssprekendes ná 1994, met die doel om hulle leerstelling van teologiese eksklusiwiteit in verband met hulle identiteit te bring.

Groot sosio-politieke veranderinge het gedurende die negentigerjare van die vorige eeu in Suid-Afrika plaasgevind wat tot die vestiging van 'n demokrasie gelei het. Tipies het sulke veranderinge die potensiaal om 'n daadwerklike impak te maak op individuele en groepsidentiteit. Hierdie sosio-politiese veranderinge het veral sommige behoudende of konserwatiewe Afrikaners³ genoop om hul kultuur en identiteit te hersien (Korf & Malan, 2002:149).

³ Soos reeds verduidelik word "Afrikaners" hier in 'n gekwalifiseerde sin gebruik. Daar is talle wit Afrikaanssprekendes wat nie hulleself as "Afrikaners" ag en beskou nie. Wanneer die term hier gebruik word, is dit slegs om te verwys na daardie groep behoudende Afrikaanssprekende witmense wat hulleself só beskryf in teenstelling en kontras met ander Afrikaanssprekende mense in die land, en waarmee hierdie groep die ander groepe polariseer met hulle teorie van meerderwaardigheid.

Gedurende die apartheidsjare het apartheid die begrip “Afrikaner” beperk tot wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, in teenstelling met “Kleurlinge”. Die identiteit van die “Afrikaner” was gevind in die politieke stelsel en ideologieë van daardie stelsel wat deur swart Suid-Afrikaners (insluitende mense van die gemengde rasbevolking) as onderdrukkend beleef is. As gevolg van die negatiewe reaksie op wit oorheersing het sommige witmense ná die koms van demokrasie in 1994 beleef as dat die nuwe demokratiese regering al hoe minder ruimte vir die Afrikaner kultuur en -taal laat. Dit was juis die historiese band tussen die “Afrikaner” en apartheid wat skadelik is vir die oorlewing van die Afrikaanse kultuur. Mense wil nie geassosieer word met ’n kultuur of kultuurgroep wat soveel ideologiese bagasie saam dra nie (Van Niekerk, 2000:368) en daarom verkies meeste Afrikaanssprekendes om die term “Afrikaners” te vermy wanneer hulle na hulleself verwys.

Die verbrokkeling van die Afrikaanse kultuur is waarneembaar deur onder andere die feit dat voorheen bevoordeelde eksklusief Afrikaans-medium universiteite wat as gevolg van bevoorregting in staatsbefondsing uitstekende akademiese prestasies behaal het, verminder het van vyf na twee (en die oorblywende twee is onder druk om slegs as Engels-medium universiteite te funksioneer). Dieselfde gebeur met staatskole waar talle Afrikaanssprekende Model C-skole in Engels-mediumskole verander is om meer inklusief vir die Suid-Afrikaanse bevolking te wees. Ook Model C-skole wat voorheen hoofsaaklik Afrikaanse kinders bedien het, het bevoorregting in befondsing geniet sodat die opvoeding daar van ’n baie hoër standaard as in ander skole was. Vir dié historiese redes kom identifikasie met die tradisionele term “Afrikaner” al minder onder Afrikaanssprekendes voor (Van Niekerk, 2000:368).

Die gevolg van die talle veranderinge ná 1994 is dat die identiteit van die “Afrikaner” geskud is. Die regerende groep wat die mag stewig in hulle hande gehad het en eksklusief vir hulleself opge-eis het van voor 1994 het verander in ’n minderheidsgroep wat by tye deur politieke partye en sommige politici as rassiste en nie-Afrikane beskryf word. As deel van hulle restitusie vir die onreg en gevolglike ongelykhede van apartheid is (onder andere ook) Afrikaanssprekende witmense nou onderworpe aan regstellende aksie en grondhervorming. Die Afrikaanse heersersklas het sy bevoordeelde status verloor en is nou een van verskeie minderheidsgroepe en sommige beleef nou dat hulle tot ’n mate aan die genade van die regering oorgelaat is (Korf & Malan, 2002:150).

Volgens Breakwell (soos aangehaal deur Korf & Malan, 2002:150) is daar sekere tipiese gevolge van sulke tipe sosiale omwentelinge.

Eerstens lei dit tot 'n herordening van die sosiale konteks van die groep. Die herordening is in terme van die samestelling, grootte, getal en aard van die groep – in die Afrikaanssprekendes se geval is hulle getalle direk geraak deur talle uit hulle geledere wat ná 1994 geëmigreer het na ander lande terwyl daar politieke en selfs kulturele verdeeldheid onder hulle ontstaan het.

Tweedens is daar 'n heroorweging van die groep se ideologieë en duidelike herformulerings wat polarisasie binne die groep bevestig.

Derdens lei dit tot 'n omwenteling van die sosiale omgewing wat gevolglik ook 'n invloed uitoefen op bestaande sosiale verhoudings (Korf & Malan, 2002:150). Voorheen eksklusiewe wit woonbuurte, fliëks, klaskamers, kerke en winkelsentrums (en openbare toilette) het nou "gemeng" geraak, wat aanpassings van witmense vereis het.

In dié omstandighede word individue en groepe gekonfronteer met hulle verlede, asook met hul toekoms. Die herevaluasie lei tot verdeling in nuwe groepe asook nuwe norm- en waardevorming binne die onderskeie groepe, asook herevaluering van die kriteria vir insluiting in of uitsluiting van die groep (Korf & Malan, 2002:150).

Al die voorafgaande aspekte van verandering is tot 'n sekere mate waarneembaar onder die wit Afrikaanssprekende Afrikaners (Korf & Malan, 2002:151).

Een van verskeie maniere hoe wit Afrikaanssprekendes die sosio-politiese omwentelinge in Suid-Afrika na 1994 verwerk het, is deur die ideologieë en uitverkiesingsleer van die Brits-Israeli, Israel-Visie of wit teologie aan te neem asook aktief te propageer.

Die aanneem van kenmerke van 'n spesifieke kultuur sodat daar met die kultuur geïdentifiseer kan word, is 'n algemene verskynsel in antropologie. Die kultuurgroep se unieke kultuur en identiteit staan komplimenterend teenoor mekaar. Dit is 'n antropologiese aanname dat kultuur en identiteit geïntegreer word deurdat fundamentele waardes gedeel word (Van Der Merwe, 2008:359). Daar kan dus nie identiteit sonder waardes wees nie, net soos daar nie kultuur sonder identiteit kan wees nie.

Wanneer daar gekyk word na die belangrikste waardes en ideologieë van die Brits-Israeli beweging, en dit in verband gebring word met die hoofareas van verlies wat die Afrikaner ervaar het, blyk daar 'n ooreenstemming te wees tussen die verlies en die ideologie.

Die werk van F.W.C Naser, “Die verlore tien stamme van Israel” (1986), wat wyd onder die teikengroep gelees en bestudeer word, bied die antwoorde wat hierdie groep Afrikaners se soeke na identiteit gestel het. Naser word deur die Brits-Israeli beweging, of Israel-Visie, as een van die voorlopers en vaders van die beweging beskou (Smith, 2017).⁴

Die volgende breë en veralgemenende waarde-oriëntering van ’n belangrike groep Afrikaanssprekendes wat voor 1994 in Suid Afrika geleef het, kan omskryf word:

- Afrikaanssprekendes se waardes was diep gewortel in die geloof dat hulle ’n goddelike roeping gehad het wat insluit dat hulle die evangelie (asook westerse beskawing) in donker Afrika moes indra en die “inboorlinge” aan Christus moes voorstel, en Van der Berg (soos aangehaal deur Van der Merwe, 2008:368) dui aan dat die Afrikaanssprekende se bestaan geregverdig is deur Calvinistiese Christelike-prinsipiële beginsels (Erasmus, 2005:238; Van der Merwe, 2008:368).
- Grondbesit vanaf volksplanting is van groot belang geag. Die verband tussen Afrikaanssprekendes en die besit en benutting van landbougrond loop diep en wyd (Erasmus, 2005:238; Van der Merwe, 2008:368).
- Die groep was slagoffers van Britse oorheersing en onderdrukking en hieruit is ’n intense drang na onafhanklikheid en selfregering gebore (Erasmus, 2005:238; Van der Merwe, 2008:368).

Volgens Naser, ’n bekende proponent van Brits-Israelisme, kan die volgende belangrike afleidings gemaak word oor die Brits-Israeli beweging onder Afrikaners:

- Die blanke Westerse nasies verteenwoordig die tien stamme van Israel (Naser, 1986:19).
- Die tien stamme is die nageslag van Abraham (Naser, 1986:19).
- God het ’n ewigdurende verbond met Abraham gesluit. Hierdie verbond is ook met die nageslag (d.w.s., die twaalf stamme van Israel) gesluit (Naser, 1986:41). Die twee stamme, Juda en Benjamin, leef vandag as die volk Israel, of Jode.
- Die verbond sluit die volgende ewigdurende aspekte in:
 - Die tien stamme is vir ewig uitverkies om die volk van God te wees. Daarom is hulle verhewe bo enige ander nasie. Die Here van die verbond bemoei Hom slegs met hierdie groep mense.

⁴ Smith, M. 2017. Rightwing religions: where do they come from? *IOL News*, 17 Junie. <https://www.iol.co.za/news/politics/rightwing-religions-where-do-they-come-from-108250>: Accessed on: 22 Aug. 2017.

- Die beloofde land (grond en grondgebied) behoort aan die nageslag. Daarom is Suid-Afrika (of enige ander land waar die tien stamme hulle tans bevind) die besitting van die uitverkore volk van God in dieselfde terme as wat Kanaän die ewigdurende besitting van Israel geword het.
- Die voorwaarde vir God se verbond is dat hulle hulself moet afsonder van ander nasies en hul ras suiwer hou deur geen vorm van ondertrouery toe te laat nie.
- Die belofte is gebaseer op Genesis 12:1-4; 18:18; 22:18 en 24:3-8 (Neser, 1986:25).

Hierdie navorsing fokus spesifiek op die uitverkiesingsleer van die Brits-Israeli of Israel-Visie beweging wat die hart van hulle teologie van eksklusiewe meerderwaardigheid vorm. Volgens die uitverkiesingsleer is dit slegs dié mense of stamme wat deel van die Abrahamitiese verbond vorm wat uitverkies is, en slegs hulle wat verseker kan wees van saligheid en 'n verhouding met die Skepper. In dié konteks bestaan die tien verlore stamme van Israel nou in 'n deel van die blanke Westerse wêreld.

In die studie sal die kwessie van inklusiwiteit en eksklusiwiteit van die Ou verbond sowel as die Nuwe verbond ondersoek word. Die onderskeie weergawes van die uitverkiesingsleer by neo-Calvinistiese Afrikaners en in Pinkstergeleedere sal ook vergelyk word. Die studie word gedoen vanuit die oogpunt van Pinksterteologie en poog om 'n beoordeling van Brits-Israelisme te bied, spesifiek met daardie paradigma in die oog.

Die vrae wat gestel word, is:

- Wat is die oorsprong en kenmerkende eienskappe van Messiaanse Jode en Brits-Israeli's?
- Wat is die oorsprong daarvan onder die teikengroep van wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners?
- Is dit moontlik om te spekuleer oor die toename van dié beweging in post-1994 Suid-Afrika onder wit Suid-Afrikaners met die doel om dit sosiologies te verklaar?
- Hoe kan dit teologies en eties geëvalueer word?

1.3.2 Doelstelling

Die doelstelling van die navorsing is om die Brits-Israeli beweging te beskryf asook om te bepaal of die navolging van die Messiaanse Joodse beweging deur wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners as 'n soeke na identiteit verklaar kan word, met die uiteindelik doel om die beweging op teologiese en etiese gronde te beoordeel wat as riglyn vir lidmate kan dien wat aan die beweging blootgestel word in 'n situasie waarin talle Afrikaanssprekendes hulle identiteit herinterpreteer en in 'n nuwe situasie toepas en uitleef.

1.3.3 Doelwitte

Die doelwitte van die studie is om:

- Die oorsprong en belangrikste kenmerke en ideologies-teologiese eienskappe van die Messiaanse Jode en Brits-Israeli groepe te beskryf;
- Die toename onder die teikengroep (wit Suid-Afrikaners) tot die Brits-Israeli beweging ná 1994 te ondersoek met die doel om oor die oorsaak vir die toename in gewildheid van die ideologiese onderbou van die beweging te besin;
- 'n Teologiese en etiese evaluering van die beweging te ontwikkel wat vir lidmate as riglyn kan dien wanneer hulle met die leerstellings en ideologie van die beweging gekonfronteer word.

1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van die verhandeling is dat sommige wit Suid-Afrikaners hulle identiteit probeer herskryf te midde van gevoelens van bedreigdheid ná die aanbreek van demokrasie in Suid-Afrika en dat deelname aan groepe soos die Messiaanse Jode en Brits-Israeli's hulle soeke na identiteit bevredig terwyl dit terselfdertyd die Christelike geloof soos deur tradisionele Christelike denominasies beskryf, indringend bedreig omdat dit 'n rassistiese ideologie verteenwoordig wat die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking van geloof en selfs menswaardigheid uitsluit.

1.5 Navorsingsontwerp/Metodologie

Hierdie sistematies-teologiese verhandeling word vanuit 'n Pinksterperspektief benader.

Die volgende metodologieë sal gebruik word om die onderskeie navorsingsvrae te beantwoord:

'n Omvattende literatuurstudie sal gedoen word. Verder sal eksegeese van relevante Skrifgedeeltes gedoen word. Volgens Van Rensburg *et al.* (2015:7) is daar vier fases van Skrifevaluering, waarvan slegs die eerste twee fases in die verhandeling gebruik sal word. Die vier fases is die verkenningfase, die intensiewe fase, formuleringsfase en finale fase.

Ten eerste die ontdekkingsfase wat bestaan uit die volgende stappe:

- Die identifisering van die teksgedeelte met behulp van sistematiese teologiese bronne
- Die plasing van die teks in die perikoop, die Bybelboek en die Bybel
- Die identifisering van die genre van die perikoop en die Bybelboek

Tweedens die Intensiewe fase wat bestaan uit:

- Die bestudering van die perikoop in die oorspronklike taal
- Die analise van die gedagtegang van die perikoop
- Die evaluasie van verskillende vertalings van die perikoop
- Die identifisering van die sleutelfigure van die perikoop
- Bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop
- Wat openbaar die teks oor die Here in die perikoop
- Wat is die feite van redding en verskillende vermanings in die teks
- Bepaal wat die teks wou kommunikeer
- Raadpleging van eksegetiese bronne
- Die konteks van die gehoor waaraan die teks gerig was

1.6 Etiese oorwegings

Die navorsing is gebaseer op reeds bestaande navorsing in die vorm van literatuur en geen empiriese navorsing, hetsy kwalitatief of kwantitatief, word onderneem nie. Die studie hou dus geen etiese gevolge vir enige persone of instansies in nie. Bronne word met integriteit benut en noukeurige dokumentering van inligting daaruit verwerf word met omsigtigheid gedoen. Daar sal gepoog word om die betrokke beweging regverdig en op wetenskaplike gronde te beskryf vanuit beskikbare literatuur. 'n Probleem wat ondervind is, is die skaarsheid van literatuur oor die beweging, wat insluit dat die beweging nie veel bronne publiseer en beskikbaar stel nie maar ook dat daar beperkte wetenskaplike en veral teologiese beoordelings van die beweging, sy wortels en leerstellings bestaan.

HOOFSTUK 2 DIE OORSPRONG EN BELANGRIKSTE KENMERKE VAN DIE BRITS-ISRAELI BEWEGING

Die oorsprong van die beweging dateer vanuit die agttiende eeu. Die impak van die leerstelling word vandag steeds ervaar en baie lidmate van kerke word deur die leringe weggevoer uit hulle gemeentes. Die hoofstuk poog om die ontstaan en groei van die beweging te volg en sodoende insig daarin te verkry.

2.1 Oorsprong van Britse Israel-beweging

Alhoewel sommige Protestante hierna as 'n sekte verwys, en daarmee bedoel dat dit nie 'n ortodokse leer aanhang wat deur die onderskeie teoloë ondersteun word nie, is dit meer korrek om na 'n "beweging" te verwys. Die begrip "sekte" hou dikwels die idee in van 'n beweging wat uit 'n bestaande groep weggeskeur het; hier is dit nie die geval nie omdat die Brits-Israeli bewegingop sy eie ontstaan het (Martin, 1965:297). Dit wil voorkom asof die beweging in Engeland sy oorsprong gehad het onder leiding van die eerste apostel van die beweging, Richard Brothers (1757-1824) (Martin, 1965:297). Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy die "nefie van die Allerhoogste" was, en dat daar aan hom nuwe kennis geopenbaar is. Verder maak hy daarop aanspraak dat hy uit die nageslag van Dawid is, en dat hy as "prins van die Hebreërs" gekroon sou word op 19 November 1795 (Jacobs, n.d.)⁵

Hy het geglo dat hy 'n goddelike opdrag het om Israel na Palestina terug te lei, en verder dat die meeste Israeliete uit wit Europeërs bestaan, veral onder die mense van Brittanje of dan van Anglo-Saksiese afkoms, en dat meeste van die mense onbewus is daarvan dat Israel en spesifiek Abraham hulle voorouers is. Hierdie tema het deur die eeue die sentrale punt geword waarom die Brits-Israeli geloofsbelydenis draai (Barkun, 1997:267).

⁵ Jacobs, J. Anglo-Israelism. (*In Jewish Encyclopedia.com.*
<http://www.jewishencyclopedia.com/articles/1524-anglo-israelism> Accessed on: 22 Feb. 2018)

Die geloofsbelydenis van hierdie vroeë groep sluit in dat die ware Israel versteek is en beskou is as heidene, en dat hulle self nie eers bewus is daarvan nie. Die tien verlore stamme van Israel is in 722 v.C. deur die Assiriërs uit Israel weggevoer, en het mettertyd na Noordelike Europa versprei. Die ware verbondsvolk is dus Anglo-Saksiese inwoners van Brittanje, asook mense van Britse herkoms wat deur kolonialisme deur die wêreld versprei het. Die implikasie daarvan is dat die beloftes wat aan Abraham gemaak is, die verbondsreg van die nasate van Israel (die Brits-Israeliërs) is, insluitend uitverkiesing, grondbesit en rasegtheid (Roberts, 2003:5).

In 1822 word Brothers se boek getiteld "Correct Account of the Invasion of England by the Saxons, showing the English Nation to be Descendants of the Lost Ten Tribes", gepubliseer. Dit kan beskou word as die grondlegging en eerste geloofsbelydenis van die Brits-Israelië beweging (Jacobs, n.d.).⁶

Die volgende leier van die Britse-Israel--beweging was John Wilson (?-1871). Volgens hom het hy die verborge oorspronge van die nasies van Noord-Europa ontdek (gebaseer op Brothers se werk), en hy het sy leringe in Ierland en Engeland verkondig (Barkun, 1997:6). J. Wilson se boek, "Our Israelitish Origin", het in 1845 die lig gesien, en hy het hiermee die Britse Israel-beweging se teorieë op die huidige pilare geskoei.

Die pilare is gebaseer op Skrifgedeeltes wat die geloofsoortuiging ondersteun en wat leer:

- Dat die tien stamme van Israel die voorvaders van die Britte asook die Britse inwoners van die Britse kolonies is.
- Dat Jode nie die ware Israel is nie
- Eskatologiese determinisme
- Bybelse beloftes vir die ware Israel en uitverkorenes van God

⁶ Jacobs, J. Anglo-Israelism. (In Jewish Encyclopedia.com.
<http://www.jewishencyclopedia.com/articles/1524-anglo-israelism> Accessed on: 22 Feb. 2018

Deur sy werk is die meerderheid van die Britse middelklas aan die Brits-Israeli boodskap blootgestel. Sy boek het nie swaar gesteun op Bybelse profesieë nie, maar het eerder op redelik vergesogte wyse moderne woorde asook eiename van plekke en mense wat klink soos Bybelse woorde en eiename van plekke en mense aan Bybelse terme gekoppel en dit dan gebruik as bewys van sy teorieë. Deur woorde en terme wat min of meer dieselfde klink aan mekaar te verbind, verbind hy daardeur ook twee onverwante tale en “bewys” hy daardeur dat Engels byna dieselfde as Hebreeus is en dat die woorde in die Bybel verwys na moderne name en plekke in Brittanje (Barkun, 1997:7). Op dié manier het hy geglo dat hy die noue verbintenis tussen Hebreeus en Engels kan bewys.

Een voorbeeld hiervan is die woord “Brittish”. Volgens die metode beteken “Brit – Ish” in Hebreeus “Verbond-Man”, met verwysing na Jesaja 42:6 en 49:8. “Brit” verwys dan na verbond in Hebreeus (*berit*), en ‘ish’ of ‘am’ beteken man. Daaruit volg dat aangesien die naam “British” of soos wat daar in die middel eeue na Brittanje verwys was as “Britannia”, klink soos verbondsman, wat dan in verband gebring word met die verbondsvolk van Israel in die Bybel. Volgens oorlewing verwys die verse na die tien stamme van Israel en die plekke waarheen hulle in ballingskap geneem is, en dui dit aan dat die Britse eilande die sentrum is waar die meerderheid van die verlore tien stamme hulle bevind (Hebrew Nations, 2009).⁷ Hierdie tegniek is deur sy navolgers voortgesit, en word vandag nog gebruik, veral deur Herbert Armstrong, die vorige redakteur van “The Plain Truth”, ’n tydskrif wat maandeliks 1 292 000 eksemplare versprei en Israel-Visie propageer (Martin, 1965:297).

Die mees invloedryke verteenwoordiger in Engeland was ’n dissipel van Wilson, naamlik Edward Hine. Hy het sy boek, “Identification of the Brittish Nation with Lost Israel”, in Londen in 1871 gepubliseer. Daar word aanspraak gemaak dat meer as 250 000 eksemplare van die boek verkoop het (Jacobs, n.d.).⁸

⁷ Hebrew Nations. 2009. Biblical Proof, Brit-am/Hebrew Nations, Brit’Ish. <http://hebrewnations.com/articles/biblical-proof/ba/brit-ish.htm> Accessed on: 5 Mrt. 2018.

⁸ Jacobs, J. Anglo-Israelism. (*In* Jewish Encyclopedia.com. <http://www.jewishencyclopedia.com/articles/1524-anglo-israelism> Accessed on: 22 Feb. 2018.

Hy het verkondig dat die Joodse mense (afstammelinge van die twee stamme wat in die land agtergebly het toe die Tienstammeryk deur Assirië in ballingskap weggevoer is) ondergeskik is aan die tien stamme van Israel, en bestaan uit die stamme van Juda en Levi (of Benjamin). Daaruit vloei die standpunt wat vandag steeds deur sommige aangehang word dat Jode 'n deel van Israel is, maar dat Israel nie deel is van Juda nie, en dat die tien stamme nooit Jode was nie (Barkun, 1997:125). Die tien stamme van Israel, wat nou gevind word in Brittanje en alle lande waar Brittanje grondgebied gekolonialiseer het, is die ware Israel, en nie die huidige inwoners van Israel, die Jode, nie.

2.2 Die belangrikste kenmerke en ideologiese leerstellings van die beweging

2.2.1 Bybelse gronde vir die geloofstelsel van die Britse Israel-ideologie

Bybelse gronde waarop die Brits-Israeli ideologie aanspraak maak as die ware nageslag van Abraham kan as volg gelys word:

- Hosea 1:9: Israel se naam sal verander word
- Hosea 2:1: Israel sal sonder getal wees
- Jesaja 24:15: Israel sal op eilande woon
- Jesaja 24:15: Verwysing na die weste van Palestina
- Jesaja 49:10: Hitte en son sal Israel nie pla nie; dus sal die plek 'n koue klimaat hê
- Jesaja 49:19: Daar word geprofeteer dat die eiland te klein vir Israel sou word
- Genesis 35:11: Israel sou 'n nasie wees wat bestaan uit baie nasies
- Jesaja 49:20: Dus sou daar kolonies gevestig word
- Deuteronomium 32:7-9: Sodat Israel die nasies kan omring
- Jesaja 49:3: Israel sal altyd die Here ken
- Genesis 48:19: Manasse sal 'n onafhanklike nasie wees; dus is dit die VSA.
- Deuteronomium 33:17: Beide Efraim en Manasse sal inboorlinge vernietig in die lande waarheen hulle sal versprei.
- Jesaja 65:15: Israel sal 'n nuwe naam kry
- Jesaja 28:11: en 'n nuwe taal praat (Jacobs, n.d.).⁹

Die tekste word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

⁹ Jacobs, J. Anglo-Israelism. (In Jewish Encyclopedia.com.
<http://www.jewishencyclopedia.com/articles/1524-anglo-israelism> Accessed on: 22 Feb. 2018

Teksgedeelte: Hosea 1:9	Brits-Israeli interpretasie: Israel se naam sal verander word.
Plasing van die teks in: - Bybel Die boek van Hosea is die eerste van die klein profete in die Ou Testament, en geskryf teen rondom 784 v.C. (Carson <i>et al.</i>, 1994). Daar is 'n tendens om die twaalf boeke van die klein profete as 'n eenheid te beskou en dat die temas in Hosea 1-3 die volgorde waarin die boeke geplaas is, bepaal het (Bowman, 2006:44). - Bybelboek Die boek van Hosea is 'n kompilasie van die profeet se profesieë met 'n deurlopende tema van Hosea se huwelik wat ook dien as 'n analogie van die Here se ontroue bruid, Israel (Carson <i>et al.</i>, 1994:764). - Perikoop Die betrokke perikoop is Hosea 1:1-2:1. Die eerste profesie is die uitbeelding van die huweliks- en familieverbandshouing wat daar tussen God en Israel bestaan. Hosea verteenwoordig God terwyl Gomer die ontroue vrou Israel verteenwoordig. Die ontrouheid bestaan daaruit dat Israel die verbondsverpligting (om geen ander gode te dien nie) verbreek en ander afgode aanbid. Die kinders wat uit Hosea en Gomer se huwelik gebore word, is lewende profesieë deur die name wat die Here aan hulle toeken. Die Here verbind Homself aan Israel deur die verbond met Abraham, maar deur hulle ontrouheid verbreek die verhouding (Fee <i>et al.</i>, 2011:452). Identifisering van die genre Die boek van Hosea is profeties van aard (Fee <i>et al.</i>, 2011:452). Profesie word hier gedefinieer as die verkondiging van wat 'n persoon wat deur God geroepe word as die woord van God beskou en dit is gerig aan 'n spesifieke adres en hou verband met die spesifieke situasie waarin die gehoor hulle bevind. Analise van gedagtegang Inleiding (1:1) 1. Die Woord van die Here aan Hosea (1:2-3:5)	

A. Die Here gee Hosea die opdrag om met Gomer te trou en kinders te baar (1:2-2:1)

1. Die verwerping van Gomer se kinders, asook die verwerping van Israel (1:2-9)
2. Die herstel van die verhouding tussen die Here en Israel (1:10-2:1) (Elwall, 1988:1002)

Identifisering van sleutelvers

Die sleutelvers is 1:10-12. Die gedeelte wys dat daar steeds 'n belofte van 'n beter toekoms vir Israel is. Alhoewel die volk verwerp word, sal daar ontferming wees en sal die Here getrou bly aan sy verbond met die nasie van Israel, al is die huidige geslag ontrou (Carson *et al.*, 1994:764).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die eerste perikoop handel oor die opdrag wat die Here vir Hosea gee. Hosea moet met 'n vrou trou wat na die sluiting van die huweliksverbond ontrou aan hom word (of dalk al selfs voor die huwelik), soos wat Israel ontrou was aan die Here na afloop van die verbond wat Hy met Abraham gesluit het. Elkeen van die kinders wat Gomer baar, word met 'n profetiese naam benoem: "Jisreël" wat aandui dat die Here bande verbreek met die koningshuis van Israel as gevolg van hulle ontrouheid, "Lo-Rugama" wat aandui dat die Here sy verhouding met Israel verbreek, en "Lo-Ammi" wat beteken dat die Here Israel as sy volk verwerp (Carson *et al.*, 1994:764). In 752 v.C. word die profesie vervul toe Sallum vir koning Sagaria vermoor en Jehu se nageslag van die troon verwyder is (2 Kon. 15:10) (Chrisholm, 1983:1381).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die Brits-Israeli beweging se interpretasie van die gedeelte is dat Israel se naam verander sal word. Die mense van Israel sal nie meer as Israel bekend staan nie, maar as die Westerse blanke nasie voortbestaan en met 'n nuwe naam (Rand, 1955:10).

Die boodskap van Hosea is dat alhoewel Israel hulle verbondsooreenkoms verbreek het, die Here lief vir Israel bly en hulle terug wil wen met sy liefde en genade. Hy konfronteer hulle met die gevolge van hulle dade. As hulle hulself sou bekeer, sal Hy hulle vergewe. Hulle sal dan weer sy uitverkore volk wees (1:10-2:1).

Teksgedeelte:	Brits-Israeli interpretasie:
Hosea 2:1	Israel sal sonder getal wees

Raadpleging van eksegetiese bronne

Hosea het aan die tien stamme van Israel geprofeteer tydens die laaste drie dekades van hulle politieke onafhanklikheid wat teen 722 v.C. tot 'n einde gekom het wanneer hulle in ballingskap na Assirië weggevoer word (Fee *et al.*, 2011:452). Die gedeelte handel oor die toekomsverwagting van Israel wat herstel word. Die opdrag word ontvang dat die profeet aan hulle broers en susters (dus alle Israeliete) moet verkondig dat die verhouding met die Here herstel sal word. Die Here spreek hulle aan as “Ammi” (my mense) en “Ruhamah” (my geliefde), wat die name van die profeet se kinders in positiewe sin verander. Die verbondsbeloftes aan Abraham (groot nageslag) en Dawid (’n ewige koningskap) word vervul wanneer die mense hulself bekeer en die Here genade betoon (Carson *et al.*, 1994:764).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die gedeelte van Hosea dui vir Israel-Visie en Brits-Israeli proponente aan dat die volk van Israel sonder getal sal wees. Die volk bestaan volgens die proponente uit die tien stamme van Israel wat weggevoer is uit Israel en so die Wes-Europese blanke nasie geword het.

Tog is die profesieë van Hosea nie net vir Israel nie, maar vir Juda ook. Hosea 1:11 profeteer dat Israel en Juda wees verenig sal word as ’n resultaat van die straf wat die volk op die dag van Jisreël sal tref (Fee *et al.*, 2011:452). Brits-Israelisme bied geen verklaring vir dié verwagting wat wyd in Israel se profetiese literatuur voorkom nie.

Teksgedeelte:

Jesaja 24:15

Brits-Israeli interpretasie:

Israel sal op eilande woon

ASOOK

Israel word ook in ballingskap gevoer na die weste van Palestina

Plasing van die teks

- Bybel

Die boek van Jesaja kom eerste voor en staan aan die hoof van die derde groot afdeling in die Ou Testament, die Profete of *Nebi'im*, spesifiek die groot Skrifprofete. Die Profete word verdeel tussen die groot profete en die klein profete, afhangende van die lengte van die boek (Fee *et al.*, 2011:380).

- Bybelboek

Hoofstukke 1-39 van die boek van Jesaja sluit historiese verhale in. Die verhale is in 'n min of meer chronologiese volgorde van Jesaja se aktiwiteite, waar die profesieë van verwoesting gevolg word deur die beloftes van hoop. Aanvanklik word oordeel uitgespreek teenoor die skynheilige leiers in Jerusalem, waarna daar uitsprake gemaak word aangaande die Siro-Eframitiese oorlog tydens die heerskappy van koning Ahas en die Filistynse opstand teen Assirië. God se oordeel is die oorheersende tema van hoofstuk 1-39 (Fee *et al.*, 2011:380)

- Perikoop

Hoofstuk 24-27 bespreek die tema van oordeel en vernuwing. Hierdie vier hoofstukke bevat 'n mengsel van profesieë, gebede, klaagliedere en lofliedere. Die tema van die onderskeie genres is God se oordeel oor die korrupte wêreld en die hernuwing van die getroue oorblyfsel.

Die blywende gelofte (Jes 24:5) verwys na die verbond met Noag in Genesis 9 wat verbreek was en daarom verloor die mensdom die seën van God se beloftes en moet hulle die oordeel dra. Slegs 'n paar mense sal die oordeel oorleef, maar ten einde sal die oorblywendes hulle in die Here verbly en sy lof besing (Fee *et al.*, 2011:391). Moab verteenwoordig die ongeregverdiges en ongelowiges, en Jerusalem se hekke sal die geregverdiges terug verwelkom en God sal elke aspek van hulle menswees seën. Die straf vir ontrouheid is ballingskap, maar Jakob sal vergewe word wanneer alle afgodsdienste afgesweer en vernietig word. Trompetgeskalm sal die ballinge vanaf Mesopotamië en Egipte terug verwelkom (Carson *et al.*, 1994:391).

Ander nasies is ook die onderwerp van Jesaja se profesieë, maar slegs in hulle verhouding tot Juda. Die tien stamme van Israel word ook genoem, maar slegs in hulle verband met Juda (Carson *et al.*, 1994:391).

Identifisering van die genre

Jesaja is 'n boek van profesie wat ook klaagliedere, lofprijsing en narratiewe verhale insluit.

Analise van gedagtegang

1. Profesieë teen Juda (1:1-12:6)

A. Oordeel en vertroosting: Deel een (1:1-2:5)

B. Oordeel en vertroosting: Deel twee (2:6-4:6)

C. Oordeel (5:1-30)

D. Jesaja se roeping (6:1-13)

E. Krisisperspektief ((7:1-8:22)

F. Die Messias (9:1-7)

G. God se wraak (9:8-10:34)

H. Die loot uit Isai (11:1-16)

I. Lofprysing (12:1-6)

2. Woord vir die nasies (13:1-23:18)

A. Babel (13:1-14:23)

B. Assirië (14:24-27)

C. Filistea (14:28-32)

D. Moab (15:1-16:14)

E. Damaskus en Israel (17:1-14)

F. Kus (18:1-7)

G. Egipte (19:1-20:6)

H. Babilonië, Edom en Arabië (21:1-17)

3. Die apokaliptiese uitsprake van Jesaja (24:1-27:13)

A. God se oordeel (24:1-23)

B. God se mense word gered (25:1-26:6)

C. 'n Gebed vir God se mense (26:7-21)

D. Die verlossing van Israel (27:1-3)

E. Nood en hulp (33:1-24)

5. Ramspoedige oordeel (34:1-7)

6. Die dag van God se heerlikheid (35:1-10)

7. Hiskia se geskiedenis (36:1-39:8)

A. Uitdaging en redding (36:-37:38)

B. Hiskia se siekte (38:1-22)

C. Babiloniese besoekers (39:1-8)

8. Die herstel begin (40:1-48:22)

A. Voorwoord (40:1-10)

B. Kwytskelding (40:12-31)

C. Verlossing (41:1-44:23)

D. Jahwe se soewereiniteit (44:24-47:15)

E. Aankondiging van herstel (48:1-22)

9. Rekonsiliasie en herbou (49:1-55:13)

A. Die dienaar van die Here (49:1-13)

B. Sion se verrassing (49:14-21)

C. Israel se herstel (49:22-26)

D. Sonde en gehoorsaamheid (50:1-11)

E. Ewigdurende verlossing (51:1-52:12)

F. Die lydende dienaar (52:13-53:12)

G. Die nuwe verbond (54:1-17)

H. Versekering (55:1-13)

10. Die heerlikheid en verantwoordelikheid van Sion (56:1-66:24)

A. Die reaksie op verlossing (56:1-8)

B. Ontroue leiers (56:9-57:2)

C. Ontroue mense (57:3-13a)

D. Die toekoms van God se mense (57:13b-21)

E. Ware godsdiens (58:1-14)

F. Verantwoordelikheid (59:121)

G. Die heerlikheid van Sion (60:1-62:12)

H. Die dag van verrekening (63:1-6)

I. Die gebed van God se mense (63:7-64:12)

J. God se reaksie (65:1-25)

K. Oordeel en herstel (66:1-24)

Identifisering van sleutelvers

Die sleutelvers van die perikoop (24:1-23) is verse 14-16. Die oordeel wat die aarde gaan tref as gevolg van die mens se sondes sal alles verwoes. Nogtans sal God getrou bly aan sy verbond aan Noag en Abraham en daarom sal 'n oorblyfsel oorleef en hulle sal getrou wees aan die Here en sal sy lof besing (Burge & Hill, 2012:651).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die teksgedeelte lees oorspronklik: in die “vure” moet hulle die Here dien, en op die “eilande van die aarde” moet hulle die Here dien. Die vertalers het “vure” vertaal met die idee dat daar verwys word na daar waar die son opkom in die oggend, dus die ooste. Daarenteen staan die “eilande

van die see” of die weste. Dus waar die mense ookal versprei was, in die ooste en Weste, daar moet hulle die Here dien (Fausset *et al.*, 1997:457). Die gedagte is dat Israel en alle omliggende mense die Here moet dien; die gedagte is dat Israel se grondgebied die middelpunt van die kosmos vorm.

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Volgens Brits-Israeli en Israel-Visie leer beteken Jesaja 24:15 dat Israel op 'n eiland sal bly nadat hulle in ballingskap geneem is. Dit dien dan as profetiese bewys dat Brittanje die eiland is waarop die verlore stamme hulself vestig.

Eksegetiese studie wys dat dit wat Jesaja 24:15 wil oordra, is dat alle mense, van die ooste en weste, die Here se lof moet besing. Dit is interessant dat die gedeelte gebruik word om die geloof te staaf dat Israel op eilande sal vestig en terselfdertyd ook toegepas word as die “weste” waarheen die stamme in ballingskap gevoer word, wat op 'n ongeldige gebruik van die gegewens in die teks dui.

Teksgedeelte:

Jesaja 49:10

Brits-Israeli interpretasie:

Hitte en son sal hulle nie pla nie, dus sal die plek 'n koue klimaat hê

- Bybelboek

In hoofstuk 40 van die boek van Jesaja vervang Babilonië vir Assirië as die dominerende nasie in die antieke verre Ooste. Vanaf hoofstuk 40-66 word daar aangeneem dat Juda na Babilonië in ballingskap geneem sal word. Die periode van Juda se geskiedenis volg ongeveer 150 jaar nadat Assirië die noordelike ryk van Israel (die 10 stamme) in 722 v.C. oorwin het (Fee *et al.*, 2011:380).

- Perikoop

Jesaja 49:8-12: Die gedeelte handel oor die dienskneg wat verwerp sal word. Die dienaar is beide Israel en terselfdertyd gestuur na Israel. Die gedeelte lê klem op die genade van God teenoor Israel, en gee aan hulle die opdrag om die lig aan die nasies te bring en te wees (Fee *et al.*, 2011:369).

Identifisering van die genre

Jesaja is 'n boek van profesieë wat ook klaagliedere, lofprijsing en narratiewe verhale insluit. Hierdie gedeelte is 'n gedig (Fee *et al.*, 2011:369).

Identifisering van sleutelvers

Vers 8 is die sleutelvers: Die Here hoor en antwoord, Hy red Israel omdat Hy sy verbond onthou en as gevolg hiervan verander Israel se omstandighede. Omdat God ingryp en hulle red, word die verhouding tussen hulle en God herstel, maar dit is ook nodig dat hulle die boodskap na die nasies uitdra sodat die verhouding tussen God en alle mense herstel kan word.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die veranderinge wat Israel kan verwag noudat die Here hulle gebede beantwoord het, is dat die land vrugbaar sal wees (vers 9), dat daar genoeg water sal wees, dat hulle nie warm sal kry nie (vers 10) en dat die berge en valleie se topografie anders sal wees (vers 11). Dit is waarskynlik dat dit 'n verandering in mense se lewens kan aandui, eerder as 'n letterlike verandering van die geografie en klimaat (Fee *et al.*, 2011:1103). Die messias, die dienskneg, sal in al God se kinders se behoeftes voorsien, hulle letterlike behoeftes terwyl hulle uit ballingskap terugkeer, maar ook hulle geestelike behoeftes as hulle goeie herder (Carson *et al.*, 1994:661).

In Openbaring 7:17 is daar 'n verwysing na vers 10, wat kan aandui dat ons kan verwag dat die heidene na hulle nuwe tuiste sal verhuis ('n ewige tuiste). Hiermee word ook bewys dat die gedeelte ten volle vervul sal word in die Messias, Jesus Christus (Carson *et al.*, 1994:661).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die Brits-Israeli proponente gebruik die Skrif om te bewys dat die nuwe tuiste van Israel 'n koel plek sal wees, en nie warm en droog soos Palestina, die tuisland van Israel nie.

Vanuit die eksposisie wil dit voorkom of die beloftes eerder 'n toekomsverwachting van die ewigheid saam met die Here kan skep.

Teksgedeelte:

Jesaja 49:19

Jesaja 49:20

Brits-Israeli interpretasie:

Daar word geprofeteer dat die eilande te klein vir Israel sal word

Daar sal ook kolonies gevestig word

Plasing van die teks

- Perikoop

Jesaja 49:15-23: Sion (dus Jerusalem, in Juda) word gepersonifiseer as 'n vrou wat troos by die Here ontvang dat Hy nie van haar vergeet het nie. Sion sal binnekort soveel kinders hê wat terugkeer, dat daar nie genoeg plek sal wees om almal te huisves nie (Fee *et al.*, 2011:396).

Identifisering van die genre

Hierdie gedeelte is 'n gedig (Fee *et al.*, 2011:369).

Identifisering van sleutelvers

Vers 19 is die sleutelvers. Alhoewel daar op daardie stadium nog puinhoop is, sal die kinders van Israel terugkeer en sal daar nie genoeg plek vir almal wees nie.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die Here verseker Sion dat Hy haar nooit kan vergeet nie. Die beste tye lê nog voor, en die mense wat in ballingskap weggevoer is, sal terug keer (Carson *et al.*, 1994:661). Die land en stede sal herstel word en hulle vyande sal nie teen hulle kan opstaan nie. Die profesie sal vervul word ná die ballingskap. Die Nuwe Testament herinterpreteer die vervulling van sulke profesieë as die nuwe Jerusalem (Gal 4:25-27). Die bouvalle van Jerusalem is in die sesde en vyfde eeue herbou, maar die profesieë oorskrei die mate van herstel wat plaasgevind het (Carson *et al.*, 1994:661) en laat ruimte vir verdere toepassings.

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die Brits-Israeli interpretasie van die gedeelte is dat die tien stamme in 'n nuwe stad sal vestig, en dat daar ander gebiede gekoloniseer sal moet word omdat die spasie van die eiland te klein sal raak.

Tog is die gedeelte histories gerig aan Juda (die mense wat Brits-Israeli leerstelling ontken as kinders van God of nasate van Abraham). Die gedeelte sien deels vervulling in die antieke tye, maar die volmaakte vervulling word gevind in die nuwe Jerusalem wat uit die hemel sal neerdaal, waar God saam met al sy kinders sal woon.

Teksgedeelte:

Jesaja 49:3

Brits-Israeli interpretasie:

	Israel sal altyd die Here ken
Plasing van die teks - Perikoop Jesaja 49:1-3: Die Messias, die ideale Israel, maak sy roeping en die sekerheid van die sukses daarvan bekend (Fausset <i>et al.</i>, 1997:458). Identifisering van die genre Die genre is profesie. Identifisering van sleutelvers Vers 3 is die sleutelvers: God het self vir Israel geroep om sy dienskneg te wees. Raadpleging van eksegetiese bronne Die dienskneg van die Here is geroep en daarom aangestel. God self het die dienskneg gekies en aangestel. Die verkiesing van die dienskneg is tweeledig. Hy moet die woord verkondig, soos 'n skerp swaard, en hy is ook 'n gepoleerde pyl, waardeur die Here die mense wat nie reageer op die woord nie sal oordeel en straf. Die dienskneg kan verwys na die nasie van Israel, maar dit is ook van toepassing op die bediening van Jesus Christus in die Nuwe Testament gemaak (Burge & Hill, 2012:672). Jesus is die ideale Israel, die man wat die nasie verteenwoordig (Fausset <i>et al.</i>, 1997:458). Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie Volgens Brits-Israeli en Israel-Visie proponente verkondig die teksgedeelte dat die tien stamme van Israel altyd die Here sal ken en Hom dien. Volgens eksegetiese bronne is die dienaar waarna hierdie gedeelte verwys die Messias wat sal kom en dat hy suksesvol sy taak sal voltooi as dienskneg van die Here.	
Teksgedeelte: Jesaja 65:15	Brits-Israeli interpretasie: Israel sal 'n nuwe naam kry

Plasing van die teks

- Bybelboek

Die Here antwoord die volk met 'n boodskap van hoop vir geregverdiges en oordeel vir die ongeregverdiges. Hy spreek al die mense aan omdat hulle aanhoudend sy opdragte verontagsaam deurdat hulle die verkeerde offerhandes by die verkeerde plekke bring, dat hulle die voedselwette verontagsaam en afgode dien (Fee *et al.*, 2011:398).

- Perikoop

Jesaja 65:13-16: Die Here se reaksie op die gebede van die oorblyfsel van die volk is 'n opsomming van die boek van Jesaja se boodskap. Die Here sê dat Hy deurgaans liefde aan Israel bewys het, maar dat hulle Hom verwerp het en daarom was dit nodig om hulle te straf. Ten spyte van die straf en oordeel sal daar 'n oorblyfsel wees. Daar is gevolge vir 'n regverdige en onregverdige leefstyl. Die Here sal 'n koninkryk vestig waarin vrede en geregtigheid sal floreer. Die profeet pleit by die mense om hulle vertroue in die Here te plaas, dat Hy sy verbond met hulle sal nakom, en om regverdig te lewe (Walvoord & Zuck, 2002:1119).

Identifisering van die genre

Die genre van die gedeelte is die profetiese boodskap van die Here.

Analise van gedagtegang

10. Die heerlikheid en verantwoordelikheid van Sion (56:1-66:24)

A. Die reaksie op verlossing (56:1-8)

B. Ontroue leiers (56:9-57:2)

C. Ontroue mense (57:3-13a)

D. Die toekoms van God se mense (57:13b-21)

E. Ware godsdiens (58:1-14)

F. Verantwoordelikheid (59:121)

G. Die heerlikheid van Sion (60:1-62:12)

H. Die dag van verrekening (63:1-6)

I. Die gebed van God se mense (63:7-64:12)

J. God se reaksie (65:1-25)

K. Oordeel en herstel (66:1-24)

Identifisering van sleutelvers

Die sleutelvers is in vers 6: Israel sal gestraf word vir hulle oortredinge en ongeregthede.

Raadpleging van eksegetiese bronne

In die teksgedeelte word daar die dramatiese verskil uitgelig tussen die mense wat die Here dien en dié wat sy voorskrifte verontagsaam. Die regverdiges al in oorfloed geniet, terwyl die ongeregverdigde te kort al beleef. Geregverdiges sal bly wees en geseënd, maar ongeregverdiges sal vervloek word. Regverdige sal 'n nuwe naam kry, dit wil sê 'n nuwe karakter, sodat hulle eerbare geloftes sal aflê (Walvoord & Zuck, 2002:1119). Hulle naam moet verander word omdat hulle naam vir 'n lang tyd 'n vloek uitgespreek was (Fausset *et al.*, 1997:502).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die Brits-Israeli interpretasie van die gedeelte is dat die naam van Israel verander sal word na die naam "Brit" of "blank". Dit is duidelik vanuit die eksegeese dat die Here die reputasie van die Jode sal verander sodat hulle naam nie meer 'n vloek is nie. Wanneer hulle hulself bekeer en aan die Here gehoorsaam is, sal dit met hulle goed gaan en sal hulle nie meer as 'n vloek beskou word nie. Nou word die teks eksklusief toegepas op Britse mense.

Teksgedeelte:	Brits-Israeli interpretasie:
Jesaja 28:11	Israel sal 'n nuwe taal praat

Plasing van die teks

- Perikoop

Jesaja 28:7-13: Hoofstuk 28 begin met 'n woord teen Israel voordat hulle in 722 v.C. deur Assirië in ballingskap geneem word. Samaria is die hoofstad van Israel in die streek van Efraim. Die siviele en godsdienstige leiers veroorsaak morele verval. Hulle weier om te luister na die profetiese woorde, en omdat hulle so kinderagtig optree, sal die Here vir hulle 'n nuwe taal leer praat, die taal van die Assiriërs wat hulle in ballingskap gaan wegvoer (Fee *et al.*, 2011:391)

Identifisering van die genre

Die genre van die gedeelte is apokaliptiese uitsprake. Apokaliptiese uitsprake word dikwels in profetiese styl geopenbaar. Apokaliptiese-profetiese uitsprake kan geïdentifiseer word deur die ryk beeldspraak, visioene wat bespreek word, gesprekke met geestelike wesens en kosmiese katastrofes wat daartoe lei dat God se koninkryk op aarde gevestig word (Burge & Hill, 2012:508).

Analise van gedagtegang

3. Die apokaliptiese uitsprake van Jesaja (24:1-27:13)

A. God se oordeel (24:1-23)

B. God se mense word gered (25:1-26:6)

C. 'n Gebed vir God se mense (26:7-21)

D. Die verlossing van Israel (27:1-3)

E. Nood en hulp (33:1-24)

Identifisering van sleutelvers

Die sleutelvers is vers 11: Die gevolg van hulle balhorigheid is dat hulle 'n stotterende brabbeltaal sal hoor, die taal van die Assiriërs.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die leiers van Israel wil nie luister na Jesaja se herhaalde waarskuwings nie, en daarom sal hulle deur die onverstaanbare taal van buitelanders hulle oordeel ontvang. Die Here bied aan Israel verlossing, maar hulle weier om na Hom te luister en daarom sal hulle in ballingskap geneem word deur mense wie se taal vir hulle onbekend is, die Assiriërs (Walvoord & Zuck, 2002:1077).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die interpretasie van die Brits-Israeli's is dat die Israeliete 'n nuwe taal sal leer praat, dit wil sê Engels. Tog dui die konteks baie duidelik aan dat die nuwe taal die taal van Israel se verdrukkers, die Assiriërs, sal wees.

Teksgedeelte:

Genesis 48:19

Brits-Israeli interpretasie:

Manasse sal 'n onafhanklike nasie wees, dus die VSA

Plasing van die teks

- Bybel

Die boek Genesis (Grieks vir “oorsprong”) verkry sy Hebreeuse naam van die eerste vers wat lees: “In die begin” wat die skeppingsverhaal ontvou. Tog fokus Genesis op baie meer as net die een begin of oorsprong. Daar is die begin van sonde, die nuwe begin deur Noag, die begin van verskillende tale en skeiding tussen nasies, die begin van die uitverkiesing van Israel en die begin van die reddingswerk van God. Genesis handel nie net oor die verlede nie, maar ook oor die toekoms: hoe God sonde sal oorwin (uiteindelik deur die werk van Jesus Christus) en ’n nuwe aarde sal skep. Die deurlopende teologiese tema van Genesis is hoe nie eers sonde God se doelstelling vir die aarde kan laat misluk nie (Fee *et al.*, 2011:77).

- Bybelboek

Die gedeelte van Genesis handel oor die verhaal van Josef in Egipte en hoe Jakob op sy sterfbed albei Josef se kinders, Efraim en Manasse, seën en soos sy eie behandel deur hulle saam met sy seuns te laat erf. So word beide Efraim en Manasse deel van die twaalf stamme van Israel.

- Perikoop

Genesis 48:17-22: Jakob seën vir Josef deur ’n drievoudige aanroeping van God: dat God die God van verbond met sy voorvaders is, God die een wat sy herder is, en die engel wat hulle teen enige boosheid beskerm. Dit is met hierdie pragtige verhouding met God wat Jakob Josef se twee seuns seën (Walvoord & Zuck, 2002:97).

Identifisering van die genre

Die gedeelte is ’n narratief. Narratief beteken dat dit in ’n verhalende styl geskryf is. Die narratiewe styl is eenvoudig, maar ’n baie direkte en sterk oordrag van die gebeure. Die narratiewe genre weef die geskiedkundige inligting en plasing en teologiese verslag kundig saam (Hill & Walton, 1991:59).

Analise van gedagtegang

1. Jakob in Egipte (46:1-50:14)

A. Jakob reis na Egipte (46:1-34)

B. Ontmoeting tussen Jakob en sy seuns en die farao (47:1-31)

C. Jakob seën Josef en sy nageslag (48:1-22)

D. Jakob seën sy nasate (49:1-33)

E. Jakob word begrawe (50:1-14) (Burge & Hill, 2012:48)

Identifisering van sleutelvers

Vers 19 is die sleutelvers: Jakob het geweet dat hy die jongste seun die eersgebore seën gee en hy bevestig dat Efraim 'n groter en sterker nageslag as Manasse sal hê.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Jakob is baie bewus daarvan dat hy die jongste seun die oudste se seën gee. Manasse sal wel 'n groot en belangrike nasie wees, maar Efraim sal groter wees as Manasse. Sy nageslag sal baie groter wees en uit baie nasies bestaan (Reyburn & McGregor, 1997:1070). Jakob seën die jonger seun eerste wat nie die gebruik is nie. Jare later word Efraim die sterkste stam in die Noordelike koninkryk (Israel), baie groter as Manasse (Walvoord & Zuck, 2002:97).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die Brits-Israeli interpretasie is dat Efraim Brittanje verteenwoordig, en Manasse die VSA. Daarmee saam verstaan hulle ook dat die tien stamme van Israel voortbestaan in die blanke Wes-Europese blankes en hulle afstammelinge.

Efraim het histories 'n baie groter nasie as Manasse geword. Om figuurlik te praat van Efraim as Brittanje en Manasse as VSA stryk nie met die konteks van die vers nie. Sou die interpretasie oorweeg kon word, is dit duidelik dat die VSA se bevolking baie groter is as Brittanje se bevolking, en weereens stryk die realiteit nie met die geloofskonsep nie.

Teksgedeelte:	Brits-Israeli interpretasie:
Genesis 35:11	Israel sal 'n nasie word wat bestaan uit baie nasies

Plasing van die teks

- Bybelboek

Die gedeelte handel oor Jakob wat veilig terug is in Kanaän. Nou moet hy sy belofte aan die Here nakom en alle afgode uit sy huishouding verwyder voordat hy terug gaan na Bet-El, waar hy God tradisioneel ontmoet. God verskyn aan Jakob in Bet-El en bevestig die verbond wat daar tussen die Here en Jakob (as Abraham se nageslag) is. Daarop volg daar baie tragedies: Ragel gaan

dood, Ruben pleeg bloedskanie en Isak gaan dood nie lank na Jakob se terugkeer nie. Jakob en Esau begrawe hulle Pa.

- Perikoop

Genesis 35:9-15: Jakob het by Bet-El 'n altaar gebou. Die Here bevestig die beloftes wat Hy aan Jakob gemaak het, en om die belofte te bevestig, verander die Here Jakob se naam na Israel. Die Here belowe dat Jakob 'n groot nageslag sal hê, en ook dat daar konings uit sy nageslag gebore sal word (Walvoord & Zuck, 2002:84).

Identifisering van die genre

Die genre is 'n narratiewe verhaal.

Analise van gedagtegang

1. Jakob by Bet-El (Gen 35:1-15)

A. Jakob heilig homself en sy huishouding (Gen 35:1-7)

B. God verskyn aan Jakob en bevestig die verbondsbeloftes (Gen 35:9-15)

Identifisering van sleutelvers

Genenis 35:11 is die sleutelvers: God bevestig die verbondsooreenkoms.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die woord wat as “nasie” vertaal word, beteken 'n groep mense of 'n stam. Jakob sal 'n stam voortbring, die stam van Israel wat uit twaalf stamme bestaan (Dake, 1963:34).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die Brits-Israeli interpretasie is dat die Westerse blankes die nasies is wat uit Jakob voortgespruit het deur die verlore tien stamme van Israel. Die gedeelte praat van die dertien stamme van Jakob; al dertien is ingesluit in die belofte en nie net tien nie.

Teksgedeelte:

Deuteronomium 32:7-9

Brits-Israeli interpretasie:

Israel sal die nasies omring

Plasing van die teks

- Bybel

Die boek van Deuteronomium bevat nie 'n tweede wet, soos wat die Griekse naam impliseer nie, maar die wet van Moses word 'n tweede keer weergegee. Die boek verduidelik die toepassing van die wet vir die Israeliete wat Kanaän sou gaan inneem. Dit is die vyfde en laaste boek van die Pentateug, asook die eerste boek wat fokus op Israel se lewe in Kanaän tot en met die ballingskap na Babilonië (Fee *et al.*, 2011:152).

Daar is verskeie posisies aangaande die outeurskap van die boek. Tradisionele opinie is dat Moses self die boek geskryf het. Daar is 'n paar sake wat laat blyk dat dit nie noodwendig so is nie. Daar word 'n paar keer na Moses in die derde persoon gewys en Moses se dood word in die laaste hoofstuk weergegee. Daar is ook die posisie dat die boek baie later te boek gestel is, moontlik in die sewende of sesde eeu. Deuteronomium sou dan gebruik word om godsdienstige, ekonomiese, sosiale en politieke probleme aan te spreek wat die Jode tydens die ballingskap in die gesig gestaar het, en die skrywer sou dan Moses se naam gebruik om geldigheid aan die boek te verleen (Fee *et al.*, 2011:152).

- Bybelboek

Hoofstuk 31:1-34:12 is die epiloog van die boek van Deuteronomium. Moses is 120 jaar oud en hy kan nie langer die nasie lei nie. Hy mag nie die Jordaan saam met die volk oorsteek nie. En daarom gee hy die laaste boodskap aan God se mense. Josua word formeel aangestel as die nuwe leier van Israel (Brugge & Hill, 2012:172).

- Perikoop

Deuteronomium 32 is in liedvorm geskryf sodat die Israeliete dit kan onthou en mondeling van geslag tot geslag oordra. In die vorm van verbondshofsake in die antieke Verre-Ooste, begin die lied deur die hemel en aarde as getuies te roep. Verse 4-6 gee die rede vir die hofsak: Israel was ongehoorsaam. Die uitverkiesing van Israel word weergegee in verse 7-14. In verse 15-18 word Israel verantwoordelik gehou vir haar afgodery en in verse 19-25 word sy skuldig bevind en die swaar oordeel verwys na die verbondsvloede in Deuteronomium 28:15-68. Die res van die lied wyk af van die hofsakformaat, en daardeur word die volkome vernietiging van Israel vermy. God sal Israel se vyande gebruik om haar te straf (verse 26-27), maar God sal hulle ook weer red om sy Naam se onthalwe (verse 28-43). Hierdie gedeelte wys vorentoe na die Jode se ballingskap in Babilonië en hulle terugkeer na Kanaän in 538 v.C. (Fee *et al.*, 2011:163).

Identifisering van die genre

Die genre van die gedeelte is 'n poëtiese lied (Fee *et al.*, 2011:163). Hebreeuse poësie word geskryf deur twee literêre metodes te gebruik. Ten eerste word die klanke van die woorde gebruik om te rym, en ten tweede word die vorm waarin die gedig geskryf word gebruik. Poësie in die Ou Testament was gewoonlik geskryf sodat dit saam met musiek gesing kan word. Poëtiese werke was gereeld gebruik om wysheid oor te dra (Hill & Walton, 1991:388).

Analise van gedagtegang

1. Epiloog (31:1-34:12)

A. Afskeidswoorde aan die nuwe leier (31:1-8)

B. Die verbond moet in die sewende jaar hernu word (31:9-13)

C. Die nuwe leier word aangestel (31:14-18)

D. Moses se lied (31:19-32:47)

E. Moses berei voor vir sy dood (32:48-52)

G. Moses se dood (34:1-12)

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die nasie se ontrouheid word skerp gekontrasteer met die Here se getrouheid en geregtigheid. Hulle lyk amper glad nie soos hulle Vader nie, en daar kan amper op hulle staat gemaak word om die verkeerde dinge te doen. Die diepte van die kontras word bereik deur die mense te herinner dat die Here hulle Skepper is (vers 6), en dat hy hulle as 'n nasie gevorm het deur die uittog uit Egipte (vers 9). Die mense is in die eerste plek dwaas omdat hulle God se genade verwerp en tweedens is hulle dwaas omdat hulle sy krag minag. As hulle twyfel of Hy hulle geskape het, moet hulle terugkyk na sy geskiedenis met hulle (vers 7). Die ouer garde kan aan hulle verduidelik dat die Here die grense van Israel daargestel het en dat Israel aan Hom behoort trouens; alles wat hulle het, behoort aan Hom. En Hy is almagtig oor alle nasies (Carson *et al.*, 1994:228).

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Volgens Brits-Israeli interpretasie beteken die teksgedeelte dat die volk van Israel baie groot sal wees, en alle nasies sal omring. Die eksegetiese bewys dat die verwysings na grense en nasies in die gedeelte veronderstel is om die mense van Israel te herinner dat God almagtig is, dat Hy hulle

bron en oorsprong is, en dat hulle hulle afgodery moet laat staan en hulle Skepper moet dien, want hulle is wat hulle is omdat Hy hulle so gemaak het.

Teksgedeelte:

Deuteronomium 33:17

Brits-Israeli interpretasie:

Beide Efraim en Manasse sal inboorlinge vernietig in die lande waarheen hulle sal versprei

Plasing van die teks

- Perikoop

Deuteronomium 33:13-17: Moses spreek 'n seën uit oor al die stamme van Israel. In die gedeelte spreek Moses 'n seën uit oor Josef en daarmee saam oor sy twee seuns Efraim en Manasse. Die stamme sal ryk wees en hulle ooste baie suksesvol. Verder sal hulle militêre sukses hê. Efraim ontvang die groter seën (soos van Jakob af) en Manasse in 'n mindere mate. Uiteindelik was die twee stamme die grootste van die noordelike ryk, wat bestaan uit die tien stamme van Israel (Walvoord & Zuck, 2002:228).

Identifisering van die genre

Die genre is poëties. Poësie was dikwels 'n manier om wysheid oor te dra aan die volgende geslag. In die Verre-Ooste was dit algemeen dat daar op iemand se sterfbed 'n seën sou uitspreek, en dit was dikwels in poëtiese vorm gedoen. Die seëninge was beskou as wettige uitsprake wat in 'n hof aangehaal kon word (Burge & Hill, 2012:174).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Deuteronomium 33:17 bevat 'n eksegetiese probleem in die teks. Die oorspronklike teks wil dit laat voorkom asof Josef die eersgeborene van sy God is. In die Qumran manuskripte word die "sy" uitgelaat en dit is waarskynlik die interpretasie wat verkies moet word omdat dit meer sin maak. Dit is daarom beter om die vers te vertaal as 'n vergelyking eerder as 'n metafoor. Josef is soos 'n eersgebore bul. Die horings van die bul dui aan dat die stam sterk sal wees en dat hulle hul vyande met effektiewe wapens sal aanval. Die gedeelte wat lees dat hulle (Efraim en Manasse) volke sal rondjaag, is in oordrewe poëtiese taal geskryf. Die beeld wat oorgedra word, is dat die stam van Josef (Efraim en Manasse) sterk en kragtig sal wees en hulle sal die nasies van Kanaän terugdryf (Bratcher & Hatton, 1997:585)

Konteks in terme van Brits-Israeli interpretasie

Die Brits-Israeli en Israel-Visie interpretasie van die teks is dat die verlore tien stamme, wat nou die blanke mense van Brittanje is wat na verskeie ander lande gekoloniseer het, daar die inboorlinge sal teenstaan en oorwin. Die gedeelte profeteer dat die stamme van Efraim en Manasse Israel se vyande sal terugdryf en so die Israeliete sal veilig hou teen die invloed van afgodery en afgodsgebruike.

Die Brits-Israeli interpretasie van die Skrifgedeeltes dui dus aan dat die eienskappe wat oor Israel geprofeteer word, vervul word in Engeland, wit Britse burgers in sy voormalige kolonies en die VSA.

2.2.2. Die tien stamme van Israel is die voorvaders van die Brittanje, asook Britse kolonies

Soos reeds verduidelik, behels die Britse Israel-beweging se lering die geloof dat die Anglo-Saksiese, of Wes-Europese blankes die nageslag is van die verlore tien stamme van Israel en dat hulle daardeur goddelike guns het en verhewe is bo ander rasse (Wilson, 1968:74).

Aanvanklik het Wilson nie net Anglo-Saksiese blankes ingesluit nie, maar ook die inwoners van Italië, Frankryk, Switserland, Skandinawië asook Germaanse en Duitse blankes (Roberts, 2003:6).

Brittanje is egter as geestelik verhewe bo al die ander beskou omdat die stam van Efraim hulle tuiste sou gevind het in die Britse Eilande. Efraim is een van Josef se seuns, en Jakob se geboorteregseën is van Ruben verwyder en oorgedra na Efraim en Manasse, Jakob het Efraim bo Manasse geplaas (Gen 48:19-20). Daarom dra die stam en nasate van Efraim die oorspronklike verbondsbeloftes vanaf Abraham (Barkun, 1997:8). Later is die “tien stamme van Israel” sinoniem met “Efraim” en Manasse is geïdentifiseer as die VSA, en so word die ware Israel in die VSA, Brittanje en gekoloniseerde state gevind (Barkun, 1997:10). Die tien stamme van die Noordelike ryk in Israel is in 721 v.C. weggevoer in ballingskap deur Sargon II, na Assirië. Wat verder met die ballinge gebeur het, word nie deur die Bybel verhaal nie, en is onbekend (Venter, 1988:516). Meeste navorsers aanvaar dat die Tien Stamme in ander volke opgeneem is en ophou bestaan het binne enkele geslagte, soos met verskeie ander slagoffers van die Assiriese ballingskapbeleid gebeur het. Eksponeer van die Israel-Visie aanvaar die teorie dat die tien stamme van Israel uit hul ballingskap ontsnap het vanuit Assirië en na Europa getrek het en dat sommige van die Westerse nasies hulle nasate is (Neser, 1982:12).

Hierdie geloofstelsel het ’n magdom van implikasies met betrekking tot politiek en sosiologie.

Die Brits-Israeli volgeling glo dat dit steeds Brittanje se verantwoordelikheid is om die wêreld te oorheers, en om dit te omvorm na 'n beskawing in die Here se Naam (Wilson, 1968:74).

Die geloofstelsel bied identiteit aan die Britse afstammeling as mense wat deur die Here gekies is om 'n kosmiese rol te vervul. Die groot verantwoordelikheid van die groepering is om 'n morele stand in te neem ten opsigte van die huidige samelewing. Die standpunt verteenwoordig 'n Protestante, fundamentalistiese en imperialistiese siening wat herinner aan waardes vanuit die agtiende eeu (Wilson, 1968:79). Dit word gedryf deur 'n gevoel van meerderwaardigheid wat uiting vind in die drang om oor die minderwaardige volke te heers en mag uit te oefen.

Die Brits-Israeli siening aangaande rasse is een van segregasie. Rasse word in terme van fisiese eienskappe maar ook verskillende intelligensie vlakke verklaar, wat veroorsaak dat sekere rasse as verhewe bo ander beskou word. 'n Implikasie daarvan is dat daar geen vermenging mag plaasvind nie (Wilson, 1968:76). Die Here het Israel beveel om van sy bure afgesonder te wees om hulle teen die omringende volke se afgodsdienste te beskerm, wat 'n groot versoeking inhou omdat dit elemente van immoraliteit in die kultus bevat. Nou word dié opdrag tot heiligheid of afgesonderdheid gebruik om die Britse "Israel" in terme van omringende "heidense volke" aan te moedig om in afsondering te leef en slegs op mekaar in te leef. Baie van die verval in die samelewing word dan ook toegeskryf aan die toenemende vermenging van rasse (Wilson, 1968:77).

2.2.3 Jode is nie die ware Israel nie

'n Gebeurtenis waarop Israel-Visie 'n groot deel van sy teorie bou, is die historiese verdeling van die noordelike tienstammeryk van Israel aan die een kant, en die suidelike ryk van Juda en Benjamin. Die skeiding wat plaasgevind het na Salomo se bewind word beskou as 'n permanente verdeling wat tot op hede geld. Israel is die verbondsdraers aan wie al die beloftes en seëninge toegeskryf word, maar Juda en Benjamin word beskou as 'n bastergeslag wat met die afstammelinge van Esau vermeng geraak het, en daarom by al God se ander vyande geskaar moet word. God se verbondsbeloftes is slegs van toepassing op die nasate van die tienstamme- of noordelike ryk. Die huidige Israel word daarvan uitgesluit. Na hierdie mense kan daar net verwys word as "Jode" en hulle mag nie as die volk van Israel beskryf word nie; "Jode" is 'n basternageslag (Malan, s.a.).¹⁰

¹⁰ Malan, J. (s.a.). Die verbondsvolk Israel: Wie is hulle?
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Israelvisie.htm> Datum van gebruik: 23 Mrt. 2018.

Anglo- of Brits-Israeli's hou voor dat Juda die Jode verteenwoordig wat steeds onder 'n vloek lewe, en geensins die ware Israel is nie. Daar word dus onderskeid getref tussen Jode en Israel. Jode is vervloek, terwyl die tien stamme van Israel (die Britte en hulle kolonies) die ware Israel is (Martin, 1965:298). Met die Babiloniese ballingskap tussen 597/6 en 586/5 v.C. het Juda (of die stamme van Juda en Benjamin vanuit die suidelike ryk van Israel) sy koninklike troon verloor en dit glo aan Engeland oorgedra. Daar is dit deur die Britse vorstehuis voorgesit (Malan, s.a.).

Verlossing is net vir die "Israeliete" wat Jesus aanvaar, en nie vir die Jode wat Hom gekruisig het nie (Howie, 1957:315). Dat Jode nie deel in Israel se seëninge nie, verklaar hoekom hulle Jesus verwerp en aan hulle vyande, die Romeine, oorgelewer het om Hom dood te maak. En slegs Israeliete, dit is lede van wit Angel-Saksiese volke, kan gered word.

2.2.4. Eskatologiese determinisme

Die eksponente van die Israel-Visie beskou die Wes-Europese blanke as Israel en die Britte as afstammelinge van Efraim, wat die Abrahamitiese verbond dra, eksklusief gered word, en die uitsluitlike ontvangers van God se beloftes en verlossing is (Venter, 1988:520).

Volgens die Israel-Visie het God 'n pad met Israel gestap, van Abraham tot op hede. Die pad is deur God gedetermineer, en staan bekend as sy "Godsplan", "Master plan", raadsplan of diensplan. Volgens die "Godsplan" word God se toekomstige optrede bepaal deur die voortbestaan van hierdie groep mense (Venter, 1988:520).

Om 'n Brits-Israeliet te wees, beteken dus lidmaatskap van die "uitverkore volk". Die verhouding tussen God en "Israel" dui dus aan dat die millennium net bereik kan word deur die redding van die Britse volk (Wilson, 1968:77). Die "millennium"-leer verwys na 'n eskatologiese (of eindtyd) verwagting wat verband hou met die duisendjarige heerskappy van Christus en sy uitverkorenes wat die oordeel voorafgaan (Barkun, 1997:79), en die verwagting is 'n "premillennium" leer, wat glo dat die tweede koms van Christus sal geskied voordat die millennium van vrede sal plaasvind (Barkun, 1997:76).

Vroeë Angel-Israeli ideologieë weerspieël 'n sterk geloof dat die wêreld besig is om in die tydperk van die laaste dae in te beweeg. Edward Hine, net soos ander millennialiste, het geglo dat daar letterlik 'n duisend jaar sal wees waartydens Jesus sou heers, en die wêreld 'n tipe van Sabbat sou beleef. Hy het 'n teorie ontwikkel wat geleer het dat sodra die Britte hulle identiteit besef, die einde van die eeue kan aanbreek, en daarom was dit vir hulle baie belangrik om die Brits-Israeli boodskap te versprei.

2.2.5. Bybelse beloftes vir die ware Israel en uitverkorenes van God

Die Brits-Israeli's het die volgende gevolgtrekkings gemaak en dit in 'n credo of geloofsbelydenis omvorm:

- Die Wes-Europeërs, onder andere die Britte, is die nageslag van die tien stamme van Israel;
- Die Engelse troon is die troon van Dawid;
- Die Stone-klip (of die sogenaamde "Stone of Destiny") was vir eeue geassosieer met die bekroning van die Skotse konings (Stone of scone, 1998) is die klip waarop Jakob sy kop neergelê het.¹¹
- Die Britse koningsfamilie is die nageslag van Dawid, koning van Israel;
- Die Britse Ryk en die kerk van Engeland is die verbondsvolk en kerk;
- Die Britse mense is deur die Here gekies om oor die wêreld te heers (Howie, 1957:309).

F.W.C. Naser word deur die Britse Israel-beweging, of Israel-Visie, as een van die voorlopers en vaders van die beweging in Suid-Afrika gehuldig (Smith, 2017).¹² Hy het in 1986 die werk, "Die verlore tien stamme van Israel", laat publiseer. In die werk word die geloofsoortuiging van die Suid-Afrikaanse Brits-Israeli beweging, of die kerk van die Verbondsvolk, opgeneem en bespreek.

2.3 Groei en verspreiding van Brits-Israeli beweging wêreldwyd en spesifiek in Suid-Afrika

Volgens die British-Israel World Federation (The British-Israel-World Federation, n.d.) het die *Anglo-Israel Almanac* in 1914 reeds, in sy vier-en-dertigste jaargang daarop aanspraak gemaak dat daar Brits-Israeli groepe in die Britse eilande, Australië, Suid-Afrika, Kanada en VSA voorkom.¹³ Vanuit die groepe is die Britse Israel Wêreldfederasie in 1919 gestig. Op daardie tydstip het tagtig organisasies en honderde individue lidmaatskap opgeneem.

¹¹ Stone of Scone. 1998. (In Encyclopedia Britannica. <https://www.britannica.com/topic/Stone-of-Scone> Accessed on: 23 Mrt. 2018).

¹² Smith, M. 2017. Rightwing religions: where do they come from? *IOL News*, 17 Junie. <https://www.iol.co.za/news/politics/rightwing-religions-where-do-they-come-from-108250> Accessed on: 22 Aug. 2017.

¹³ The British-Israel-World Federation. (n.d.). Our History. <http://www.britishisrael.co.uk/history.php> Accessed on: 15 Sept. 2017.

Vandag is dit moeilik om die omvang van die beweging vas te stel. Die Brits-Israeli's se boeke is nie beskikbaar in boekwinkels nie en die organisasie funksioneer vir praktiese doeleindes "ondergronds". Dit is nie 'n georganiseerde geloof of denominasie nie, dus is daar nie 'n sentrale punt waar daar navrae gedoen kan word in terme van ledetal nie. Die organisasie bestaan uit klein groepe wat in losse verbintenis met mekaar as ras-georiënteerde ideologiese groepe bestaan. Die beweging is te gefragmenteer om lidmaatskap te bepaal, maar die beraamde getalle strek tussen 2 000 tot 50 000 in die VSA alleen (Barkun, 1997:102).

Israel-Visie het nie 'n sentrale liggaam soos 'n sinode of sentrale kantoor nie. Daar word kampe gehou en dit dien as 'n kongres. Daar is een so 'n jaarlikse kamp wat tydens Paasnaweek gehou word in die omgewing van Lydenburg en Ohrigstad. Mense en groepe wat aktief betrokke is by die Israel-Visie sluit in:

- Robert Hayes van Mpumalanga (voorheen Oos Transvaal)
- Die Windhoekse Studiegroep
- Ds Gert Steenkamp, voormalige NG-predikant wat 'n Israel-Visiegemeente in Kuruman bedien
- Ds BW, vermoedelik Gert Wessels, van Vryheid
- Gideon Venter van Vaalwater
- "Ds" Hannes Horn wat baie bedrywig is in Pretoria en omgewing
- Dr NA Burger van Talita Koemi-gemeenskap (Newcastle)
- Past FWC Neser van Ekklesia-gemeente (Vereeniging)
- Aksie Aktueel (Perdekop)
- Die Yahzerah-Bybelstudiegroep op Steelpoort

(Grobler, s.a.).¹⁴

¹⁴ Grobler, J. (s.a.). Brits-Israelisme. https://www.gkbellville.org/bybelstudies/brits_isr.pdf Datum van gebruik: 1 Sept. 2018.

HOOFSTUK 3 MOONTLIKE OORSAKE VIR DIE TOENAME IN DIE AANHANG VAN DIE BRITS-ISRAELI BEWEGING ONDER WIT AFRIKAANSSPREKENDE SUID-AFRIKANERS NA 1994

In die hoofstuk word daar ondersoek of die wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner dalk meer vatbaar is vir die Israel-Visie (Brits-Israeli beweging) leerstellings as gevolg van hulle verlies aan identiteit na 1994. Geloofspraktyke speel 'n groot rol in die sosiale ontwikkeling en aanpassing in mense se ontwikkeling. In die ontwikkeling van die Afrikaner het godsdiens nog altyd 'n groot rol gespeel, en baie van die self-identiteit en kultuur is gewortel in hulle identiteit en selfidentifisering as die "volk van God".

Die oorsprong en ontwikkeling van die Brits-Israeli's, daarna Israel-Visie, word nagevors en die raakpunte tussen die Afrikaner geloofstelsel en die Israel-Visie leerstellings word ondersoek.

3.1 Mense en geloofspraktyke

Sosiale ontwikkeling en aanpassing sluit verskillende areas van die mens se ontwikkeling in: emosionele, persoonlikheids-, intra-persoonlike en morele ontwikkeling (Sternberg, 1995:359). Hierdie ontwikkeling van die individu se identiteit is 'n proses wat lewenslank aanhou (Sternberg, 1995:363). Volgens Kohlberg se teorie van die ontwikkeling van morele beredenering, is daar drie vlakke van ontwikkeling (Sternberg, 1995:382):

Vlak 1 is die ontwikkeling van 7-10 jariges wat te make het met voor-konvensionele moraliteit (die kind funksioneer vanuit eie perspektief oor wat moreel reg of verkeerd is);

Vlak 2 is die ontwikkeling van 10-16 jariges wat te make het met konvensionele moraliteit (dit wat die algemene morele standaard is, word die individu se morele standaard);

Vlak 3 is die ontwikkeling van individue 16 jaar en ouer en het te make met ná-konvensionele moraliteit (die individu bedink self die invloed van die morele keuses op die samelewing in die breë asook op ander individue).

Geloofspraktyke speel 'n groot rol in die ontwikkeling van die individu se identiteit en morele beredenering, en so ook in die kulturele konteks waarin die individu hom of haar bevind (Beyers, 2017:3). Binne die laaste twee vlakke is die rol van geloof en godsdiens veral belangrik. Geloofspraktyke verskaf die ideologie-ryke konteks vir identiteitsontwikkeling, asook 'n sosiale konteks wat identiteitsvorming ondersteun (King, 2003:199). Net soos wat geloofspraktyke 'n waardevolle bron kan wees vir gesonde identiteitsvorming, het dit ook die potensiaal om 'n struikelblok vir gesonde identiteitsvorming te wees (King, 2003:202). Geloofspraktyke het die potensiaal om die sosiale kennis te beïnvloed. Sosiale kennis is die proses waardeur dit wat mense oor hulleself of oor ander dink, bestudeer word (Sternberg, 1995:424). Die voor- of afkeure wat die mens openbaar in terme van sosiale kennis verrig sekere funksies. Dit help die mens om te kry wat hulle wil hê, en dit wat hulle nie wil hê nie te vermy, om interne konflik en angste te vermy, om komplekse en talryke inligting te verstaan en te integreer en dit weerspieël die mens se diepste waardes (Sternberg, 1995:425). Uiterse geloofspraktyke wat byvoorbeeld die individu se waarde verhef bo dit wat die gemeenskap sal beoordeel, kan lei tot 'n vorming van identiteit en sosiale kennis waar individue nie verbind is tot hulle omgewing nie en narcissisme (patologiese selfliefde) kan kweek (King, 2003:202).

Groot sosio-politiese veranderinge het gedurende die negentigerjare van die vorige eeu in Suid-Afrika plaasgevind wat tot die vestiging van 'n demokrasie gelei het. Tipies het sulke veranderinge die potensiaal om 'n daadwerklike impak op individuele en groepsidentiteit te hê. Hierdie sosio-politiese veranderinge het veral sommige behoudende of konserwatiewe Afrikaners¹⁵ genoop om hul kultuur en identiteit te hersien (Korf & Malan, 2002:149).

¹⁵ "Afrikaners" word hier gebruik in 'n gekwalifiseerde sin. Die term het tot 'n belangrike mate politiek onkorrek geword en daar is ook talle wit Afrikaanssprekendes wat nie hulleself as "Afrikaners" ag en beskou nie. Wanneer die term hier gebruik word, is dit slegs om te verwys na 'n spesifieke groep behoudende (verrege) Afrikaanssprekende witmense wat hulleself so beskryf in teenstelling met ander groepe in die land, en waarmee hierdie groep die ander groepe polariseer met hulle teorie van meerderwaardigheid.

3.2 Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en identiteit

Identiteit is gewortel in eiesoortige kultuur en waardes, en vir 'n individu om deel te vorm van 'n kultuur is per implikasie dat hulle deels dieselfde self-identiteit sal hê. Wanneer gemeenskaplike kenmerke tussen mense bestaan (soos eiesoortige wêreldbeskouing, 'n gevoel van 'n gemeenskaplike geskiedenis, die morele uitkyk en standaard en gebruik van 'n spesifieke taal) word eendersheid in onderskeiding van verskille dikwels beklemtoon (Erasmus, 2005:234). Dieselfde is waar in terme van geloofspraktyke. Die invloed wat geloofspraktyke op die vorming van die Afrikaner nasie gehad het, word soms onderskat of geïgnoreer.

Die Nederlandse kolonialiste het in 1652 hulle geloofstelsel saam met hulle na Suid-Afrika gebring en dit het gedien as die maatstaf van hulle denkprosesse en aksies in die nuwe land wat hulle betree het (Van der Merwe, 2009:119). Teoloog, A.H. Murray, het so vroeg as 1947 geskryf dat die vroeë Afrikaner se teorieë in terme van lokale regering 'n uitvloeisel van hulle ervaring in terme van kerkbestuur was eerder as wat hulle die regeringsmodel van die Britse Kaapse regeringsmodel gebruik het (Murray, 1947:168).

Die geloofsoortuigings van die kolonialiste is verwoord in die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis (Van der Merwe, 2009:119). Hierdie dokumente het die reëls vir geloof en lewe in die Protestantse Hervormde Christene aan die Kaap en in Suid-Afrika verseël. Vandag word dit steeds deur die meerderheid van Afrikaners voorgehou as die ware Christelike geloofsoortuiging en is dit steeds onveranderd (Van der Merwe, 2009:119).

In 'n ná-apartheid Suid-Afrika is daar 'n herordening van sosiale strukture. Die hiërargie van die verskillende kulture, rasse en gelowe word heroorweeg, en die verskillende maniere hoe die verskeie rasse, kulture en gelowe teenoor mekaar staan, word hierby ingesluit (Beyers, 2017:2).

Groot sosio-politieke veranderinge het gedurende die negentigerjare van die vorige eeu in Suid-Afrika plaasgevind wat tot die vestiging van 'n demokrasie gelei het. Tipies het sulke veranderinge die potensiaal om 'n daadwerklike impak te maak op individuele en groepsidentiteit. Hierdie sosio-politiese veranderinge het veral sommige behoudende of konserwatiewe Afrikaners genoop om hul kultuur en identiteit te hersien (Korf & Malan, 2002:149).

Die gevolg van die talle veranderinge ná 1994 is dat die identiteit van die “Afrikaner” geskud is. Die regerende groep van voor 1994 het verander in ’n minderheidsgroep wat dikwels in ’n baie negatiewe lig beskou word en ook deur die media so verteenwoordig word. As deel van hulle aandeel aan die onreg en gevolglike ongelykhede van apartheid word (onder andere ook) Afrikaanssprekende witmense nou onderwerp aan regstellende aksie en grondhervorming. Die Afrikaanse heersersklas het sy bevoorregte status verloor en is nou een van verskeie minderheidsgroepe en sommige beleef nou dat hulle tot ’n mate aan die genade van die regering oorgelewer is (Korf & Malan, 2002:150).

Volgens Breakwell (soos aangehaal deur Korf & Malan, 2002:150) is daar sekere gevolge van sulke tipes sosiale omwentelinge. Eerstens lei dit tot ’n herordening van die sosiale konteks van die groep. Die herordening is in terme van die samestelling, grootte, getal en aard van die groep – in die Afrikaanssprekendes se geval is hulle getalle direk geraak deur talle uit hulle geledere wat ná 1994 geëmigreer het na ander lande terwyl daar politieke en selfs kulturele verdeeldheid onder hulle ontstaan het. Tydens die mees onlangse sensus wat in 2011 gehou is, het 13,5% van Suid-Afrika se bevolking Afrikaans as eerste taal praat. Volgens StatsSA se verslag (2011) word die persentasie Afrikaanssprekendes as volg opgemaak:

Swart Suid-Afrikaners	602 166 mense
Kleurling Suid-Afrikaners	3 442 164 mense
Asiese of Indiese Suid-Afrikaners	58 700 mense
Wit Suid-Afrikaners	2 710 461 mense ¹⁶

Afrikaans is dus nie slegs die taal van wit Suid-Afrikaners nie, maar sluit alle ander etniese groepe in Suid-Afrika in sodat wit Suid-Afrikaners met Afrikaans as eerste taal die minderheid is. Daarin kan ons sien hoe die herordening van die sosiale konteks van die Afrikanerkultuur plaasvind.

Tweedens is daar ’n herooring van die groep se ideologieë en duidelike herformulering wat polarisasie binne die groep bevestig. Derdens lei dit tot ’n omwenteling van die sosiale omgewing wat gevolglik ook ’n invloed op bestaande sosiale verhoudings uitoefen (Korf & Malan, 2002:150). Eksklusiewe wit woonbuurte, flieks, klaskamers, kerke en winkelsentrums het nou “gemeng” geraak, wat sekere aanpassings van sommige witmense vereis.

¹⁶ Statssa. 2012.

http://www.statssa.gov.za/census/census_2011/census_products/Census_2011_Census_in_brief.pdf
 Accessed on : 17 May 2018.

In dié omstandighede word individue en groepe gekonfronteer met hulle verlede, asook met hulle toekoms. Die herevaluasie lei tot nuwe norme binne onderskeie groepe, asook kriteria vir insluiting in of uitsluiting van die groep (Korf & Malan, 2002:150).

Al die voorafgaande aspekte van verandering is tot 'n sekere mate waarneembaar onder die wit Afrikaanssprekende Afrikaners (Korf & Malan, 2002:151) en dien as verklaring vir die gedrag en gesindheid van die groep onder bespreking wat uiting vind in Brits-Israelisme.

Navorsing wat gedoen is deur Liezel Korf (Departement van Sielkunde, VISTA Universiteit, Suid-Afrika), en Johan Malan (Departement van Sielkunde, Potchefstroom Universiteit vir CHE, Suid-Afrika) om te bepaal wat wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners se persepsie is ten opsigte van die bedreiging van hulle etniese identiteit (Korf & Malan, 2002:149), het bevind dat hulle respondente bedreig voel op twee vlakke: eerstens vrees wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners dat die “Afrikaner” sal ophou bestaan omdat die identiteit van die groep deur verskillende faktore bedreig word, en tweedens beleef talle wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners negatiewe ervarings in terme van die politieke veranderinge, en die onstabiliteit van die politieke stelsel (Korf & Malan, 2002:149).

Van Niekerk (2000:375) stel voor dat daar vir die Afrikaanssprekende witmens wat in Suid-Afrika bly vyf opsies oorgebly het: Beweeglikheid: die opsie om te emigreer; om laer te trek en in die groep op te gaan; die opsie van die vorming van 'n volkstaat gebaseer op die idee van 'n nasionalisties-begronde identiteit as Afrikaner, by implikasie blank, afgesonder tot 'n aparte grondgebied; prysgawe van eie identiteit deur die taal, Afrikaans, prys te gee om te voldoen aan wat beleef word as die eise van die “Nuwe Suid-Afrika”; handhawing van Afrikaners wat nie (kan) emigreer nie, maar ook nooit assimileer nie en kies om aktiviste van Afrikaneridentiteit te word; en vernuwing, om groepsidentiteit opnuut te ontwerp deur die proses van gesprek, konfrontasie en assimilasie.

3.3 Grondhervorming

Die doel van grondhervorming is om die reg om grondbesit beskikbaar te maak vir elke Suid-Afrikaner, veral dié wat deur vorige regerings deur wetgewing verbied was om grond te besit. Die huidige politieke diskoers wil dat die grond van die oorspronklike eienaars gesteel is deur die koloniste en grondhervorming wil die onreg regstel.

Die mikpunt van grondhervorming is om sosiale geregtigheid te laat geskied, sodat die lewens van die mense en gemeenskappe wat benadeel was deur kolonialisme en rassisme in Suid-Afrika verbeter kan word en dat hulle kan deel in die rykdomme van die land (Kepe & Hall, 2016).¹⁷

Die proses van grondhervorming het reeds in 1993 begin met die Grondhervormingswet 126 van 1993. Die wet maak hulp beskikbaar vir mense wat grond ontvang, wat voorheen aan hulle voorouers behoort het, om te hervestig. Die wetgewing maak dit vir die regering moontlik om fondse beskikbaar te stel om die mense te help hervestig, of om land aan te koop en te help met die ontwikkeling daarvan. Die wet is al twee keer gewysig en staan tans bekend as Grondhervorming: Beskikbaarheid van Grond en Hulp Wet no. 58 van 2008. Hierdeur word daar aan die Minister die mag toegeken om grond te bekom, te onderhou, te beplan, om eiendom te ontwikkel en om die magte aan 'n ander entiteit of persoon te deleger (Kepe & Hall, 2016).

Die ander wetgewing wat van toepassing is, is Artikel 25 van die Suid-Afrikaanse Konstitusie (Wet no 108 van 1996). Klousule 3 van Artikel 25 dui aan dat wanneer daar grond bekom word om weer beskikbaar te maak aan partye wat deur vorige wetgewing en rassisme ontnem is van die reg om grond te besit, dat die grond teen 'n markverwante prys aangekoop sal word. Dit is hierdie klousule wat die huidige regerende party wil verander sodat grond bekom kan word sonder enige vergoeding.

Grondhervorming is 'n sensitiewe en emosionele saak vir alle partye betrokke. Die aankondiging in Maart 2018 dat die regerende party en een van die opposisiepartye hulle gaan beywer om grond te hervorm sonder vergoeding het groot opskuddings in Suid-Afrika veroorsaak. Een van die reaksies was vir die inwoners van die land om terug te keer na gepolariseerde standpunte oor grond en eiendom. Daar bestaan onduidelikheid oor watter tipe grond en eiendomsreg in die spervuur is (Hall, 2018).¹⁸ Die Suid-Afrikaanse ekonomie het ook 'n ernstige insinking beleef as gevolg van die aankondiging.

¹⁷ Kepe, T. Hall, R. 2016. Land redistribution in South Africa. https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Pages/2017/october/High_Level_Panel/Commissioned_Report_land/Commissioned_Report_on_Land_Redistribution_Kepe_and_Hall.pdf Accessed on: 6 Sept. 2018

¹⁸ Hall, R. 2018. Land expropriation without compensation: What does it mean? *News24*, 4 March. <https://www.news24.com/Columnists/GuestColumn/land-expropriation-without-compensation-what-does-it-mean-20180304-5> Accessed on: 6 Sept. 2018.

Gwede Mantashe, sekretaris-generaal van die ANC, is van mening dat dit onaanvaarbaar is dat die meeste van die grond in Suid-Afrika nog aan wit Suid-Afrikaners behoort (Van der Walt, 2017).¹⁹ Of hierdie stelling feitelik korrek is, al dan nie, maar hierdie tipe stellings met die gepaardgaande onsekerheid veroorsaak 'n emosionele reaksie onder (onder andere) sommige Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners.

Die onderskeie faksies in Suid-Afrika het verskillende en uiteenlopende reaksies op die grondhervormingsvoorstelle. Die parlement het van 5 tot 7 September 2018 verhoor gehou aangaande grondhervorming sonder vergoeding. Op 6 September 2018 het verskeie organisasies geleentheid gehad om die parlement aangaande die saak toe te spreek. NAFU (National African Farmer's Union) vra dat alle grond genasionaliseer sal word. BLF (Black First, Land First) eis dat alle grond uit wit hande geneem sal word en aan swart inwoners gegee sal word. Die president van Orania ('n uitsluitlike wit gemeenskap in die Noord Kaap) het dit voor die parlement gelê dat wanneer Afrikaners hoor van grondhervorming sonder vergoeding, hulle herinner word daaraan dat daar nie ruimte in Suid-Afrika bestaan vir die Afrikanerkultuur, Afrikaanse skole, en Afrikaans in die publieke en onderwyssektore nie (Daniel, 2018).²⁰

Die gevaar is dat die Afrikaanssprekende wit Suid-Afrikaners verder intern gepolariseer sal word as gevolg van bedreiging wat ervaar word.

3.4 Brits-Israeli ideologie in die Suid-Afrikaanse konteks

Brits-Israeli studiegroepe het reeds in die vroeë 1920's in Suid-Afrika ontstaan. Hulle het bekend gestaan as die Suid-Afrikaanse Brits-Israeli Assosiasie, onder leiding van Mnr A.W. Marais. Hulle joernaal, "The Bulletin", is gepubliseer vanaf 1920 tot in November 1927. In 1928 het A.W. Marais die voorsitter van die Brits-Israeli Wêreldorganisasie, Suid-Afrika, geword. Die beweging het begin met 180 lidmate (Greyling, 1992:50). Aanvanklik was die beweging populêr, veral onder Engelssprekende Suid-Afrikaners, en dit was deel van die beweging se doel om die Afrikaner te oortuig dat hulle as 'n Ariese ras ook deel van die uitverkose nasie was, en daarom hulle Engelse broers moes aanvaar. Hierdie beweging het gefunksioneer vanuit die perspektief van 'n wit teologie wat die Britse nasie en koning verheerlik het, en daarom was dit geensins aanloklik vir die Afrikanervolk nie wat gedroom het om 'n republiek van hulle eie te vestig (Greyling, 1992:55). Teen die 1950's het Afrikaanse studiegroepe begin vorm wat die Brits-Israelisme-leerstellings bestudeer het, en hulle het ook mettertyd hulle eie materiaal begin druk

¹⁹ Van der Walt, S. 2017. Woede, rassisme, grond op NUK se agenda. *Beeld*, 25 Maart. <https://www.pressreader.com/south-africa/beeld/20170325/281689729640460> Datum van gebruik: 6 Sept. 2018.

²⁰ Daniel, L. 2018. Land expropriation hearings, day two: Five talking points. *The South African*, 5 September. <https://www.thesouthafrican.com/land-expropriation-day-two-five-talking-points/> Accessed on: 6 Sept. 2018.

en versprei. Een van die mees produktiewe skrywers vanuit die Afrikaanssprekende groep was F.W.C. Naser van Vereeniging. Hy het die boek, "Apartheid – Wat sê die Skrif" in 1956 geskryf, en dit het in 1984 reeds die agste druk beleef (Greyling, 1992:56). Die boek het gehandel oor God se uitverkiesing, en beweer onder andere dat God Israel gekies het met 'n doel en dat hulle daarom hulleself apart moes hou van ander nasies. Die Anglo-Saksiese volk is die sogenaamde "verlore nasies van Israel"; God het die witmense van die verbond na die suidelike punt van Afrika gebring om sy doel te verrig. Om daardie doel te verwesenlik, is dit nodig dat die Afrikaners hulself rein moet hou, en hul identiteit beskerm. Politieke en sosiale integrasie is teen die plan en wet van God, en daarom moet die Afrikaner hulle wit bloed skoon en ras-eg hou (Greyling, 1992:56). Ondertrouery moet vermy word, selfs met ander witmense wat nie die Afrikaanse kultuur deel nie.

W.G. Finlay van die Federasie van Verbondsmense – voorheen Brits-Israeli Wêreldorganisasie – het in sy boek, "Die Grense van 'n Volk", die kwessie van Afrikaner identiteit sterk beklemtoon. Die tema is herhaal deur N.A. Burger van Newcastle, wat 'n lywige verhandeling (310 bladsye) geskryf het met die titel, "Rigters onder die Suiderkruis" (Greyling, 1992:56).

Identiteit was ook die belangrikste tema van Robert Hayes se boek, "Suid-Afrika: Die land oorkant die riviere van Kus" (1986). Die boek was so deurweek van rassisme dat dit in 1986 deur die Suid-Afrikaanse regering verban is. In 1990 kom die werk, "Die Lewendes en die Dooies", ook uit sy pen, met effe meer gematigde aanslag terwyl dieselfde idees steeds gepropageer word. Die swartmense van Afrika (Afrikane) word met die Bybelse mense van Kus geïdentifiseer, en die witmense is die uitverkore volk van God wat suid van die riviere van Kus woon (gebaseer op Jes 18:2). Die tema word ook in Michael C. Eksteen se boek, "Die worstelstryd teen die Wêreldheersers en die owerhede" (1980) gevind (Greyling, 1992:56). In 1981 breek Ds. Gert Steenkamp weg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vanweë sy oortuigings van Brits-Israelisme, en vorm sy eie gemeente wat hy "Die Gemeente van die Verbodsvolk" noem. Teen 1992 was daar reeds ses gemeentes en drie voltydse leraars in dié denominasie. Die huidige hoeveelheid gemeentes is onbekend aangesien dit 'n geslote beweging is. Dit is byvoorbeeld nie moontlik om toegang te kry tot hulle webwerf sonder lidmaatskap nie.

Soos reeds genoem, is die Afrikaner denkwys van die staanspoor af gewortel in geloofsoortuiging en -praktyke, en dit het ook 'n rol gespeel in terme van rasse-verhoudinge en -konsepte in terme van land en verbond. Dit is juis dié denkwys en oortuigings wat in die post-apartheidbedeling bevraagteken en bedreig word.

In reaksie op die vestiging van 'n sekularistiese staat in Suid-Afrika het sommige kerke en godsdienstige groepe hulleself van liberaal-polities georiënteerde teologie gedistansieer en

hulle by identiteitsbewegings geskaar, waaronder dié wat samehorigheid in terme van volksverband verklaar en dit ook kerklik uitleef, soos byvoorbeeld die “Boere-Afrikaners”, terwyl ander hulleself “Israeliete” begin noem het omdat hulle hul met ’n sogenaamde “Bybelse identiteitsbeweging” geïdentifiseer het. Hieruit is die Israel-Visie gebore, ’n voortsetting van die Brits-Israeli denkgang (Malan, s.a.).²¹

Die Israel-Visie denkgang volg baie dieselfde ideologie wat kenmerkend is van hierdie historiese denkgang wat stel dat die Afrikaner afgesonder moet leef vanuit ’n gevoel van meerderwaardigheid en geroepenheid. Aanspraak op ’n eie identiteit was, en is steeds, vir baie Afrikaners ’n basiese behoefte (Erasmus, 2005:237). Daarom is dit belangrik om te let op die ooreenstemming wat daar bestaan tussen die vroeë Afrikanerdenkgang, en die ideologie van die Brits-Israeli en Israel-Visie bewegings.

Die volgende waarde-oriëntering van ’n belangrike groep Afrikaanssprekendes wat voor 1994 in Suid Afrika geleef het en dié groepe verteenwoordig, kan omskryf word as:

- Afrikaanssprekendes se waardes was diep gewortel in die geloof dat hulle ’n goddelike roeping gehad het wat insluit dat hulle die evangelie asook die (Westerse) beskawing in donker Afrika moes indra en die “inboorlinge” aan Christus moes voorstel, en Van der Berg (soos aangehaal deur Van der Merwe, 2008:368) dui aan dat die Afrikaanssprekendes se bestaansreg geregverdig is deur Calvinistiese Christelik-prinsipiële beginsels (Erasmus, 2005:238; Van der Merwe, 2008:368);
- Grondbesit vanaf volksplanting is van groot belang geag. Die verband tussen Afrikaanssprekendes en die besit en benutting van landbougrond loop diep en wyd (Erasmus, 2005:238; Van der Merwe, 2008:368);
- Die groep was slagoffers van Britse oorheersing en hieruit is ’n intense drang na onafhanklikheid en selfregering gebore (Erasmus, 2005:238; Van der Merwe, 2008:368), gevoed deur Afrikaanssprekende witmense se interpretasie van die Ou Testament wat God se seën aan die besit van die land koppel;
- Die Afrikaner was blankbewus, en verbastering wat assimilasie met ander kulture en rasse geïmpliseer het, is vir lank verwerp (Erasmus, 2005:238);
- Sommige Afrikaners is konserwatief en verwerp liberalisme (Erasmus, 2005:238).

²¹ Malan, J. (s.a.). Die verbondsvolk Israel: Wie is hulle?
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Israelvisie.htm> Datum van gebruik: 23 Mrt. 2018.

Liberalisme word deur konserwatiewe Afrikaners gedefinieer as: “ ’n Geloof in die reg van individuele vryheid; dat die individu sekere onvervreembare regte het en dat alle vooruitgang daarin te vind is dat die individu daardie regte onbelemmerd mag uitoefen” (Afrikanervolksparty, 2011).²² Volgens die artikel op die vermelde webblad is liberalisme ’n geesteshouding eerder as ’n lewensbeskouing. Die lewensbeskouing is gevaarlik en staan teenoor die Christelike leer omdat die mens eerder as God die hoogste maatstaf is. Die skrywer voer aan dat liberale vryheid verset bring teen die natuurlike orde van sake. Vermenging van rasse, volke en tale is die grootste aanklag teen liberalisme en die konserwatiewe Afrikaner verwerp dit ten sterkste (Afrikanervolksparty, 2011). Op die webblad van Gelofteland (’n webwerf vir “Christen-Afrikanernasionaliste”) word liberalisme as ’n direkte teenpool van nasionalisme beskryf en word die oorsprong daarvan vereenselwig met die aankoms van die perswese in Suid-Afrika in 1824 (Scholtz, s.a.).²³

Dié gedagtes sluit tot mindere of meerdere mate aan by die belangrikste leerstellings van Brits-Israelisme, soos byvoorbeeld deur Naser beskryf. Die volgende belangrike afleidings kan gemaak word oor die Brits-Israeli beweging onder Afrikaners:

- Die blanke Westerse nasies verteenwoordig die tien stamme van Israel (Naser, 1986:19);
- Die tien stamme is die nageslag van Abraham (Naser, 1986:19);
- God het ’n ewigdurende verbond met Abraham gesluit. Hierdie verbond is ook met die nageslag (d.w.s. die tien stamme van Israel) gesluit (Naser, 1986:41);
- Die verbond sluit die volgende ewigdurende aspekte in:
 - Die tien stamme is uitverkies om die volk van God te wees. Daarom is hulle verhewe bo enige ander nasie. Die Here van die verbond bemoei Hom slegs met hierdie groep mense;
 - Die beloofde land (grond en grondgebied) behoort aan die nageslag. Suid-Afrika is die besitting van die uitverkore volk van God in dieselfde terme as wat Kanaän die ewigdurende besitting van Israel geword het;
 - Die voorwaarde vir God se verbond is dat hulle hulself moet afsonder van ander nasies en hul ras suiwer hou deur geen vorm van ondertrouery toe te laat nie;

²² Afrikaner volksparty. 2011. Waarom het ons volk so liberaal geword? <http://afrikanervolksparty.org/index.php/152-ou-web-argief/gawie/4420-waarom-het-ons-volk-so-liberaal-geword.html> Datum van gebruik: 18 Mei 2018.

²³ Scholtz, G.D. (n.d). Liberalisme in die perswese. <http://gelofteland.org/index.php/ons-volk/233-afrikaner-liberalisme/5385-afrikaner-liberalisme-7.html> Datum van gebruik: 18 Mei 2018.

- Die dogmatiese stelling is gebaseer op Deuteronomium 23:2. Israel-Visie verklaar dat God se uitverkiesing alleen tot Israel beperk is. Sy verbonde en genadewerk word hierby ingesluit. Volgens hulle leringe kan die mensdom geneties in twee groepe verdeel word. Dit is 'n biologiese klassifikasie, en nie 'n geestelike klassifikasie tussen verlore en geredde mense soos in die Bybel gevind word nie (Malan, s.a.).²⁴

Die verdeling tussen die twee groepe word as finaal en onveranderlik beskou. Sou verbastering tussen die uitverkose volk, die nasate van Abraham en die tien stamme van Israel, en die “kinders van die duiwel” plaasvind, sal die Here hulle verwerp. Die biologiese klassifikasie is gebaseer op Genesis 3:15. In die teks sê die Here vir die slang dat daar vyandskap tussen die saad van die vrou en die saad van die slang sal wees. Die leerstelling redeneer dat soos wat daar engele was wat met vroue gemeenskap gehad het in Genesis 6:4, die slang ook met sekere vroue gemeenskap gehad het. Duiwelse mense is dus uitgebroei deur die omgang wat die slang met sekere vroue gehad het, en enige iemand wat nie deel maak van die wit volk nie vorm deel van die vrug van daardie verbinding (Malan, s.a.). Die Israel-Visie identifiseer verskeie stamvaders van die “duiwelskinders”. Kain word as die eerste gekleurde mens geïdentifiseer; hy word beskou as die eerste saad van die slang wat verwek is. Die afleiding word gemaak vanuit Eva se verduideliking in Genesis 3:13, waar sy sê dat die slang haar bedrieg het, en daarom het sy geëet. Daar word aangevoer dat die Hebreeuse woord vir bedrieg, “*nasha*”, ook vertaal kan word as “mislei” of “verlei”. Die redenasie is dan dat Eva bely dat die duiwel haar seksueel verlei het, en in Genesis 4:1 staan daar dat die vrou swanger geword en Kain gebaar het, dus met Satan as vader (Malan, s.a.);²⁵

- Die beloftes is gebaseer op Genesis 12:1-4; 18:18; 22:18 en 24:3-8 (Neser, 1986:25).
- Teologies beoordeel veronderstel Israel-Visie 'n antropologiese model wat nie Bybels verantwoordbaar is nie. God het nie groepe mense na sy beeld gemaak nie; Hy maak die individu na sy beeld. Om aan groepe of rasse saligheid toe te sê sonder dat die individu daarby betrokke is, is 'n heilskonsep wat vreemd aan die Nuwe Testament is. Elke mens word voor die persoonlike keuse gestel om Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker aan te neem, en daarom sal mense ook as individue voor God se oordeelstroon verskyn.

²⁴ Malan, J. (s.a.) Die verbondsvolk Israel: Wie is hulle?
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Israelvisie.htm> Datum van gebruik: 23 Mrt. 2018.

²⁵ Malan, J. (s.a.) Die verbondsvolk Israel: Wie is hulle?
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Israelvisie.htm> Datum van gebruik: 23 Mrt. 2018.

- 'n Verdere probleem met die Israel-Visie se antropologie is dat dit sommige mense se menswaardigheid en menseregte ontseë op grond daarvan dat hulle nie in die regte ras gebore is nie. Hierteen stel die Christelike teologie deur die eeue, gegrond op Genesis 1:27, dat alle mense dieselfde menswaardigheid besit.

3.5 Israel-Visie

Die Brits-Israeli ideologie word in Suid-Afrika nagevolg onder die naam, Israel-Visie. "Israel-Visie" is die versamelnaam vir 'n verskeidenheid groepe. Die samebindende faktor is die lering dat God se verkiesing beperk is tot sekere volke en rasse, en dat ander volke en rasse daarmee uitgesluit is uit die genadeverbond (Ankura.net, 2006).²⁶ Die aanhangers van die ideologie is mense wat meestal lidmate is van bestaande kerke. Hulle verkondig dikwels die leer onderlangs, en stilweg in die gemeentes.

In die Kerkpad (Jaargang 7(1)) (2003) word daar verwys na 'n berig in die *Beeld* (Maandag 2 Desember 2002) wat noem van die bestaan van 'n "Boeremag" wat met verregses verbind is en wat aanhangers van die Israel-Visie is (Van der Kooi, 2003) ²⁷

Die uitgangspunt van die aanhangers van Israel-Visie is dat die Wes-Europese blankes met die sogenaamde tien stamme van die noordelike ryk van Israel geïdentifiseer word. Die stamme het uit die ballingskap uit Assirië ontsnap, en het as deel van die diaspora van Israeliete onder andere deur Europa getrek, mettertyd in Westerse nasies ontwikkel en ook in Brittanje gevestig (Neser 1982:12). Alhoewel daar in die akademiese wêreld verskeie teorieë bestaan oor wat die uiteinde was van die tien stamme wat in ongeveer in 721 v.C. ballingskap geneem was, sluit dit nie Neser se lering in dat die Israeliete uit Assirië "ontsnap" het nie. Daar kan oor die verskeie teorieë in L.M. Stanford se artikel, "The lost tribes of Israel as problem in history and sociology" gelees word. Die Germane, Wes-Gote, Hunne en Vandale was dan volgens dié hipotese die afstammelinge van 'n deel van Israel (Venter, 1988:516). Die groep het die Britse eilande in ongeveer 1000 n.C. binnegeval.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks word die wit Blanke Europeërs ook met die tien stamme geïdentifiseer. Blanke Europeërs word as die nakomelinge van Israel beskou aan wie die Woord en die Wet van Jahwe toevertrou is (Deut 4:19; Jes15:7), wat oor die wêreld versprei en volgens God se belofte die rykdom van die aarde besit en benut (Gen 49; Deut 33). Hulle het die hoogste gawes en vermoëns van hart van alle mens op aarde, en dien die wêreld tot seën

²⁶ Ankura.net. 2006. Die Israel-Visie. <https://www.ankura.net/2006/05/02/die-israelvisie1/> Datum van gebruik: 10 Mei 2018.

²⁷ Van der Kooi, P. 2003. Die "Israel-Visie"- 'n verwronge skrifbeskouing. *Die Kerkpad*. 7(1). <http://www.home.mweb.co.za/ke/kerkpad/januarie2003/pers4.html> Ontsluit 10 Mei 2018.

volgens profetiese beloftes (Miga 5). Hulle word onderskei van alle ander deur hul blanke vel, eenderse gelaatstrekke en ooreenstemmende “Christelike” kultuurgebruike en gewoontes (Neser, 1982:26).

Hierdie beskouing is die een gemeenskaplike faktor te midde van onderlinge verskille tussen onderskeie groepe wat Israel-Visie aanhang en dit speel ook die dominante rol as navolgers van Israel-Visie die Bybel lees (Venter, 1988:517). Hulle leer van blanke meerderwaardigheid en uitverkorenheid vorm die hermeneutiese lens waarmee hulle die Bybel asook hulle eie sosiale en politieke situasie lees en interpreteer.

Die eksponente van die Israel-Visie het ’n sterk eskatologiese karakter. Daar word deurgaans ver wag dat die hede die laaste dae van die dispensasie verteenwoordig. Die eskatologiese sieninge van die Israel-Visie word bespreek onder punt 2.2.4.

Volgens Neser (1982:19) is die woorde van die boek van Daniël (12:8-10), en so ook al die ander profesieë van die Bybel, nie met betrekking tot daardie tyd geskryf nie, maar word alles vir die hede bedoel. Alle Skrifgedeeltes word a-histories en literalisties gelees, sonder om die sosiale en historiese konteks waarbinne die teksgedeeltes ontstaan het, in ag te neem. Die historiese komponent word ter syde gestel, en dit gaan primêr oor die konteks van die leser en die hede (Venter, 1988:517). Die tipe van leesmetode is uitgelewer aan die willekeur van die leser. Die verwagtings wat vir die hede gekoester word, word deur middel van Bybelse terminologie verwoord.

So leer Venter (1988:517) dat Satan die heidene (die geslag van Esau, afstammeling van Edom of swartmense en die Jode) gebruik as die kanaal waardeur hy werk, terwyl God die Israeliete (Abraham as die vader van die Wes-Europese blanke) as die kanaal gekies het waardeur Hy werk (Venter, 1988:518) Dit is dus slegs die blankes, en niemand anders nie, wat die letterlike afstammeling van die tien stamme van Israel is, en hulle is in ’n apokaliptiese stryd teen die res van die wêreld se mense gewikkel.

3.6 Gevolgtrekking

Dit is moontlik dat daar ’n baie sterk aanklank met die Israel-Visie en Brits-Israeli leerstellinge kan wees in die huidige politieke en sosiale klimaat in Suid-Afrika. Grondbesit (’n sterk waarde in die Afrikaanse kultuur vanaf vroegste tye) is tans onder die spervuur, en daar is ’n definitiewe ras-georiënteerdheid onder sommige individue en partye wat tot uiting kom in rassistiese uitsprake. Die verlies aan identiteit word nou opnuut ervaar, en die soeke na identiteit is ’n realiteit. Brits-Israeli en Israel-Visie leerstellinge druis in teen die Bybelse beginsels van liefde.

Die tekste wat gebruik word om die leerstellings te regverdig, word nie teologies korrek geïnterpreteer nie en rassehaat kan nooit regverdig word nie. Tog kan daar nie ontken word dat die Afrikaner se soeke na identiteit nou, meer as ooit, 'n realiteit is en die kerk behoort dié behoefte op 'n teologies-verantwoorde wyse aan te spreek. Dit vorm die doelstelling met die volgende hoofstuk.

HOOFSTUK 4 TEOLOGIESE EN ETIESE EVALUERING VAN DIE TENDENS

Een van die belangrike pilare waarop die Brits-Israeli of Israel-Visie geskoei is, is die verbond wat God met Abraham gesluit het wat insluit dat God Abraham se nageslag as sy enigste volk verkies en die land aan hulle sou gee. Volgens Neser (1982:2) is die Westerse blanke nasies die direkte en letterlike afstammelinge van die tien stamme van Israel. Daaruit lei hy af dat die Afrikanernasie die volk van God is en dat die verbond met Abraham daarop dui dat hulle uitsluitlik as God se uitverkore volk van redding verseker kan wees.

Die hoofstuk stel ondersoek in na die verbond wat God met Abraham gesluit het. Is dit waar dat slegs die nasate van Abraham seker kan wees van redding? Openbaar die Skrif dat dit God se doel is dat slegs die volk van Israel gered sal wees? En is die verdere beloftes wat met die verbond met Abraham verband hou ook van toepassing op Abraham se nageslag, in dié geval blanke Europeërs?

4.1 Israel, die verbond met Abraham en die uitverkiesing van Israel

4.1.1 “Verbond” in die Bybel

’n Verbond kan gedefinieer word as ’n ooreenkoms wat deur bloed verseël word.

Die Hebreeuse woord wat in Genesis 15:18 en 17:1-21 vir verbond vertaal word, is *berith* wat vertaal kan word as: “om ’n verbond te sny, of om ’n verbond te maak” (Dean, 2014:284).

Die Baker’s Evangelical Dictionary of Biblical Theology (The Baker’s Evangelical Dictionary of Biblical Theology, 1996) definieer ’n verbond as ’n ooreenkoms tussen twee partye wat verseël word en vergesel word van verbale of simboliese aksies.²⁸ Daardeur word die partye verbind tot die vervulling van hulle beloftes. Daar is ooreenkomste tussen die verbondsformules in die Pentateug en omliggende nasies van die tweede millennium v.C.

²⁸ The Baker’s Evangelical Dictionary of Biblical Theology. 1996. Covenant.
<https://www.biblestudytools.com/dictionary/covenant/> Accessed on: 10 Oct. 2018.

In sulke verbonde is daar 'n party ('n individu, groep of god) wat hom-/haarself verbind tot 'n ander party deurdat daar voorgeneem word om sekere take te vervul. Die verbonde kon tussen gelyke partye of tussen meerwaardige of minderwaardige partye gesluit word. Die verbonde het regulasies en strawwe vir voorwaardes wat nie gehou word nie ingesluit. In uiterste gevalle sou verbondsverbreking met totale uitwissing gestraf kon word. Soms is die verbond gesluit deurdat die twee partye tussen 'n dier wat middeldeer gesny is, deurstap as simbool dat verbondsverbreking tot dieselfde lot aanleiding kon gee.

Die tweede-eeuse v.C. Hetitiese verbonde wat tussen 'n meerwaardige en minderwaardige party gesluit is, het gewoonlik die volgende elemente bevat: 1) die aanhef, 2) die relevante geskiedenis, 3) die bepalinge, 4) die voorwaarde vir die publieke voorlesing van die dokument, 5) die getuies (gewoonlik die gode), 6) die seën en vervloeking op die onderhouding of verbreking van voorwaardes (Dean, 2014:283). Niehaus (2010:538) identifiseer al hierdie elemente in die verbonde wat God met Noag, Abraham, Moses en Dawid gesluit het.

Wanneer God Homself met die mens in 'n verbond verbind, is dit 'n verbond wat deur lewe en dood staan (Palmer Robertson, 1980:4). 'n Verbond bind die partye van die ooreenkoms saam. Die primêre verbondsooreenkomste wat die Here met die mens gemaak het, is die verbonde met Noag, Abraham, Moses, Dawid en die nuwe verbond wat bewerkstellig is deur Christus (waarvan Jer 31 getuig) (Palmer Robertson, 1980:27). Alhoewel daar verskillende verbonde gesluit is met onderskeie individue, is elke verbond in verband met die vorige verbond gebring en die doel van die verskeie verbonde het ooreengestem, om 'n verhouding tussen God en die mens te bewerkstellig (Palmer Robertson, 1980:28).

Die eenheid van die verskeie verbonde kan vanuit twee perspektiewe beskou word: strukturele en tematiese eenheid. Dit word vervolgens bespreek.

4.1.1.1 Strukturele en tematiese eenheid van die verskeie verbonde

Die verbonde wat gesluit is met Abraham, Moses en Dawid word nie weergegee as 'n verbond wat apart staan of alleen staan nie. Elke verbond bou op die voorafgaande verbond, en daar is 'n deurlopende tema.

Die Here sluit 'n verbond met Abraham, en daardeur eien hy Abraham se nageslag toe as sy eie (Gen 12-17). Hy verklaar dat hy hulle as sy volk uitverkies. Wanneer die Israeliete in slawerny in Egipte na die Here roep, onthou Hy sy verbond met Abraham en red Hy hulle (Eks 6:4-8). Daardeur is die verbond met Moses gesluit (Eks 24:4).

Die Here sluit die verbond met Dawid (2 Sam 7:8-16), waardeur Dawid se lyn vir baie lank (of selfs ewig, soos die Hebreeuse woord vertaal kan word) oor Israel sou heers. Dawid beveel sy seun Salomo om die verbond van Moses na te kom en die wette altyd te gehoorsaam, sodat die Here se belofte vervul sal word (1 Kon 2:3).

Deur Jesus Christus word die nuwe verbond gesluit waarvan Jeremia 31:31-34 reeds vertel het, en vervul Hy ook die belofte van 'n ewigdurende heerskappy van Dawid, aan die nageslag van Dawid (Lukas 1:31-33).

In Esegïel 37:24-26 word al drie die historiese verbonde in 'n enkele goddelike orde verbind:

Vers 24: Dawid sal koning oor die volk wees: verbond met Dawid;

Vers 24: Die volk sal God se verordeninge hou: verbond met Moses;

Vers 25: Hulle sal in die beloofde land woon: verbond met Abraham;

Vers 26: God sal 'n ewige verbond van vrede met die volk sluit: verwys na die nuwe verbond wat Christene glo in Christus se menswording vervul is.

Vanuit dié perspektief is die doel van elke verbond wat die Here met die mens gesluit het om die mens in verhouding met Homself te plaas, en elke verbond word gebou op die voorafgaande verbond (Hill & Walton, 1991:23).

Die Here openbaar Homself aan ons deur die verbond wat Hy sluit. Die organiese eenheid van die verbonde stel ons in staat om God se plan as 'n eenheid te sien. God se plan was nog altyd dieselfde, uitgedruk in verskillende tye deur onderskeie verbonde te sluit wat met mekaar verband hou (Hill & Walton, 1991:26).

Die Ou Testament verklaar die Here se magtige daade van verlossing en die daade bereik 'n klimaks in die Nuwe Testament wanneer God sy Seun stuur. Die verlossingsgeskiedenis is die verband tussen die Ou en Nuwe Testamente (Greidanus, 1999:48). Daar is 'n progressie wat plaasvind, en die verlossingsgeskiedenis groei en ontwikkel maar dit is een verlossingsgeskiedenis in geheel. Daar is 'n ou en 'n nuwe verbond, maar dit is alles 'n verbond van genade (Greidanus, 1999:48).

In Deuteronomium word die verbond in die formaat van die historiese volke van die tweede eeu weergegee. Daar is 1) die aanhef, 2) die relevante geskiedenis, 3) die bepalinge, 4) die voorwaarde vir die publieke voorlesing van die dokument, 5) die getuies, 6) die seën en vervloeking op die onderhouding of breking van voorwaardes. Die verkondiging van die nuwe verbond in Jeremia 31 behels slegs punt 4: publieke voorlesing van die dokument. Die verbond sal nie op kliptafels nie, maar op die tafels van die mense se harte geskryf wees. Aangesien slegs punt 4 vervul word, kan daar aangeneem word dat die res van die ooreenkoms steeds dieselfde is as toe dit oorspronklik aan Abraham, Moses en Dawid bekend gemaak was.

Jeremia 31:33: Die wette sal op mense se harte geskryf word en die mense sal weet wat reg en verkeerd is en daarom gehoorsaam kan wees (verbond met Moses);

Jeremia 32:36-44: in die konteks van die beloofde land (verbond met Abraham);

Jeremia 33:15-26: die bevestiging van die koningskap van die geslag van Dawid (Hill & Walton, 1991:539).

4.1.2 Die verbond met Abraham en die uitverkiesing van Israel

Genesis 11:27-37:1 openbaar hoe die Here aan Abram verskyn het, en hom geroep het om Hom te volg. Abram word nie voorgestel as 'n buitengewoon regverdige man nie. Die eerste kontak is in Genesis 12:1-3, waar Abram beveel word om sy land, sy mense en erfporsie agter te laat en na 'n nuwe land te trek, waar die Here vir hom 'n nuwe land, mense en erfporsie sal gee (Hill & Walton, 1991:86). Abram en sy familie word uit genade gekies, en het so die uitverkore volk van God geword. Die saad van Abraham, Isak en Jakob word uitverkies, sodat hulle 'n seën vir die nasies kan wees (Waltke, 2007:305).

Twee baie belangrike aspekte van die verbond is die identifisering van die uitverkore volk (die nageslag van Abraham) en die beloofde land (Kanaän).

Volgens Waltke (2007:314) is die verbond met Abraham die sleutel tot die verlossingsgeskiedenis. Daar is drie vlakke van verlossing wat in die verbond opgesluit is:

1. Individuele verlossing: Abraham, 2000 v.C.

Die Here beveel Abraham om homself los te maak van sy familie, sodat die nasies daardeur geseën kan word (Gen 12:1). Abraham ontvang die belofte deur gehoorsaam te wees.

2. Nasionale verlossing: Israel, ongeveer 1400 v.C.

Die volk van Israel is pelgrimsreisigers, sonder 'n land en sonder 'n koning. In Genesis 15 belowe die Here dat Abraham se nageslag die land sal besit waarin hy slegs 'n pelgrim was, en in Genesis 17 belowe die Here dat Abraham die voorvader van koninklikes en nasies sal wees. Die Here sal al die nasies deur Abraham en sy nageslag seën.

3. Universele verlossing: Alle mense, vandag

Die verlossingsgeskiedenis wat tydens die verbond met Abraham in aanvang geneem het, strek vandag tot die verlossing van alle mense. Die seën wat deur Abraham aan die wêreld beskikbaar gestel is, is 'n verhouding met God wat die ontvanger verander en veiligheid en oorwinning verseker.

God se uitkringende beloftes is geskoei op Abraham se gehoorsaamheid om sy mense, land en erfenis agter te laat en te reis na die land wat die Here vir hom gewys het.

Nadat Abraham gehoorsaamheid toon, brei die Here sy beloftes uit deur twee verdere verbonde:

1. Die landverbond (Gen 15:1-21)

Abraham reis deur Kanaän sonder om ooit die belofte in vervulling te sien kom dat hy die land in besit sou neem. Na sy vrou Sarai se dood koop hy 'n begraafplaas om haar te begrawe en dit is die eerste en enigste eiendom wat hy in die beloofde land besit. Die Here beloon Abraham se getrouheid deur sy belofte aangaande Abraham se nageslag te herhaal en hy sluit 'n verbond met Abraham waarin Kanaän aan hom belowe word as sy en sy nageslag se eiendom.

Die verbond aangaande die beloofde land, koninklike nageslag en seën vir die nasies word as een verbond beskou (Deut 7:8; Neh 9:32; Mig 7:20; Luk 1:72-73; Heb 6:13-20) (Waltke, 2007:317).

2. Die ewigdurende verbond (Gen 17:1-27)

Die Here stel die verbond van besnydenis in. Abram se naam word verander van Abram ("verheerlikte vader") na Abraham ("vader van menigtes"). Elkeen wat deel aan die verbond het, moet besny wees. Enige een wat nie besny is nie, vorm nie deel van die verbond nie. Deur die verbond te hou, verseker Abraham dat sy nageslag deel sal hê aan die ewigdurende verbond as gemeenskap van God (Waltke, 2007:20).

4.1.3. Wie is 'n Israeliet?

Is 'n Israeliet iemand wat 'n bepaalde godsdiens aanhang of in 'n bepaalde geografiese gebied woon, of word 'n Israeliet anders in die Bybel gedefinieer?

Elke mens stam van die sondvloed uit die nageslag van Sem, Gam of Jafet (Gen 10-11).

Abraham is 'n Semiet, en so ook al sy biologiese kinders (Ismael, Simran, Medan, Midian, Joksan, Suag en Jisbak) (Gen 17:18-22; 25:1-4). Die verbond wat God met Abraham gesluit het, word met Isak bevestig (Gen 17:19; 26:1-5). Esau en Jakob is ook albei die biologiese nageslag van Abraham, maar God bevestig die verbond slegs met Jakob en gee aan hom die nuwe naam Israel (Gen 28:13-15). Israeliete is dus biologiese afstammelinge van Abraham, Isak en Jakob (Scholtz, 2017:5).

Die interpretasie van die verhouding tussen "Israel" en die Nuwe Testament "kerk" het uiteenlopende opinies en verskille opgelewer. Sommige teoloë is van mening dat Israel vervang is deur die kerk, ook genoem die geestelike Israel. Volgens die interpretasie was alle beloftes aan die letterlike Israel vervul, en is daar geen rede vir 'n millennium waarby die Jode herstel sal word na 'n prominente rolspeler in God se plan nie. Aan die ander kant is daar dié wat Israel en die kerk as twee aparte entiteite beskou, elkeen met 'n unieke verhouding en rol in God se plan. Meer akkuraat is 'n middeweg tussen die uiteenlopende sieninge (Erikson, 2013:965).

Die verhouding tussen historiese Israel en die kerk kan onder die volgende hoofde bespreek word:

- Aspekte waar die kerk, as geestelike Israel, die plek van die letterlike Israel opgeneem het. Belangrike Skrifte sluit in Romeine 2:28-29; 4:11; 4:16, 4:18; 9:7-8 (Erikson, 2013:965);
- Beloftes aan historiese Israel wat deur Nuwe-Testamentiese skrywers beskou word as in die kerk vervul, as geestelike Israel. Belangrike Skrifte sluit in Hosea 2:23; 1:10 en Romeine 9:24-25 (Erikson, 2013:965);
- Die toekomsverwagting van die nasie van Israel. Belangrike Skrifte sluit in Romeine 11:26 (Erikson, 2013:965).
- Vervolgens word dié tekste eksegeties verder ondersoek met die doel om 'n teologiese beoordeling vir die belangrikste leerstellings van Israel-Visie te bied.

Aspekte waar die kerk, as geestelike Israel, die plek van die letterlike Israel opgeneem het.

Romeine 2:28-29

Plasing van die teks

- Bybel

Die briewe wat Paulus aan die verskillende kerke gerig het (Romeine tot 2 Tessalonisense), word van lank na kort rangskik; heel moontlik was dit ook die volgorde waarin die briewe geskryf was (Fee *et al.*, 2011:642).

- Bybelboek

Hoofstuk 1-5 behandel die tema van regverdiging deur geloof (Carson *et al.*, 1994:1118).

- Perikoop

Hoofstuk 1:18-32 beskryf die sonde en oordeel van die heidene. Direk daarna in hoofstuk 2:1-3:8 fokus Paulus op die Jode en bewys dat hulle toestand dieselfde as dié van die heidene is: almal het gesondig en kom kort aan die heerlikheid van die Here (Carson *et al.*, 1994:1123). Die perikoop bestaan uit Romeine 2:25-29.

Identifisering van die genre

Die genre van die gedeelte was 'n brief wat in spesifieke sosiale en politieke omstandighede geskryf is. Die brief van Romeine is gerig aan 'n wyer gehoor en bestaan in die vorm van 'n preek (Carson *et al.*, 1994:1115).

Analise van gedagtegang

Die Jood is ook skuldig en verdien straf (2:1-16)

Dit ten spyte daarvan dat hulle die wet en besnydenis het (2:17-29)

Paulus hanteer sommige sake wat aansluit by die idees in hoofstuk 2 (3:1-8)

Die identifisering van die sleutelfigure van die perikoop

Die sleutelvers van die perikoop is verse 28-29: besnydenis en wetsonderhouding word herdefinieer.

Bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop

Dit is moontlik om vanuit die teks self te bepaal wanneer die brief aan Rome geskryf is, wanneer dit met die boek van Handelingte vergelyk word. Die brief is vanuit Korinte geskryf, heel moontlik in die jaar 58 n.C.

Paulus het die brief geskryf nadat hy besluit het om in Spanje te preek omdat daar nie meer ruimte vir hom was om te werk in die oostelike Middelandse Seegebied nie (Rom 15:23) (Carson *et al.*, 1994:1115). Dit is onwaarskynlik dat Paulus die kerk in Rome gestig het. Die Jode in Rome het nie al die leringe aangaande die Messias aanvaar nie. Die konflik tussen die Jode en die Joodse Christene het veroorsaak dat die Romeinse keiser Claudius beide groepe uit Rome verdryf het in ongeveer 49 n.C. Die gevolg was dat daar slegs heidense Christene in Rome agtergebly het. Teen die tyd wat Paulus die brief aan die kerk van Rome geskryf het, was Jode al toegelaat om terug te keer na die stad toe, maar daar was baie meer heidense bekeerlinge as Joodse bekeerlinge in die kerk in Rome (Carson *et al.*, 1994:1116).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die besnydenis was die groot teken van die verbond met Abraham, die voorvader van die Joodse nasie. Jode het heidene beskou as “onbesnede honde”. Die tragedie was dat die Jode op ’n uiterlike teken eerder as ’n innerlike geestelike waarheid gefokus het. Daarom verander ’n besnyde Jood in ’n onbesnede Jood as hulle harte nie op die Here gerig is nie (Wiersbe, 1989:520). Die gedeelte wys hoe heidene beskou word as waarlik deel van God se mense. Heidene het nou die besnydenis van die hart ontvang, want Jesus het die prys van hulle wetsverbreking op die kruis gedra en hulle het die Heilige Gees ontvang (Burge & Hill, 2012:1234).

Die konteks van die gehoor waaraan die teks gerig was

Die brief is gerig aan ’n gehoor wat bestaan het uit beide Joodse en heidense Christene.

Paulus spreek Jode aan in Romeine 2:17 en bespreek 'n aantal sake wat van belang is vir Joodse Christene, soos bv. Abraham wat "ons voorvader" is (4:1), die sonde en mislukking van die Jode (2:17-38), die plasing van die wet in die verlossingsgeskiedenis (hoofstuk 7) en die geskiedenis en toekomsverwagting van die Jode (hoofstukke 9-11).

Tog is daar sake wat van belang vir heidense Christene was. Paulus spreek hierdie groep pertinent aan in hoofstuk 11:11-24: hy roep die heidene op tot eenheid en verdraagsaamheid (15:7-9) (Carson *et al.*, 1994:1116).

Romeine 4:11,16,18

Plasing van die teks

- Perikoop

Paulus verwag dat die Joodse Christene in Rome sou vra hoe die regverdiging deur geloof inskakel met hulle geskiedenis, hoe die regverdiging deur geloof relevant is tot Abraham. Paulus verduidelik dus hoe Abraham gered is deur geloof; hy was die vader van elkeen wat in Christus glo (Wiersbe, 1989:524).

Analise van gedagtegang

A. Abraham se vryspraak was op grond van sy geloof (4:1-25)

1. Inleiding (4:1-3)
2. Verdiende loon en genadeloon (4:4-8)
3. Abraham ontvang as onbesnedene vryspraak (4:9-12)
4. Abraham ontvang God se beloftes slegs uit genade (4:13-22)
5. Toepassing op die gelowiges (4:23-25)

Die identifisering van die sleutelvers van die perikoop

Die sleutelvers is 4:11: Abraham het eers geglo, was gered en toe ontvang hy die besnydenis as teken. Daarom is hy ook die vader van dié wat glo, want dit is ook hoe hy gered was.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Paulus se argument is dat Abraham beskou word as die eerste wat tot bekering gekom het, aangesien hy nie deur wetsonderhouding nie, maar deur genade deel geword het van God se mense. Tog is hy ook die eerste wat God se verbond ontvang het. Abraham is dus die voorvader van die nie-Jode²⁹ wat gered is deur hul geloof, sowel as die voorvader van die besnede Jode wat gered is deur hul geloof in Christus. Die nasies wat uit Abraham voortgebring sou word, sluit nie net die Jode in nie maar ook nie-Jode – almal op grond van geloof. Israel is dus nou almal wat glo in Christus, of hulle Jood of nie-Jood is (Burge & Hill, 2012:1238).

Die konteks van die gehoor waaraan die teks gerig was

Die brief is gerig aan 'n gehoor wat bestaan uit beide Joodse en heidense Christene.

Romeine 9:7-8

Plasing van die teks

- Bybelboek

In hoofstuk 9-11 berou Paulus die verbroke verhouding wat daar tussen die Jode en God is en beskryf die Jode as God se eerste uitverkorenes. Paulus brei uit dat slegs fisiese verwantskap tot Abraham nie uitverkiesing verseker nie. Jakob is verkies en Esau nie. Daarom kan ons as mense nie God se uitverkiesing bevraagteken nie; niemand verdien God se genade nie. Die Jode moes redding verdien deur die werke van wetsonderhouding. Noudat Christus sonde en die dood oorwin het, is die Jode vry van die swaar las van die wet, en is verlossing vir beide Jode en heidene alleen deur geloof in Christus (Fee *et al.*, 2011:649).

- Perikoop

²⁹ Hier word verwys na “nie-Jode” in plaas van “heidene” omdat die term negatiewe assosiasies inhou vir sommige gelowiges.

In Romeine 9:1-13 skryf Paulus oor die nasie van Israel. Die tema is God se uitverkiesing van Israel. Die Here het vir hulle die wet gegee, Hy het hulle geroep om sy mense te wees, Hy gee vir hulle die tabernakel en die tempel en roep hulle tot diens. Die doel van al die seëninge was dat Jesus Christus deur Israel die wêreld tot seën sal wees. Maar Israel faal. Hulle verwerp die Messias en kruisig Hom (Wiersbe, 1989:543).

Analise van gedagtegang

1. Die posisie van die Joodse volk

A. Inleiding (9:1-5)

B. Nog altyd is nie alle Israeliete gered nie (9:6-13)

C. God is God en daarom kan Hy nie onregverdig wees nie (9:14-18)

D. God se volkome vrymagtigheid (9:19-29)

C. Israel probeer op hulle eie manier vryspraak kry (9:30-10:4)

Die identifisering van die sleutelvers van die perikoop

Vers 8 is die sleutelvers: die kinders van die belofte is dié wat uitverkies is.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Net soos die Here slegs sommige van Abraham se nageslag gekies het om sy volk te wees, net so kies hy nou heidene en 'n oorblyfsel van die Jode om op die huidige tyd sy mense te wees (Carson *et al.*, 1994:1143). Dit is God se belofte wat sommiges tot kinders van die Here maak, nie 'n familieboom of afstamming nie (Burge & Hill, 2012:1254). Die ware uitverkiesing van die nageslag van Abraham is dié wat God besluit om te kies, net soos in die aanvanklike belofte (Fausset *et al.*, 1997:254).

Beloftes aan historiese Israel wat deur Nuwe Testament skrywers beskou is as vervul in die kerk, as geestelike Israel.

Hosea 2:23 en Hosea 1:10 in Romeine 9:24-25

Hosea 1:10

Hosea 1:10 word aangehaal in Romeine 9:24-25 en word daarom ook hier eksegeties ondersoek.

Plasing van die teks in:

- Bybel

Die boek van Hosea is eerste geplaas tussen die klein profete in die Ou Testament, en geskryf teen omtrent 784 v.C. (Carson *et al.*, 1994). Daar is 'n tendens om die twaalf boeke as 'n eenheid te beskou en dat die temas in Hosea 1-3 die volgorde waarin die boeke geplaas is, bepaal het (Bowman, 2006:44).

- Bybelboek

Die boek van Hosea is 'n versameling van sy profesieë met die deurlopende tema van Hosea se huwelik wat ook dien as 'n analogie van die Here se verhouding met die "ontroue bruid", Israel (Carson *et al.*, 1994:764).

- Perikoop

Die perikoop is Hosea 1:1-2:1. Die eerste profesie is die uitbeelding van die huweliks- en familieverhouding wat daar tussen God en Israel bestaan. Hosea verteenwoordig God, Gomer verteenwoordig die ontroue vrou Israel. Die ontrouheid bestaan daaruit dat Israel die verbondsverplichting (om geen ander gode te dien nie) verbreek en ander afgode aanbid. Die kinders wat uit Hosea en Gomer se huwelik gebore word, is lewende profesieë deur die name wat die Here aan hulle toeken. Die Here verbind Homself aan Israel deur die verbond met Abraham, maar deur hulle ontrouheid verbreek die verhouding (Fee *et al.*, 2011:452).

Identifisering van die genre

Die boek van Hosea is profeties van aard (Fee *et al.*, 2011:452).

Analise van gedagtegang

Inleiding (1:1)

1. Die woord van die Here aan Hosea (1:2-3:5)

A. Die Here gee Hosea die opdrag om met Gomer te trou en saam kinders te hê (1:2-2:1)

1. Die verwerping van Gomer se kinders, asook die verwerping van Israel (1:2-9)
2. Die herstel van die verhouding tussen die Here en Israel (1:10-2:1) (Elwall, 1988:1002)

Identifisering van sleutelvers

Die sleutelvers is 1:10-12. Die gedeelte wys dat daar steeds 'n belofte van 'n beter toekoms vir Israel is. Alhoewel die volk verwerp word, sal daar ontferming wees en sal die Here getrou bly aan sy verbond met die nasie van Israel, al is die huidige geslag ontrou (Carson *et al.*, 1994:764).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die eerste perikoop handel oor die opdrag wat die Here vir Hosea gee. Hosea moet met 'n vrou trou wat ná die sluiting van die huweliksverbond ontrou aan hom was, soos wat Israel ontrou was aan die Here na afloop van die verbond wat Hy met Abraham gesluit het. Elkeen van die kinders wat Gomer baar, word met 'n profetiese naam benoem: "Jisreël" wat aandui dat die Here bande verbreek met die koningshuis van Israel as gevolg van hulle ontrouheid, "Lo-Rugama" wat aandui dat die Here sy verhouding met Israel verbreek, en 'Lo-Ammi" wat beteken dat die Here Israel as sy volk verwerp (Carson *et al.*, 1994:764). In 752 v.C. word die profesie vervul toe Sallum vir koning Sagaria vermoor en Jehu se nageslag van die troon verwyder is (2 Kon. 15:10) (Chrisholm, 1983:1381).

Hosea 2:23

Hosea 2:23 word aangehaal in Romeine 9:24-25 en word daarom ook hier eksegeties ondersoek.

Plasing van die teks in:

- Perikoop

Hosea 2:1-23: Israel is skuldig aan afgodery, soos ontrouheid in 'n huwelik, en sal gestraf word. Tog is daar ook die belofte van redding en herstel (Fausset *et al.*, 1997:650).

Identifisering van die genre

Die boek van Hosea is profeties van aard (Fee *et al.*, 2011:452).

Die identifisering van die sleutelvers van die perikoop

Vers 23 is die sleutelvers: Die verbond word hernu en die partye het 'n toekomsverwagting.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Hosea smee Gomer om haar ontrouheid te laat staan deur na haar vrugbaarheid te verwys. Sommige Israeliete het die vrugbaarheid van hul land toegeskryf aan die guns van Baäl, die Kanaänitiese afgod. Daarom sal die Here die vrugbaarheid van die land verwyder, sodat die mense kan sien wie werklik vir hulle voorsien. In vers 23 word die beloftes van trou tussen Israel en die Here weer afgelê (Fee *et al.*, 2011:453).

Romeine 9:25-26

Plasing van die teks

- Bybelboek

In hoofstukke 9-11 onderbreek Paulus sy bespreking aangaande verlossing met drie hoofstukke wat handel oor Israel. Wanneer die gedeelte bestudeer word, is dit duidelik dat hierdie bespreking belangrik was vir die daaropvolgende bespreking aangaan die regverdiging deur geloof. Hoofstuk 9 handel oor Israel se historiese uitverkiesing, hoofstuk 10 oor Israel se huidige verwerping van die heilsplan en hoofstuk 11 oor die toekomstige herstel van Israel (Wiersbe, 1989:543).

- Perikoop

Paulus bespreek die punt dat die Here verlossing belowe aan dié wat hy kies. Hy bewys die stelling deur na Israel se geskiedenis te verwys: die Here is die een wat verlossing gee en dit kan nie verdien word nie. Slegs van Abraham se nageslag is uitverkies, en op dieselfde manier word daar nou heidene en slegs 'n oorblyfsel van die Jode verkies (Carson *et al.*, 1994:1143).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Paulus verduidelik dat die Here in sy soewereiniteit 'n nuwe groep mense verkies wat bestaan uit beide Jode en heidene. In Romeine 9:25-26 Paulus pas Hosea 2:23 en Hosea 1:10 toe om die uitverkiesing as die vervulling van profesie te verklaar. Die tekste in hul oorspronklike plasing het gehandel aangaande Israel wat weer in hul verhouding met God herstel sou word (sien bespreking hierbo) (Carson *et al.*, 1994:1144).

Die konteks van die gehoor waaraan die teks gerig was

Die brief is gerig aan 'n gehoor wat bestaan uit beide Joodse en heidense Christene.

Die toekomsverwagting van die nasie van Israel.

Romeine 11:26

Plasing van die teks

- Bybelboek

Paulus se doel in hoofstuk 11 is om aan te dui en bewys te lewer dat die Here nog nie klaar is met die nasie van Israel nie. Hy bespreek die toekoms van Israel (Wiersbe, 1989:550).

- Perikoop

Paulus bied verskillende bewyse vir sy stelling dat die Here 'n toekomsplan vir die nasie van Israel het. In die perikoop (11:25-36) bewys hy dat God se karakter en werk uitgeleef word in die toekomsverwagting van Israel. Israel is die nasie wat God eerste vir homself gekies het, en dit verander nooit nie (Wiersbe, 1989:552).

Identifisering van die genre

Analise van gedagtegang

A. Die aard van God (11:25-36)

1. God se tydsberekening (11:25)
2. God se belofte (11:26)
3. God se verbond (11:27-28)
4. God se natuur (11:29)
5. God se genade (11:30-32)

6. God se wysheid (11:33-36)

Die identifisering van die sleutelpersone van die perikoop

Vers 29: God se beloftes en uitverkiesing is onherroeplik.

Raadpleging van eksegetiese bronne

God het 'n verbond met Israel gesluit, Hy het belowe om hulle te red. Hy sal sy belofte hou (Wiersbe, 1989:552).

Een van die groot gevare van die navolging van Israel-Visie teologie is dat diegene wat die teologie end-uit volg moontlik 'n punt kan bereik waar hulle die geldigheid van Christus as die Messias betwyfel. In sy mees ekstreme vorm word die Nuwe Testament verwerp en word die hoop van redding alleen binne die mens se insluiting in die Abrahamitiese verbond gevind.

4.2 Eksklusiwiteit/inklusiwiteit van God soos openbaar deur die Ou en Nuwe Testament

4.2.1 Ou Testament

Die versekering van uitverkiesing van Israel is geskoei op die feit dat God hulle voorouers uit slawerny in Egipte gelei het, hulle deur die woestyn gered het en hulle Kanaän as beloofde land gegee het. Hulle het God se mense geword omdat Hy na hulle hulpgeroep in Egipte geluister het, ingegryp het en hulle gered het (Bosch, 1991:17).

Die Here openbaar Homself aan hulle as die God van Abraham, Isak en Jakob en sluit met hulle 'n verbond op die Sinaiberg. God is vir hulle 'n God wat in die verlede gewerk het, asook 'n God wat hulle 'n toekoms belowe. God kies die volk van Israel sodat hulle in sy diens kan staan. Die Here verwag onder meer van Israel om weduwees, weeskinders, armes en vreemdelinge te versorg, om hulle seuns op die agtste dag te besny en om al die ander voorskrifte van die wet te onderhou.

Sou hulle versuim om hulle diens te volbring, verval die voordele van uitverkiesing (Bosch, 1991:18) omdat hulle die voorwaardes van die verbond verbreek. Die verbond met Abraham sluit 'n belofte vir die nasies in: dat Abraham en sy nasate (Israel) geseënd is sodat hulle 'n seën vir die nasies sal wees. Die Here as God van Israel is ook die Skepper en Here van die hele wêreld, en daarom kan Israel slegs hulle eie geskiedenis verstaan in die lig van die geskiedenis van die nasies, en nie as 'n aparte geskiedenis nie (Bosch, 1991:18).

Die belofte vir die nasies in die Ou Testament is dat hulle geroep word om die Here, eers in Silo en later Jerusalem, saam met die uitverkore volk te dien.

Die volgende Skrifgedeeltes skets die belofte: Die nasies wag vir die Here en vertrou op Hom (Jes 51:5). Sy heerlikheid sal aan hulle openbaar word (Jes 40:5). Alle mense tot die einde van die aarde word geroep om na die Here te kyk en gered te word (Jes 45:22). Hy stel sy kneg bekend as 'n lig vir die heidene (Jes 42:6; 49:6). 'n Hoofweg sal vanaf Egipte en Assirië tot by Jerusalem gebou word (Jes 19:23) en nasies word aangemoedig om na die berg van die Here op te trek (Jes 2:5) en om hulle duur skatte saam met hulle te neem (Jes 18:7). Die doel daarvan is om in die tempel in Jerusalem saam met die verbondsvolk te gaan aanbid (Ps 96:9) (Bosch, 1991:19).

Jesaja 51:5

Plasing van die teks

- Bybelboek

In hoofstuk 40 van die boek van Jesaja vervang Babilonië vir Assirië as die dominerende nasie in die antieke verre Ooste. Vanaf hoofstuk 40-66 word daar aangeneem dat Juda na Babilonië geneem sal word in ballingskap. Die periode van Juda se geskiedenis volg ongeveer 150 jaar nadat Assirië die noordelike ryk van Israel (die tien stamme) in 722 v.C. oorwin het (Fee *et al.*, 2011:380). Heelwat navorsers interpreteer die Jesaja boek as dat dit uit drie onderskeie dele bestaan naamlik:

- Eerste Jesaja (Jes 1-39) of Proto-Jesaja
- Tweede Jesaja (Jes-) of Deutero-Jesaja
- Derde Jesaja (Jes 56-66) of Trito-Jesaja.

Die verdeling is gebaseer op die literêre en historiese aspekte van die drie dele wat die verdeling moontlik maak en duidelik na onderskeie tydvakke in die volk se geskiedenis verwys; die hipotese is dat drie verskillende skrywers (of skrywerskole) vir die onderskeie afdelings verantwoordelik is maar dat dit deur Jesaja-teologie aaneengebind was. Die oorweging dat meer as een outeur die boek geskryf het, sou bepaal dat Jesaja die eerste gedeelte van die boek geskryf het (hoofstukke 1-39), en dat 'n dissipel van Jesaja die tweede deel (hoofstuk 40-55) of Deutero-Jesaja geskryf het, en 'n dissipel van die dissipel van Jesaja die derde deel (hoofstuk 56-66) of Trito-Jesaja geskryf het (Fee *et al.*, 2011:380). Die persone wat oor 'n eeu aan die boek gewerk het, was lede van dieselfde profetesekool wat deur teologiese gedagtes tot 'n eenheid gebind is en aanvanklik deur Jesaja ontwikkel is. Teologies kom daar egter ook enkele verskille tussen Deutero-Jesaja en die eerste gedeelte voor. Hoofstukke 1-39 vind waarskynlik in Jerusalem, of ten minste in Juda plaas, terwyl hoofstuk 40-66 in Babilon afspeel.

Die temas kan as volg verdeel word: oordeel oor Israel en die nasies is die tema in hoofstukke 1-39, terwyl hoofstukke 40-66 oor die toekomstige herstel van Israel handel. Dit is moontlik om die tematiese verdeling te maak sonder dat 'n verskeidenheid outeurs oorweeg word. Vir dié moontlikheid word hier gekies; dit is meestal die keuse onder meer konserwatiewe navorsers. Hiervolgens is dit moontlik dat die skrywer insig gehad het in die Babiloniese ballingskap deur profetiese insigte, eerder as wat die skrywer fisies teenwoordig was (Beaulieu, 2016).

- Perikoop

Die gedeelte spreek tot die regverdiges onder die mense van Israel. Hulle kan vertrou dat die Here sy verbondsooreenkoms met hulle met al sy voorwaardes en beloftes sal nakom (Fee *et al.*, 2011:397).

Identifisering van die genre

Jesaja is 'n boek van profesie wat ook klaagliedere, lofprysing en narratiewe verhale insluit.

Analise van gedagtegang

1. Rekonsiliasie en herbou (49:1-55:13)

A. Die dienaar van die Here (49:1-13)

B. Sion se kinders sal na haar terugkeer (49:14-21)

C. Israel se herstel (49:22-26)

D. Sonde en gehoorsaamheid (50:1-11)

E. Ewigdurende verlossing (51:1-52:12)

F. Die lydende dienaar (52:13-53:12)

G. Die nuwe verbond (54:1-17)

H. Versekering (55:1-13)

Bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop

Die profeet Jesaja het in die agtste eeu v.C. gelewe, en het vanuit sy tuisdorp, Jerusalem, geprofeteer. Hy het oor 'n tydperk van veertig jaar die woord van die Here aan Juda gebring (Fee *et al.*, 2011:380). Hy het tydens 'n baie stormagtige tyd van Israel se geskiedenis geleef. Tydens sy leeftyd het die profesieë van Amos, Hosea, Miga asook sy eie tot stand gekom en is die stamme van Israel (uit die noordelike ryk) in ballingskap weggevoer (tussen 734 en 722 v.C.). Hy profeteer ook aangaande die komende ballingskap van Juda na Babilon, wat in vervulling kom in die laaste deel van die boek (Carson *et al.*, 1994:629). Dit is verklaarbaar deur die teorie van Deutro- en Tritro-Jesaja en verskeie outeurs ingedagte te hou. Dit sal verduidelik hoekom dit moontlik was vir Jesaja om in detail te profeteer oor sake wat geen belang gehad het vir die mense in die 8'ste eeu nie.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die mense met wie die Here sy verbond hernu, die nuwe mense van die Here, ontvang die woord dat die Here se heerskappy nie net in Israel sal geld nie, maar dat die nasies ook die lig sal sien (Burge & Hill, 2012:673).

Jesaja 40:5

Plasing van die teks

- Perikoop

Hierdie gedeelte is profesieë van wat in die toekoms sal gebeur. Juda sal verlos word uit Babiloniese ballingskap onder koning Cyrus (Fausset *et al.*, 1997:473).

Identifisering van die genre

Jesaja is 'n boek van profesie wat ook klaagliedere, lofprijsing en narratiewe verhale insluit.

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die gedeelte handel oor 'n era wat voorlê waar die verhouding tussen die Here en sy mense herna sal word; daar sal vergifnis en rekonsiliasie wees. Daarmee is dit nie net Juda en Israel wat kan uitsien na die beloftes nie, maar ook heidene (Burge & Hill, 2012:663).

Jesaja 45:22

Plasing van die teks

- Perikoop

Die Here getuig teenoor die heidennasies dat Hy alleen God is. Daarmee saam bied Hy verlossing vir dié wat berou toon. Hierdie gedeelte is soos die Nuwe Testament tema van inenting. Paulus verwys na Christus as die een waarvan daar geprofeteer was in Jesaja 45:23 (Rom 14:11 en Fil 2:10-11) (Fee *et al.* 2011:395).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die wat God se oordeel oorleef, moet self oordeel of afgode waarlik lewe. Afgode kan nie die toekoms openbaar nie; net God kan sy planne vir Israel laat geskied. Die nasies moet na die Here draai en verlossing ontvang, of hulle sal ook geoordeel word (Burge & Hill, 2012:668).

Jesaja 42:6

Plasing van die teks

- Perikoop

Hierdie is die eerste van die “Dienaarsliedere”. God se Geesvervulde dienaar sal geregtigheid laat geskied in die wêreld en sal ook 'n lig wees vir die heiden nasies om tot redding te kom. Selfs Israel se vyande sal genade gebied word, maar afgodery sal veroordeel word (Fee *et al.*, 2011:394).

Raadpleging van eksegetiese bronne

God self het die dienaar gekies waarvan daar geprofeteer word. Die taal wat gebruik word, is in die styl waarin die verbond met Abraham gemaak was. Die teks word ook weergegee in verbondsterme en herinner aan hoe die Here belowe het dat Hy getrou sal wees teenoor Abraham se nageslag in terme van die verbond. Die dienaar sal die lig vir die nasies wees. Die heidene sal ook deel kan hê aan die verbond. Al die nasies sal deur die verbond met Israel verlossing kry en geloof in God hê (Burge & Hill, 2012:665).

Jesaja 19:23

Plasing van die teks

- Bybelboek

Hoofstukke 1-39 van die boek van Jesaja sluit historiese verhale in. Die verhale is in 'n min of meer kronologiese volgorde van Jesaja se aktiwiteite, die profesieë van verwoesting en die beloftes van hoop. Aanvanklik word oordeel uitgespreek teenoor die skynheilige leiers in Jerusalem, waarna daar uitsprake gemaak word aangaande die Siro-Eframitiese oorlog tydens die heerskappy van koning Ahas en die Filistynse opstand teenoor Assirië. God se oordeel is die oorheersende tema van hoofstuk 1-39 (Fee *et al.*, 2011:380).

- Perikoop

Egipte gaan verwoes word, maar ontvang 'n belofte wat aan geen ander heidennasie gemaak is nie. Egipte en Assirië sal algeheel deel van God se koninkryk word (Carson *et al.*, 1994:645).

Analise van gedagtegang

Jesaja 19:23 is deel van 'n kleiner afdeling in Proto-Jesaja wat handel oor die ander nasies en waardeur die profeet sy volksgenote daaraan wil herinner dat God in beheer van die geskiedenis van die hele wêreld is. Wanneer die volk dit verstaan, sal dit vir hulle duidelik word watter rol hulle God vervul maar ook waar hulle in sy plan inpas.

1. Profesieë oor die nasies (13:1-23:18)

A. Babel (13:1-14:23)

1. Die Here gaan Babel vernietig (13:1-22)

2. Redding van Israel (14:1-4)

3. Die spotlied wat die ondergang van die verdrukker aankondig (14:5-23)

B. Assirië word verslaan (14:24-27)

C. Uitspraak teen die Filistyne (14:28-32)

D. Uitspraak teen Moab (15:1-16:14)

E. Uitspraak teen Damaskus en Israel (17:1-14)

1. Ellende wag op God se vyande (17:12-14)

F. Ellende wag vir die mense van Kus (18:1-7)

G. Uitspraak teen die mense van Egipte (19:1-20:6)

1. Die teken van die kaal profeet (20:1-6)

H. Babilonië, Edom en Arabië (21:1-17)

1. Uitspraak teen Babel (21:1-10)

2. Uitspraak teen Edom (21:11-12)

3. Uitspraak teen Arabië (21:13-17)

I. Jerusalem (22:1-25)

1. Die mense van Jerusalem leef gesteurd (22:1-4)

2. Die koms van die Here is naby (22:5-7)

3. Jerusalem se pogings tot selfverdediging is tevergeefs (22:8-11)

4. Jerusalem se vreugde sal verander in rou (22:12-14)

5. Waarskuwing teen Sebna en Eljakim (22:15-25)

Raadpleging van eksegetiese bronne

Egipte sal tot 'n algehele val kom. Daar sal droogte wees en leiers sal hulle na afgode wend. God oordeel Egipte met die doel dat Hy Homself aan die Egiptenare wil openbaar, en dat hulle Hom sal aanbid. Daardeur sal Egipte genees word en Egipte en Assirië sal deel uitmaak van God se volk (Fee *et al.*, 2011:389).

Jesaja 2:5

Plasing van die teks

- Perikoop

Hier word die skoonheid van die stad van God geopenbaar. Die rol van die stad van God is om mense na God toe te roep, want hulle het God se waarheid en heerskappy nodig. Alle nasies sal nader aan die Here getrek word (Carson *et al.*, 1994:635).

Analise van gedagtegang

1. Profesieë teen Juda (1:1-12:6)
 - A. Oordeel en vertroosting: Deel een (1:1-2:5)
 - B. Oordeel en vertroosting: Deel twee (2:6-4:6)
 - C. Oordeel (5:1-30)
 - D. Jesaja se roeping (6:1-13)
 - E. Krisisperspektief ((7:1-8:22)
 - F. Die Messias (9:1-7)
 - G. God se wraak (9:8-10:34)
 - H. Die loot uit Isai (11:1-16)
 - I. Lofprysing (12:1-6)

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die mensdom moet hulself aan die Here onderwerp, dan sal God self oor hulle heers. Onder sy heerskappy sal daar dan vrede heers oor die wêreld (Fee *et al.*, 2011:381).

Jesaja 18:7

Plasing van die teks

- Perikoop

Die gedeelte verwys na Ethiopië. Die Israeliete het aanvanklik vir die Ethiopiërs geskenke geneem sodat daar 'n alliansie gevorm kon word en Ethiopië as 'n beskermmer van Israel kon funksioneer. Die Here sal geduldig wag en oordeel, en as gevolg van die oordeel sal die Ethiopiërs nou geskenke vir die Here bring, om die Here se guns te wen sodat hulle ook redding kan ontvang (Burge & Hill, 2012:647).

Raadpleging van eksegetiese bronne

Die gedeelte profeteer dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer die mense van Ethiopië geskenke en offers aan die Here sal bring. Hulle sal die Here dien en deel uitmaak van sy volk (Fausset *et al.*, 1997:450). Vir talle van sy volksgenote moes dit problematies gewees het om te dink dat heidene deel van God se uitverkore volk sou wees. Die geval van Jona verwys hierna, hoe die profeet teensinnig is om 'n boodskap na Nineve, sy volk se vyand te bring, omdat hy bang is God sal hulle red.

In die Ou Testament bly Israel die middelpunt van die verhouding van God en die wêreld. Israel behou 'n negatiewe idee van die nasies. Die politieke en sosiale omstandighede van die mense van die verbond bly verbokkel, en daar ontwikkel 'n sterk teologie van 'n Messias wat die nie-Joodse nasies sal oorwin en die volk uit onderdrukking sal red. Die vooruitsigte is gewoonlik gekoppel aan die verwagting dat Israel oor die wêreld sal heers, en alle nasies sal oorheers. Dit is in dié konteks en klimaat waarin Jesus gebore word (Bosch, 1991:20).

4.2.2. Nuwe Testament

Die bediening van Jesus het 'n sterk inklusiewe element gehad. Die armes en die rykes, dié wat onderdruk word en dié wat onderdruk, die sondaar en die godvresende³⁰ word ingesluit.

³⁰ 'n Godvresende verwys na iemand wat in eerbied tot God 'n heilige lewe lewe (Baker's Evangelical Dictionary of Biblical Theology. 1996. Godly. <https://www.studydrive.org/dictionaries/bed.html?action=search&s=godly> Accessed on: 5 Oct. 2018.)

4.2.2.1. Jesus en vroue

Daar is 'n groot verskil tussen die plek van vroue in die antieke kultuur en Jesus se houding en gedrag teenoor vroue. Die Griekse gebruik was dat vroue van 'n jong ouderdom slegs toegang tot die vroue kwartiere kon hê. Dogters het geen opvoeding ontvang nie, slegs dit wat nodig was sodat hul hulle dagtake kon verrig. Die Romeinse filosoof, Seneca, het die houding teenoor vroue in die Romeinse kultuur opgesom deur te stel dat mans bestem is om te heers terwyl vroue hulself stilweg moet onderwerp. Die Jode het vroue verbied om in howe getuienis te lewer, sy mag nie 'n tafelgebed gedoen het nie, en vrou (sowel as slawe en kinders) mag nie toegang gehad het tot sekere dele van die Torah nie (Van der Walt, 2007:205).

Jesus se houding teenoor die vroue was heeltemal anders. In Johannes 4:1-27 lees ons hoe Jesus met die Samaritaanse vrou by die put naby Sigaar in gesprek tree. Die dissipels is verras want dit is buite die norm vir 'n Jood om met 'n Samaritaan in gesprek te wees, wat nog van 'n Samaritaanse vrou! (Van der Walt, 2007:206).

Die gelykenisse wat Jesus vertel het, het dikwels ook die beelde van 'n vrou se daaglikse bestaan geïnkorporeer. Die gelykenis van die suurdeeg (Mat 13:33), die verlore muntstuk (Luk 15:8-10), die weduwee en die regter (Luk 18:1-5) en die tien maagde (Mat 25:1-3) handel alles oor sake wat elke vrou kon verstaan (Van der Walt, 2007:206).

Vroue was ook ingesluit by die wonderwerke wat Jesus verrig het. Die dogtertjie van Jairus en die vrou met bloedvloeïing (Mark 5:21-43), die Siro-Fenisiëse vrou (Mark 7:24-30), die opwekking van 'n weduwee se seun by Nain (Luk 7:11-17), die vrou wat agtien jaar onder bose geeste gelei het (Luk 13:10-17), Petrus se skoonma (Mark 1:29-31) en Maria Magdalena wat van besetenheid bevry was (Luk 8:2) (Van der Walt, 2007:206).

Daar was deurentyd vroue in Jesus se geselskap gevind. Ons lees in Lukas 8:1-3 van die vroue wat Jesus se geselskap gevolg het en finansieel ondersteun het, toe Jesus gekruisig was het al die dissipels gevlug en slegs die vroue het agter gebly (Luk 23:49), in Matteus en Johannes se weergawes van die opstanding is dit vroue wat die eerste ooggetuies van die opstanding was (Mat 28:9-10; Joh 20:14-18) (Van der Walt, 2007:206).

4.2.2.2. Jesus en kinders

In die antieke kultuur was kinders beskou as 'n irritasie. Jesus verwelkom die kinders en seën hulle in Markus 10:13-16 en dit gee vir ons 'n aanduiding van Jesus se houding teenoor kinders. Jesus leer die dissipels dat wat nie verander en word soos klein kindertjies nie, sal nie in die koninkryk van die hemel kom nie, en wees vir elkeen wat een kind wat in Jesus glo afvallig laat raak (Mat 18:1-7) (Van der Walt, 2007:207).

4.2.2.3. Jesus en heidene

’n Groot verskeidenheid mense se paaie het met Jesus gekruis. Die wyse manne (Mat 2:1-12), die Samaritaanse vrou (Joh 4), die Romeinse offisier wie se slaaf amper omgekom het (Mat 8:5-13), die Siro-Fenisiëse vrou wat by Jesus gepleit het om haar dogter se lewe (Mark 7:24-30) en die Grieke wat Jesus kom besoek het (John 12:20-22) (Van der Walt, 2007:208).

4.2.2.4. Jesus en sondaars

Die missionêre aspek van Jesus se bediening word deur sy ingryping in mense se lewens openbaar. Mense wat pyn ervaar, deur die dood of siekte gebind word, van duiwels besete is, in sonde lewe en in liefdelose selfgeregverdiging lewe, word deur Jesus vrygemaak deur die krag van God (Bosch, 1991:32). Op dié wyse manifesteer hy die koninkryk of koningsheerskappy van God oor die wêreld, wat ook die primêre tema van sy prediking is.

Jesus se bediening van sondaars kan gesien word uit die roeping van Levi (Mark 2:13-17), die sondige vrou wat Jesus se voete met haar tranes gewas het (Luk 7:36-50), die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk 18:9-14), Saggéüs, die hooftollenaar in Jerigo (Luk 19:1-10), die vrou wat in owerspel gevang was (Joh 8:1-14) en die sondaar aan die kruis langs Jesus wat tot bekering gekom het (Luk 23:39-43).

4.3. Inklusiwiteit teenoor eksklusiwiteit in die Christelike kerk

Christus het aan sy dissipels die opdrag gegee om die goeie nuus te bring, eerstens in Jerusalem maar ook in die hele Judea en Samaria en tot aan die eindes van die aarde (Hand 1:8). Die boodskap moes eers verkondig word aan die Jode wat in Israel woon. Tydens Pinkster het Petrus die eerste boodskap in Jerusalem verkondig waartydens talle mense, van ander nasies ook, die boodskap gehoor het (Hand 2:14-36), en daarna het Christen-Jode die boodskap na Judea en Samaria versprei.

Die voorkoms van tale tydens die uitstorting van die Gees verwys ook na die uitreiking van God na die nasies; die vloek van Babel word opgehef en alle nasies hoor, elkeen in sy eie taal, hoe God groot gemaak word. Die gevolg daarvan was dat die vroeë kerk hoofsaaklik uit bekeerde Jode bestaan het (Cairns, 1954:59).

Later verkondig Filippus in Handeling 8:5-25 die goeie nuus aan diegene wat nie van Joodse herkoms is nie, die Samaritane. In Handeling 10:1-43 verkondig Petrus in Sesarea die goeie nuus in die huis van Kornelius, 'n Romeinse heiden. Alhoewel die boodskap aanvanklik aan Jode verkondig was, was dit nie lank nie voordat daar 'n groot nie-Joodse kerk in Antiochië ontstaan het. Paulus het vanuit dié kerk sy bediening begin om die goeie nuus aan die heidene bekend te maak (Cairns, 1954:62).

Daar word ook in Handeling 8:26-40 vermelding gemaak van 'n Etiopiese hofdienaar wat tot bekering gekom het en deur Filippus gedoop is. Die algemene interpretasie van die teksgedeelte is dat Lukas gepoog het om die belang van missionêre werk te beklemtoon (Kartzow & Moxnes, 2010:185).

In Handeling 15 word die vroeë kerk gekonfronteer met die vraag of heidene werklik gered kan wees as hulle glo, maar nie besny word soos wat die gebruik van Moses bepaal nie. Die saak wat ter sake is, is die identiteit van heidene wat nou ook deel uitmaak van die mense van God. Na 'n intense bespreking neem die vroeë kerk die besluit dat heidene en Jode nou gelyk is. Die uitspraak in vers 9 lui dat God die Heilige Gees aan heidene wat tot bekering kom gee net soos wat hy die Heilige Gees gee aan Jode wat tot bekering kom. Daar is dus geen onderskeid meer nie. Die Joodse konsep van uitverkiesing word hierdeur uitgedaag. Die Jode het hul uitverkiesing gebaseer op die onderhouding van elke letter van die wet, maar nou is die fokus die werk van verlossing wat God doen in mense se harte waardeur hulle gered word. Omdat verlossing en reiniging nie deur menslike aksies nie, maar deur God self bewerkstellig word, is daar in Christus nie meer onderskeid tussen Jood en heiden nie. Dit is genade wat mense red, en almal word gered deur die genade van Jesus Christus (Hand 5:11) (Burge & Hill, 2012:1196).

4.4 Gevolgtrekking

Vanuit die Abrahamitiese verbond sowel as die ander relevante gedeeltes van die Ou en Nuwe Testament blyk dit dat dit van staanspoor die Here se doel was om aanbidding te ontvang van alle nasies. Alhoewel Abraham en sy nageslag deel uitmaak van die uitverkore volk, is daar ook 'n fokus op die inkorporasie van die nasies. Een van die groot geloofspilare van die Israel-Visie of Brits-Israeli beweging is dat slegs die nageslag van Abraham verseker kan wees van uitverkiesing en dat geen ander nasie of mense-groep gered sal wees nie. Aan die hand van Bybelse gegewens is so 'n standpunt van eksklusivisme onaanvaarbaar.

HOOFSTUK 5 SAMEVATTING EN SINTESE

5.1 Samevatting

Die aanvanklike navorsingsprobleem wat gestel is, was die vraag of die Brits-Israeli en Israel-Visie beweging gewild is onder wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners omdat daar 'n soeke na identiteit onder die kultuurgroep is ná die vorming van die “Nuwe Suid-Afrika”. Dit was ook belangrik om die ontstaan en leerstellings van die groep te beskryf.

Die Brits-Israeli beweging het in die agtiende eeu in Engeland ontstaan. Die eerste proponent van die ideologie was Richard Brothers (1757-1824). Hy het verkondig dat die volk Israel bestaan uit blankes vanuit Anglo-Saksiese herkoms. Volgens hom was dit die verlore stamme van Israel wat in 722 v.C. deur die Assiriërs uit Israel weggevoer is wat versprei het deur na Noordelike Europa te trek, en verder deur (veral Britse) kolonialisme versprei het deur die wêreld. Hierdeur word die nasate van Israel (Brits-Israeli's) deel van die beloftes wat deur die verbond aan Abraham gemaak was, en dit word beperk tot (sommige) blanke Europeërs. Dit sluit in dat hulle die ontvangers van die beloftes aan Abraham, van uitverkiesing en grondbesit, en met die vereiste dat hulle hulle rasegtheid beskerm, word.

Die beweging groei deur die werk van John Wilson (?-1871) in Engeland. Hy skoei die beweging op sy huidige pilare:

- Die Skrifte wat gebruik word om die geloofsoortuiging te ondersteun
- Die tien stamme van Israel is die voorvaders van die blanke inwoners van Brittanje, insluitend die Britse kolonies
- Jode is nie die ware Israel nie
- Eskatologiese determinisme
- Bybelse beloftes vir die uitverkorenes van God, d.w.s. die Brits-Israeli's en hul nasate

F.W.C. Naser word beskou as die voorloper van die beweging in Suid-Afrika. Hy het in 1986 die werk, “Die verlore stamme van Israel”, gepubliseer. Daarin word die geloofsoortuigings van die Suid-Afrikaanse Brits-Israeli beweging (Israel-Visie) of “Die Kerk van die Verbondsvolk” bespreek. Hy maak die volgende belangrike afleidings:

- Die blanke Westerse nasies verteenwoordig die tien stamme van Israel; hulle is die nageslag van Abraham
- God het 'n ewigdurende verbond met Abraham gesluit, en daarom is die verbond ook geldig vir Abraham se nageslag.

- Die verbond sluit die volgende aspekte in:
 - Die tien stamme is die uitverkorenes en God bemoei Hom slegs met hierdie groep mense
 - Grond en grondgebied (die beloofde land) behoort aan die nageslag en daarom behoort die grond as verbondsreg aan wit Suid-Afrikaners
 - Die voorwaarde van die verbond is afsondering van ander mense en rasegtheid.

Wanneer daar gekyk word na die aspekte van die historiese kultuur van die wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner, is dit waarneembaar dat daar baie oorvleueling tussen die Israel-Visie (Brits-Israeli) en die kultuur aspekte is:

- Talle Afrikaanssprekendes se waardes was tradisioneel gewortel in die geloof dat hulle 'n roeping gehad het om die evangelie (asook die Westerse beskaving) in donker Afrika in te dra, dat hulle uitverkies was om die land van Afrika te besit en te tem.
- Grondbesit en -benutting was vanaf volksplanting van groot belang
- Afrikaners was rasbewus en assimilasië met ander kulture en rasse is vir lank verwerp

Groot sosio-politieke verandering het in die negentiger jare van die vorige eeu in Suid-Afrika plaasgevind. Daar was 'n herordening van sosiale strukture waarin die hiërargie van kulture, rasse en gelowe in Suid-Afrika heroorweeg is. Op die oomblik word Afrikaanssprekende witmense dikwels in 'n baie negatiewe lig beskou vanweë hulle aandeel in die vestiging van die apartheidsbeleid en hulle historiese bevoorregting daaruit, en hulle word onderwerp aan regstellende aksie asook grondhervorming. Hierdie sosio-politieke veranderinge het veral sommige konserwatiewe Afrikaners genoop om self-identiteit en kultuur te hersien, dikwels in radikale terme en op rassistiese gronde.

Geloofspraktyke speel 'n groot rol in die ontwikkeling van identiteit en verskaf 'n ideologie-ryke konteks vir identiteitsontwikkeling. Die feit dat daar soveel oorvleueling tussen die Israel-Visie ideologie en die historiese wit Afrikaanssprekende kultuurkonteks is, lei daartoe dat dit maklik is vir Afrikaanssprekendes wat soekend is na 'n nuwe identiteitsbasis om daardie ideologieë aan te neem.

Die ideologie word gebaseer op die interpretasie van die verbond met Abraham waarin dit uitsluitlik die nageslag van Abraham is met wie die Here in 'n verhouding staan. Alle ander rasse en mensgroepe word daardeur uitgesluit.

Wanneer die verbond wat gesluit was met Abraham nagegaan word, is daar egter 'n duidelike inklusiewe element: Abraham en sy nageslag word geseën sodat die nasies ook daardeur geseën kan ontvang. Elke daaropvolgende verbond wat met die nasie van Israel gesluit word, bou voort op die aanvanklike verbond met Abraham en ontwikkel as 'n progressie met die nuwe

verbond as klimaks, waardeur elkeen wat glo die ewige lewe kan ontvang. Die inklusiwiteit van die nuwe verbond word geopenbaar deur die werk van die dissipels wat die goeie nuus aan alle mense, Jode en Grieke, slaaf en vry, man en vrou, verkondig het.

Die groot gevaar van die denkwys is dat diegene wat die Israel-Visie of Brits-Israeli beweging se ideologie end-uit volg, Christus as Messias en enigste pad tot redding bevraagteken of algeheel verwerp terwyl dit meeste ander mense uitsluit uit God se heilsplan wat duidelik vir alle mense voorsiening maak (Rom 3:23; 6:23).

5.2 Model

Omdat Brits-Israelisme 'n invloed op Afrikaanssprekende Christene uitoefen, is dit belangrik dat die kerk sy lidmate toerus om te verstaan wat die gevaar van die ideologie is wat in Brits-Israelisme opgesluit lê. Die volgende inligting kan nuttig wees om 'n model te ontwikkel wat gebruik kan word vir die toerusting van lidmate.

Die volgende belangrike geloofspilare van die Brits-Israeli beweging onder Afrikaners kan geïdentifiseer word:

- Die blanke Westerse nasies verteenwoordig die tien stamme van Israel;
- Die tien stamme is die nageslag van Abraham;
- God het 'n ewigdurende verbond met Abraham gesluit. Hierdie verbond is ook met die nageslag (d.w.s. die tien stamme van Israel) gesluit;
- Die verbond sluit die volgende ewigdurende aspekte in:
 - Die tien stamme is uitverkies om die volk van God te wees; daarom is hulle verhewe bo enige ander nasie. Die Here van die verbond bemoei Hom slegs met hierdie groep mense;
 - Die beloofde land (grond en grondgebied) behoort aan die nageslag van witmense. Suid-Afrika is die besitting van die uitverkore volk van God in dieselfde terme as wat Kanaän die ewigdurende besitting van Israel geword het. In die lig van die huidige grond debat is die relevansie van so 'n standpunt onder sommige witmense onder die soeklig;
 - Die voorwaarde vir God se verbond is dat hulle hulself moet afsonder van ander nasies en hul ras suiwer hou deur geen vorm van ondertrouery toe te laat nie;
- Die beloftes is gebaseer op Genesis 12:1-4; 18:18, 22:18 en 24:3-8 (Neser, 1986:25).

Die verbond met Abraham sluit die uitverkiesing van sy nageslag in, maar dit word ook gesluit tot voordeel van die nasies. Die uitverkiesing word beskou in die lig van die Abrahamitiese verbond, waar Abraham en sy familie uit genade gekies word, en so die uitverkore volk van God geword het. Die saad van Abraham, Isak en Jakob word uitverkies, sodat hulle 'n seën vir die nasies kan wees (Gen 15:18-21; 17:1-15).

Ou Testament

Die belofte vir die nasies in die Ou Testament is dat hulle geroep word om die Here in Jerusalem saam met die uitverkore volk te dien.

Die volgende Skrifgedeeltes skets die relevante beloftes:

- Die nasies wag vir die Here en vertrou op Hom (Jes 51:5).
- Sy heerlijkheid sal aan hulle openbaar word (Jes 40:5).
- Alle mense tot aan die einde van die aarde word opgeroep om na die Here te kyk en gered te word (Jes 45:22).
- Hy stel sy dienskneg bekend as 'n lig vir die heidene (Jes 42:6, 49:6).
- 'n Hoofweg word vanaf Egipte en Assirië tot by Jerusalem gebou (Jes 19:23), nasies word aangemoedig om na die berg van die Here op te trek (Jes 2:5) en om hulle duur skatte saam met hulle te neem en vir die Here en sy volk te gee (Jes 18:7).
- Die doel daarvan is om in die tempel in Jerusalem saam met die verbondsvolk te gaan aanbid (Ps 96:9).

Nuwe Testament

Jesus stel vir die kerk 'n voorbeeld van inklusiwiteit. Hy bedien Jood, nie-Jood, man, vrou, vry en slaaf sonder om onderskeid tussen mense te maak. Kerkleiers kla gereeld dat Hy Hom tussen sondaars en tollenaars bevind en dat prostitute na Hom stroom. Elkeen met 'n behoefte kon na Jesus nader, en Hy het niemand weggewys nie. Hy het 'n daadwerklike impak op mense se lewens gehad, nieteenstaande hulle herkoms, geslag of sosiale posisie. Selfs kinders het sy aandag gekry. En Hy het Hom ook met nie-Jode bemoei deur die Samaritaanse gebied asook die area van Transjordanië te besoek, iets wat Jode vermy het omdat hulle onrein geword het deur hulle kontak met nie-Jode.

Paulus skryf baie oor wie Israel in terme van die nuwe verbond is. Die tema word breedvoerig in veral die boek van Romeine bespreek. Die kwalifikasie vir insluiting in die "mense van God" is

geloof in Christus. Daardeur word Jood en nie-Jood toegang gebied tot die nuwe verbond - elkeen wat glo, sal gered wees. Alhoewel daar 'n werklike toekoms vir die nasie van Israel is, is daar nou 'n ander kwalifikasie om deel te wees van God se mense, en dit is deur geloof in Christus Jesus, die Messias.

Vroeë kerk

Daar is menige gevalle waar die apostels en dissipels van die vroeë kerk die goeie nuus aan nie-Jode verkondig het:

- In Handeling 8:5-25 verkondig Filippus die Goeie Nuus aan die Samaritane;
- Nadat Petrus 'n visioen gehad het oor wat in die nuwe verbond kwalifiseer as rein en onrein, gaan hy aan huis van Cornelius, die Romeinse heiden, en die hele huishouding kom tot bekering (Hand 10);
- Paulus fokus vernameelik op nie-Jode om die goeie nuus te versprei, en het sy roeping beskryf as om die goeie nuus aan die heidennasies te verkondig (Rom 1:5);
- Filippus deel die goeie boodskap oor Christus met die Ethiopiese hofdienaar en die man kom tot bekering en word gedoop (Hand 8:26-31).
- In Handeling 15:1-21 bepaal die raad in Jerusalem dat heidene wat tot bekering kom nie besny hoef te word soos wat daar deur die gebruik van Moses bepaal word om insluiting by die volk van God te verseker nie. Dit is genade wat beide Jood en nie-Jood red en daarom is daar nie meer onderskeid tussen Jood en nie-Jood in Christus nie.

Die gevaar

Die gevaar van die leerstellings soos wat dit vervat word in die Israel-Visie ideologie is dat diegene wat die teologie end-uit volg moontlik 'n punt kan bereik waar hulle die geldigheid van Christus as die Messias betwyfel. In sy mees ekstreme vorm word die Nuwe Testament verwerp en word die hoop van redding alleen gevind binne die mens se insluiting in die Abrahamitiese verbond.

BRONNELYS

Afrikaner volksparty. 2011. Waarom het ons volk so liberaal geword?

<http://afrikanervolksparty.org/index.php/152-ou-web-argief/gawie/4420-waarom-het-ons-volk-so-liberaal-geword.html> Datum van gebruik: 18 Mei 2018.

Ankura.net. 2006. Die Israel-Visie. <https://www.ankura.net/2006/05/02/die-israelvisie1/> Datum van gebruik: 10 Mei 2018.

Barkun, M. 1997. Religion and the racist right. Chapel Hill: The University of North Carolina Press.

Beaulieu, S. 2016. Deutero-Isaiah. Barry, (In J.D. Bomar, D. Brown, D.R. Klippenstein, R. Mangum, D. Sinclair Wolcott, C. Wentz, L. Ritzema, E. Widder, W. The Lexham Bible Dictionary. Bellingham:Lexham Press.)

Beyers, J. 2017. Religion and culture: Revisiting a close relative. HTS Teologiese Studies. 73(1)a3864. <https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.3864>.

Bosch, D.J. 1991. Transforming mission. New York: Obis Books.

Bowman, C. 2006. Reading the twelve as one: Hosea 1-3 as an introduction to the book of the twelve (the minor prophets). *Stone-Campbell Journal*. 9(1):41-59.

Bratcher, R.G. Hatton, H.A. 1997. A handbook on Deuteronomy (UBS Handbook: Deuteronomy). Philadelphia: American Bible society.

Brothers, R. 1822. Correct Account of the Invasion of England by the Saxons, showing the English Nation to be Descendants of the Lost Ten Tribes. London: Robert Banks.

Burge, G.M. & Hill, A.E. 2012. The Baker illustrated Bible commentary. Grand Rapids: BakerBooks.

Burger, N.A. 1997. Rigers onder die suiderkruis. Ladysmith: Vaandel uitgewers.

Cairns, E.E. 1954. Christianity through the centuries. Grand Rapids: Zondervan.

Carson, D.A., France, R.T. Motyer, J.A. & Wenham, G.J. 1994. The new Bible commentary. Downers Grove: IVP Academic.

Chrisholm, R.B. 1983. Hosea (*In* Zuck, R.B. Walvoord J.F. *ed* The Bible Knowledge Commentary. Wheaton: Victor Books.)

Dake, F.J. 1963. Dake's annotated reference Bible. Lawrenceville: Dake Bible Sales inc.

Daniel, L. 2018. Land expropriation hearings, day two: Five talking points. *The South African*, 5 September. <https://www.thesouthafrican.com/land-expropriation-day-two-five-talking-points/> Accessed on: 6 Sept. 2018.

Dean, A.D. 2014. Covenant, conditionality and consequence: new terminology and a case study of the Abrahamic covenant. *Journal of the Evangelical Theological Society*. 57(2):281-308.

Durham, M. 2008. Christian Identity and the Politics of Religion. *Totalitarian Movements and Political Religions* 9(1):79-91.

Eksteen, M.C. 1980. Die worstelstryd teen wêreldheersers en owerhede. Bloemfontein: Lettertone.

Elwall, W.A. 1988. Baker encyclopedia of the Bible. Grand Rapids: Baker Book House.

Erasmus, P.A. 2005. Antropologiese spel met identiteit: selfrefleksie op die Afrikaner. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 45(2):232-243.

Erikson, M.J. 2013. Christian theology. 3rd ed. Grand Rapids: Baker Academic.

Fausset, A.R., Jamieson, R. & Brown, D. 1997. Commentary critical and explanatory on the whole Bible. Hartford: S.S. Scranton Co.

Fee, G.D., Hubbard, R.L. & Tappy, C.G. 2011. The Eerdmans companion to the Bible. Grand Rapids: Eerdmans.

Finlay, W.G. 1962. Die grense van die volke. Burnaby: Federation of covenant people.

Greidanus, S. 1999. Preaching Christ from the Old Testament. Grand Rapids: Eerdmans.

Greyling, C. 1992. From Hyper-Imperialist to Super-Afrikaner: The developments within a white theology. *Journal for the Study of Religion*. 5(2):47-63.

Grobler, J. s.a. Brits-Israelisme. https://www.gkbellville.org/bybelstudies/brits_isr.pdf Datum van gebruik: 1 Sept. 2018.

Hall, R. 2018. Land expropriation without compensation: What does it mean? *News24*, 4 March. <https://www.news24.com/Columnists/GuestColumn/land-expropriation-without-compensation-what-does-it-mean-20180304-5> Accessed on: 6 Sept. 2018.

Hayes, S.R. 1986. Suid-Afrika: Die land oorkant die rivier van Kus. Plaston: S.R. Hayes.

Hayes, S.R. 1990. Die lewendes en die dooies. Plaston: Die saaier.

Hebrew Nations. 2009. Biblical Proof, Brit-am/Hebrew Nations, Brit'Isr. <http://hebrewnations.com/articles/biblical-proof/ba/brit-ish.htm> Accessed on: 5 Mar. 2018.

Hill, A.E. & Walton, J.H. 1991. A survey of the Old Testament. Grand Rapids: Zondervan.

Howie, C.G. 1957. The Bible and Modern Religions: VII British-Israelism and Pyramidology. *Source Interpretation*. 11(3):307-323.

Jacobs, J. n.d. Anglo-Israelism. (*In Jewish Encyclopedia.com*. <http://www.jewishencyclopedia.com/articles/1524-anglo-israelism> Accessed on: 22 Feb. 2018).

Kaell, H. 2015. Born-again seeking: explaining the gentile majority in messianic Judaism. *Religion*. 45(1):42-65, DOI: 10.1080/0048721X.2014.949899.

Kartzow, M.B. & Moxnes, H. 2010. Complex identities: ethnicity, gender and religion in the story of the Ethiopian eunuch (Acts 8:26-40). *Religion & Theology*. 17(3):184-204.

Kehila News Israel. n.d. Directory of Messianic Organizations in Israel.
http://app.kehilanews.com/directory?gclid=CjwKCAiAmb7RBRATEiwA7kS8VFMJeOgmWT3tKywT4UyBr1ghOFZ8WmPJECZhY2hnTCQibg6f8PU0fRoCddkQAvD_BwE Accessed on: 13 Dec. 2017.

Kepe, T. & Hall, R. 2016. Land redistribution in South Africa.
https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Pages/2017/october/High_Level_Panel/Commissioned_Report_land/Commissioned_Report_on_Land_Redistribution_Kepe_and_Hall.pdf
Accessed on: 6 Sept. 2018.

King, P.E. 2003. Religion and Identity: The Role of Ideological, social and spiritual contexts. *Applied Developmental Science*. 7(3):197-204.

Korf, J. & Malan, L. 2002. Threat to ethnic identity: The experience of white Afrikaans-speaking participants in postapartheid South Africa. *The Journal of Social Psychology*. 142(2):149–169.

Malan, J. s.a. Die verbondsvolk Israel: Wie is hulle?
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Israelvisie.htm> Datum van gebruik: 23 Mrt. 2018.

Neser, F.W.C. 1982. Die verlore tien stamme van Israel. Wonderboom: Jotha Drukkers.

Niehaus, J.J. 2010. Covenant and narrative, God and time. *Journal of the Evangelical Theological Society*. 53(3):535-559.

Niehaus, J.J. 2013. God's covenant with Abraham. *Journal of the Evangelical Theological Society*. 56(2):249-271.

Martin, W.R. 1965. The Kingdom of the Cults. Minnesota: Bethany Fellowship, Inc Publishers.

Mendenhall, G.E. "Covenant" in *Encyclopaedia Britannica* (Britannica.com, 2012).

Murray, A.H. 1947. Die Afrikaner se Kerkgeskiedenis 1803-1910. Kaapstad: Haum Uitgewer.

Palmer Robertson, O. 1980. The Christ of the covenants. New Jersey: Presbetarian and Reformed Publishing Co.

Rand, H.B. 1955. Study in Hosea. Merrimac: Destiny Publishers.

Reyburn, W.D. & McGregor E. eds. 1997. A handbook of Genesis (UBS translators handbook). Philadelphia: American Bible society.

Roberts, C.H. 2003. Race over grace: the racist religion of the Christian Identity movement. Lincoln: iUniverse, Inc.

Scholtz, G.D. s.a. Liberalisme in die perswese. <http://gelofteland.org/index.php/ons-volk/233-afrikaner-liberalisme/5385-afrikaner-liberalisme-7.html> Datum van gebruik: 18 Mei 2018.

Scholtz, J.J. 2017. Israelologie: 'n Bybelsteologiese perspektief oor Israel se verlede, hede en Toekoms. *In die Skriflig* 51(1), a2231. [https://doi.org/ 10.4102/ids.v51i1.2231](https://doi.org/10.4102/ids.v51i1.2231).

Smith, M. 2017. Rightwing religions: where do they come from? *IOL News*, 17 Junie.
<https://www.iol.co.za/news/politics/rightwing-religions-where-do-they-come-from-108250>
Accessed on: 22 Aug. 2017.

Statssa. 2012.
http://www.statssa.gov.za/census/census_2011/census_products/Census_2011_Census_in_brief.pdf Accessed on: 17 May 2018.

Sternberg, R.J. 1995. *Psychology: In search of the human mind*. Orlando: Harcourt, Inc.

Stone of Scone. 1998. (*In Encyclopedia Britannica*. <https://www.britannica.com/topic/Stone-of-Scone> Accessed on: 23 Mar. 2018).

The British-Israel-World Federation. n.d. Other British-Israel organizations.
<http://www.britishisrael.co.uk/otherbiwfs.php> Accessed on: 27 Sept. 2017.

The Baker's Evangelical Dictionary of Biblical Theology. 1996. Covenant.
<https://www.biblestudytools.com/dictionary/covenant/> Accessed on: 10 Oct. 2018.

The Baker's Evangelical Dictionary of Biblical Theology. 1996. Godly.
<https://www.studydrive.org/dictionaries/bed.html?action=search&s=godly> Accessed on: 5 Oct. 2018.

The British-Israel-World Federation. n.d. Our History. <http://www.britishisrael.co.uk/history.php>
Accessed on: 15 Sept. 2017.

Van der Kooi, P. 2003. Die "Israel-Visie"- 'n verwronge skrifbeskouing. *Die Kerkpad*. 7(1).
<http://www.home.mweb.co.za/ke/kerkpad/januarie2003/pers4.html> Ontsluit 10 Mei 2018.

Van der Merwe, J.P. 2008. Waardes as kultuuraspek van die Afrikaner. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 48(3):357-373.

Van der Merwe, J.P. 2009. Afrikaner values in post-Apartheid South Africa: An anthropological perspective. Bloemfontein: University of the Free State. (Thesis – PhD).

Van der Walt, T. 2007. The Messiah has come. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

Van der Walt, S. 2017. Woede, rassisme, grond op NUK se agenda. *Beeld*, 25 Maart.
<https://www.pressreader.com/south-africa/beeld/20170325/281689729640460> Datum van gebruik: 6 Sept. 2018.

Van Niekerk, A.A. 2000. Afrikanerskap: ten slotte of opnuut? Nabetractign van Andre du Toit se Die sondes van die vaders. *South African journal of philosophy*. 19(4):365-385.

Van Rensburg, F.J., De Klerk, B. J., De Wet, F.W., Lamprecht, A., Nel, M. & Vergeer, W. 2015. Conceiving a sermon: From exegesis to delivery. Pretoria: V&R Printing works (Pty)Ltd.

Venter, P M. 1988. Israel-Visie: destruksie of dekonstruksie? *Hervormde teologiese studies*. 44:514-539.

Waltke, B.K. 2007. An Old Testament theology. Grand Rapids: Zondervan.

Walvoord, J.F. & Zuck, R.B. 2002. The Bible knowledge commentary. Wheaton: Victor books.

Wiersbe, W.W. 1989. The Bible exposition commentary. Chicago : Moody Books.

Wilson, J. 1845. Our Israelitish origen. New York: Daniels and Smith.

Wilson, J. 1968. British Israelism. A revitalization movement in contemporary culture. *Archives de sociologie des religions*. 26:73-80.